

**DIE PROBLEME WAT GRAAD 7-LEERDERS VAN LANDELIKE  
SKOLE ERVAAR OM AAN SPORT DEEL TE NEEM**

**deur**

**ADAM PAUL FORTUIN**

**Tesis ter vervulling van die vereistes vir die graad**

**Magister Educationis**

**in die Fakulteit van Onderwys en Sosiale Wetenskappe**

**aan die**

**Kaapse Skiereilandse Universiteit vir Tegnologie**

**Studieleier: Dr. E. Jordaan**

**Wellington**

**Oktober 2010**

## VERKLARING

Ek, Adam Paul Fortuin, verklaar hiermee dat die inhoud van hierdie werk my eie is, en dat die tesis nie voorheen ingedien is vir akademiese eksaminering om enige kwalifikasies te bekom nie. Die opinies hierin vervat is my eie en nie noodwendig dié van die Kaapse Skiereilandse Universiteit van Tegnologie nie.

  
.....  
Geteken

.....  
2 Augustus 2011  
Datum

## **ABSTRAK**

Baie leerders in landelike primêre skole maak nie gebruik van die geleenthede wat bestaan, of deur skole geskep word vir sportdeelname nie. Soos die leerders ouer word en op skool vorder, word ook 'n kommerwakkende afname in die aantal leerders wat aan sport deelneem waargeneem. Hierdie leerders is nie noodwendig leerders wat nie oor die nodige talent of sportvermoëns beskik nie, maar neem bloot net nie meer deel nie.

Hierdie studie is daarop gefokus om die redes en probleme vas te stel, waarom, spesifiek graad 7-leerders van landelike skole, 'n afname in deelname toon of bloot sportdeelname staak. Die studie fokus nie net op deelname nie, maar op die effektiewe deelname aan sport. 'n Deeglike literatuurondersoek het aan die lig gebring dat daar hoofsaaklik drie oorsake is waarom deelname 'n afname toon of gestaak word, naamlik: belangstelling, voorafgaande struikelblokke en strukturele struikelblokke. Navorsing het verskeie probleme uitgelig waarom leerders of persone nie aan sport of fisiese aktiwiteite deelneem nie en stem ooreen met die redes vir afname in deelname wat in die ondersoek bevind is. Die literatuur toon ook dat kennis van sport nodig is vir effektiewe deelname daaraan.

Vraelyste is as instrument gebruik om inligting van graad 7-leerders, onderwysers en skoolhoofde te bekom. Die navorsingsperiode was gedurende Julie tot September in 2009. Die vraelyste is deur die navorsers persoonlik hanteer om 'n konsekwente benadering te verseker. Die inligting vanuit die vraelyste word deur middel van tabelle aangedui en ontleed.

Daar is in hierdie studie gevind dat die drie hoofoorsake soos deur die literatuur uitgewys, hoofsaaklik vir die staking of afname in deelname verantwoordelik is. Die belangstelling teenoor sport kwyn omdat leerders aantoon dat hulle onder andere net nie van sport hou nie en dat dit ook nie lekker is nie. Wat betref die voorafgaande struikelblokke voel die leerders dat hulle fisiek nie altyd daartoe in staat is nie omdat hulle nie die vermoë het nie of een of ander fisiese hindernis het. Veral die strukturele struikelblokke is as van die grootste faktore uitgewys en sluit faktore soos tydsaspekte, huislike en familie pligte, finansies en vervoer in. Aanbevelings rakende die bevindinge van die studie word in hoofstuk 5 uiteengesit.

## **ABSTRACT**

Many learners in rural primary schools do not use the opportunities which exist or which are being created by schools to participate in sport. As learners grow older and proceed through school, a tendency of diminishing numbers of sports participants is being observed. These are not necessarily learners who do not have any talent or sporting ability, they simply do not participate.

This study is focused on the reasons and problems why specifically grade seven learners of rural schools do not participate or have dwindling participating numbers. The study does not only focus on participation but also on effective participation. A thorough literature review has revealed that there are mainly three obstacles, namely: interest, embedded constraints and structural obstacles. Research has revealed several problems why learners do not participate in sport or physical activity. This supports the reasons for the diminishing number of participants which was found in the study. The literature also shows that knowledge of sport is needed for effective participation.

Questionnaires were used to gather information from grade seven learners, teachers and school principals. The research period was from July to September 2009. The questionnaires were handled personally by the researcher to ensure a consistent approach. The data from the questionnaires were analysed through the use of tables.

This study confirmed three main obstacles which were mentioned earlier as the reasons for the diminishing numbers of sport participants. The interest in sport is dwindling because learners indicated that they just don't like sport and that they do not enjoy it. With regard to the embedded constraints learners indicated that they are physically not always able because of a lack of potential and ability. The structural obstacles were the most common factors, such as time constraints, domestic and family responsibilities, finances and transport. Recommendations regarding this study are set out in Chapter Five.

## **DANKBETUIGINGS**

**My opregte dank en waardering aan die volgende partye:**

- Ons Hemelse Vader deur wie alles moontlik gemaak was.
- Dr. Erica Jordaan, my studieleier en mentor, vir haar leiding, advies, geduld en volgehoud motivering waarsonder hierdie werk nie die lig sou sien nie.
- Dr. Van der Merwe van die Kaapse Skiereilandse Universiteit van Tegnologie vir die taalversorging wat sy gratis gedoen het.
- Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) wat toestemming verleen het dat ek navorsing in die onderskeie skole mag onderneem.
- Die Skoolbeheerrade van die onderskeie skole waar die ondersoek gedoen is vir hul instemming.
- Alle leerders, onderwysers en skoolhoofde vir hul goedhartige deelname aan die studie.
- Die personeel van die M.J.L. Olivier Biblioteek van die Kaapse Skiereilandse Universiteit van Tegnologie, Wellington-Kampus, vir hul ondersteuning, gesindheid en behulpsaamheid.
- Die personeel van die J.S. Gericke Biblioteek van die Universiteit Stellenbosch vir hul ondersteuning, gesindheid en behulpsaamheid.
- Me. Cheryl Mc Kenzi vir die tik van die tesis en haar man Louis vir sy verdraagsaamheid tydens die afhandeling van die werk.
- My vrou, Jacqueline en kinders (Clint en Byron) vir hul liefde, aanmoediging, ondersteuning en verdraagsaamheid tydens my ure van studie.

## **OPGEDRA AAN:**

Hierdie studie word opgedra aan die leerders in landelike skole wat dikwels gemarginaliseerd staan t.o.v. sport en sportdeelname. Die hoop word uitgespreek dat hierdie studie 'n konstruktiewe bydrae sal lewer om hul omstandighede en toekomsvooruitsigte te verbeter.

## INHOUDSOPGawe

<b>Verklaring</b>	ii
<b>Abstrak</b>	iii
<b>Abstract</b>	iv
<b>Dankbetuigings</b>	v
<b>Opgedra aan</b>	vi
<b>Woordelys</b>	xi

### **HOOFSTUK EEN: INLEIDING EN AGTERGROND**

1.1	Inleiding	1
1.2	Probleem	3
1.3	Doel van studie	3
1.4	Beperkinge van die studie	3
1.5	Metodologie	4
1.5.1	Empiriese navorsing	4
1.6	Navorsingsverloop	5
1.7	Begripsverklarings	6
1.8	Etiese oorwegings	7

### **HOOFSTUK TWEE: PROFIEL VAN DIE GRAAD 7-LEERDER**

2.1	Inleiding	8
2.2	Die profiel van die graad 7-leerder	8
2.2.1	Fisieke ontwikkeling	8
2.2.1.1	Algemene fisieke ontwikkeling	8
2.2.1.2	Sielkundige effek van liggaamlike veranderinge	10
2.2.1.3	Motoriese ontwikkeling	11
2.2.2	Sosiale ontwikkeling	13
2.2.2.1	Die graad 7-leerder se verhouding met sy ouers	14
2.2.2.2	Die graad 7-leerder se verhouding met sy portuurgroep	15
2.2.2.3	Morele ontwikkeling	16
2.2.3	Persoonlikheidsontwikkeling	17
2.2.3.1	Erikson se teorie oor persoonlikheidsontwikkeling	18
2.2.3.2	Die selfkonsep	19
2.2.3.3	Emosionele ontwikkeling van die graad 7-leerder	19
2.2.4	Kognitiewe ontwikkeling	22

2.2.4.1	Piaget se teorie/perspektief	22
2.2.4.2	Die effek van kognitiewe ontwikkeling	23
2.2.4.3	Taalontwikkeling	24
2.2.5	Slotopmerking	24

## **HOOFSTUK DRIE: AFRIGTING, MOTIVERING EN WAARDE VAN SPORT**

3.1	Inleiding	26
3.2	Afrigting	26
3.2.1	Afrigtingsbeginsels	26
3.2.2	Afrigtingsteorie	27
3.3	Motiveringsteorieë	27
3.3.1	Selfeffektiwiteitsteorie	28
3.3.2	Doeoriëntasieteorie	28
3.3.3	Attribusieteorie	30
3.3.4	Prestasiebehoefteorie	31
3.4	Waarde van sport	32
3.5	Slotopmerking	34

## **HOOFSTUK VIER: NAVORSINGSONTWERP, DATA-AANBIEDING EN ONTLEDING**

4.1	Inleiding	35
4.2	Navorsingsprobleem	35
4.3	Navorsingsvraag	35
4.4	Navorsingsontwerp	35
4.5	Metodologie	36
4.5.1	Dieloodsondersoek	36
4.5.2	Navorsingsgroep	36
4.5.3	Samestelling van die vraelyste	37
4.5.3.1	Biografiese inligting	37
4.5.3.2	Sportbetrokkenheid	37
4.5.3.3	Probleme t.o.v. sportafrigting- en betrokkenheid	37
4.5.4	Keuse van skole	37
4.5.5	Toestemming	37
4.5.6	Data- aanbieding en ontleding	38
4.5.6.1	Vraelys aan leerders	38

4.5.6.2	Vraelys aan onderwysers	46
4.5.6.3	Vraelys aan skoolhoofde	52
4.5.7	Sportverslag 2005	59
4.6	Slotopmerking	61

## **HOOFSTUK VYF: BEVINDINGE EN AANBEVELINGS**

5.1	Inleiding	62
5.2.	Bevindinge	62
5.3.	Aanbevelings	63
5.4	Gebiede vir verdere navorsing	65
5.5.	Slot	65

<b>BIBLIOGRAFIE</b>	66
---------------------	----

## **LYS VAN TABELLE**

<b>Tabel 1.1:</b> Sosio-ekonomiese profiel van skole	2
<b>Tabel 4.1:</b> Skoolprofiel	36

## **Vraelys: Leerders**

<b>Tabel 4.2:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. ouderdom	38
<b>Tabel 4.3:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. geslag	38
<b>Tabel 4.4:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. televisiekwyktyd per dag	38
<b>Tabel 4.5:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. programvoorseure	39
<b>Tabel 4.6:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. sportdeelname	39
<b>Tabel 4.7:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. sportsoortdeelname	39
<b>Tabel 4.8:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. vorige sportdeelname	40
<b>Tabel 4.9:</b> Redes waarom leerders sportdeelname gestaak het	40
<b>Tabel 4.10:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. sportdeelname per graad	42
<b>Tabel 4.11:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. sportsoorte wat die meeste geniet word	42
<b>Tabel 4.12:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. oefendae	43
<b>Tabel 4.13:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. watter tyd van die dag oefeninge plaasvind	43
<b>Tabel 4.14:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. tydsduur van 'n oefening	43
<b>Tabel 4.15:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. hoe die leerder by oefeninge kom	44
<b>Tabel 4.16:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. wie die leerder tot by die oefening neem	44
<b>Tabel 4.17:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. watter dae wedstryde plaasvind	44
<b>Tabel 4.18:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. hoeveel sportsoorte 'n leerder aan deelneem	44
<b>Tabel 4.19:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. ouer se bywoning van wedstryde	45
<b>Tabel 4.20:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. moeilikhede m.b.t. sportdeelname	45
<b>Tabel 4.21:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. óf die leerder 'n sportheld het of nie	45

## Vraelys: Onderwysers

<b>Tabel 4.22:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. die jare diens	46
<b>Tabel 4.23:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. die geslag	46
<b>Tabel 4.24:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. die tipe betrokkenheid	46
<b>Tabel 4.25:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. jare van skolesport betrokkenheid	47
<b>Tabel 4.26:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. jare van skolesport-afrigting betrokkenheid	47
<b>Tabel 4.27:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. kennis m.b.t. sportafrigting	47
<b>Tabel 4.28:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. formele opleiding in sportafrigting	47
<b>Tabel 4.29:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. geslag van sportdeelnemers	48
<b>Tabel 4.30:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. watter geslag die meeste by sport betrokke is	48
<b>Tabel 4.31:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. leerders se finansiële verpligtinge	48
<b>Tabel 4.32:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. die skool se bydrae tot deelname	48
<b>Tabel 4.33:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. ekstra finansiële verpligtinge vir vervoer na wedstryde	49
<b>Tabel 4.34:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. geskikte fasiliteite	49
<b>Tabel 4.35:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. genoegsame toerusting	49
<b>Tabel 4.36:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. deelname aan winter- en somersport	49
<b>Tabel 4.37:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. oefendae	50
<b>Tabel 4.38:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. die finansiële toekenning	50
<b>Tabel 4.39:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. die tyd wat aan sport afgestaan word	50
<b>Tabel 4.40:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. die gesiktheid van oefentye	50
<b>Tabel 4.41:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. ouerbetrokkenheid by sport	51
<b>Tabel 4.42:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. die SBS se betrokkenheid by sportbedrywighede	51
<b>Tabel 4.43:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. Boland USSASSA se rol in sportbevordering	51
<b>Tabel 4.44:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. die WKOD se rol in die bevordering van sportdeelname	51
<b>Tabel 4.45:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. die WKOD se rol in bevordering van sportdeelname by eie skool	52

## Vraelys: Skoolhoofde

<b>Tabel 4.46:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. die jare diens in die onderwys	52
<b>Tabel 4.47:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. die jare diens as skoolhoof	52
<b>Tabel 4.48:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. die geslag	52
<b>Tabel 4.49:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. sportafrigting	53
<b>Tabel 4.50:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. die gebruik van onderwysers as afrigters	53
<b>Tabel 4.51:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. die tipe betrokkenheid by sport	53
<b>Tabel 4.52:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. jare van betrokkenheid by skolesport	53
<b>Tabel 4.53:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. jare betrokkenheid by skolesportafrigting	54
<b>Tabel 4.54:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. genoegsaamheid van kennis in sportafrigting	54
<b>Tabel 4.55:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. formele opleiding in afrigting	54
<b>Tabel 4.56:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. of die skool jaarliks vir sport begroot	54
<b>Tabel 4.57:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. die finansiële bronne van skoolsport	55
<b>Tabel 4.58:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. persentasie van totale begroting aan sport	55
<b>Tabel 4.59:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. watter uitgawes deur sportbegroting gedek word	55
<b>Tabel 4.60:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. of leerders betaal om aan sport deel te neem	55
<b>Tabel 4.61:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. waarvoor leerders se finansiële bydrae benodig word	56

<b>Tabel 4.62:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. of die skool alles bydra tot die sport	56
<b>Tabel 4.63:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. of ekstra finansiële verpligtinge vir vervoer na wedstryde nodig is	56
<b>Tabel 4.64:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. geskikte oefengeriewe	56
<b>Tabel 4.65:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. genoegsaamheid van toerusting	57
<b>Tabel 4.66:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. siening van finansiële verantwoordelikheid	57
<b>Tabel 4.67:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. watter sportsoorte die meeste deelnemers trek	57
<b>Tabel 4.68:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. of die finansiële toekenning vir sport voldoende is	57
<b>Tabel 4.69:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. of die tyd afgestaan aan sport genoegsaam is	58
<b>Tabel 4.70:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. of die sport op gesikte tye plaasvind	58
<b>Tabel 4.71:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. ouerbetrokkenheid	58
<b>Tabel 4.72:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. SBS se betrokkenheid	58
<b>Tabel 4.73:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. siening oor Boland USSASSA se rol	58
<b>Tabel 4.74:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. siening oor die WKOD se rol	59
<b>Tabel 4.75:</b> Frekwensieverspreiding t.o.v. siening van die WKOD se rol in eie skool	59

## Sportverslag (2005)

<b>Tabel 4.76:</b> Redes vir geen deelname	59
<b>Tabel 4.77:</b> Motivering vir sport deelname	60
<b>Tabel 4.78:</b> Het jou ouers aan sport deelgeneem?	60

## BYLAE

<b>Bylæ A:</b> Aansoekbrief aan die WKOD	74
<b>Bylæ B:</b> Toestemmingsbrief ontvang van die WKOD	76
<b>Bylæ C:</b> Aansoekbrief aan die Skoolbeheerliggaam	77
<b>Bylæ D:</b> Vraelys aan die graad 7-leerders	79
<b>Bylæ E:</b> Vraelys aan die Onderwysers	83
<b>Bylæ F:</b> Vraelys aan die Skoolhoofde	86

## WOORDELYS

• <b>SSMPP</b> - School Sport Mass Participation Program [Skool Sport Massa Deelname Program]	xi
• <b>WKOD</b> - Wes-Kaapse Onderwysdepartement	xi
• <b>MBK</b> - Menslike Bewegingskunde	xi
• <b>SBS</b> - Skool Bestuurspan	xi
• <b>USSASA</b> - United School Sport Association of South Africa	xi
• <b>SOBIS</b> - Sentrale Onderwys Bestuur en Inligtingstelsel	xi

(Om verwysings te vergemaklik, word daar in die navorsing verwys na hy of syne. In alle gevalle geld sodanige verwysing na beide geslagte, behalwe met verwysing na spesifieke leerders.)

# **HOOFSTUK EEN**

## **INLEIDING EN AGTERGROND**

### **1.1 Inleiding**

In die aanhef tot die Grondwet van Suid-Afrika word verklaar dat een van die doelstellings daarvan is: die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en om die potensiaal van elke mens te ontsluit word (South Africa, 1996b:1243). Een van die grondbeginsels van Uitkomsgebaseerde onderrig stelsel in Suid-Afrika behels die ontwikkeling van elke leerder tot sy volle potensiaal. Om hierdie beginsel ook t.o.v. sporttalent uit te leef, is 'n ondersoek na die probleme wat leerders in landelike skole t.o.v. sportdeelname ervaar, relevant. Indien leerders se sporttalent en deelname aan sport maksimaal benut word, kan dit bydra tot burgers wat hulle plekke in die samelewning kan volstaan, gesien in die lig van die opvoedkundige waarde van sport.

Tegnologie en die rekenaarrevolusie het 'n groot uitwerking op die lewe van die mens gehad (Brady, 1998:237). Leerders spandeer ure voor televisies en/of rekenaars. Daar is 'n direkte verband tussen die afname in fisiese aktiwiteit en die aantal ure wat leerders televisie kyk. 'n Studie in Amerika het getoon dat kinders gemiddeld drie tot vier uur per dag televisie kyk en wanneer hulle hul skoolloopbaan voltooi het, in baie gevalle meer tyd voor die televisie as in die klaskamer deurgebring het. Die studie het ook aangetoon dat dit onder andere hul deelname aan aktiwiteite beïnvloed (Anon, 2001:1). Die gebrek aan oefening a.g.v. die lang ure wat voor die televisie deurgebring word, gee ook aanleiding tot oorgewig by leerders (Anon, 2010:1). Reeds in 1999 het 'n studie getoon dat die Westerse kind gemiddeld 25 ure per week televisie kyk en nog 'n verdere 15 uur oor naweke (Nel, 1999a:4; 2002d:1).

Die teendeel is egter ook waar. Sommige leerders het nie rekenaars of toegang tot televisies nie, maar is ook nie noodwendig aktief nie. Baie leerders neem ook nie meer aan sport deel nie en 'n dalende tendens in die jeug se fisiese aktiwiteitsvlakke en sportdeelname kom in vele lande voor (Stern *et al.*, 1990, Weiss, 1993 in Coetzee, *et al.*, 2004:1; Le Menestrel & Perkins, 2007:14). Die voordele van deelname in fisiese aktiwiteite is goed gedokumenteer, (Brady 1998:235; Bailey 2006:397; Le Menestrel & Perkins 2007:15) en sal in Hoofstuk 3 verder bespreek word. Dit sluit onder ander die opbou van 'n sterk beenstruktuur en gesonde spiere, die vermindering van die risiko's van kroniese siektes soos hartprobleme en diabetes, die vermindering van die kans op oorgewig en die vermindering van gevoelens soos angs, depressie en hopeloosheid in (Brady, 1998:235; Le Menestrel & Perkins, 2007:15).

As opvoeder by landelike skole vir die afgelope 19 jaar, het die navorsers waargeneem dat talentvolle leerders in verskeie sportsoorte nie die geleentheid het of die geleenthede wat wel bestaan, genoegsaam benut om hul talente in sport te ontwikkel nie. Verder het die navorseer ook waargeneem dat die prestasies en vordering van hierdie leerders in georganiseerde skoolsport, dikwels gebrekkig is.

Die regering is ook bewus van die probleme ten opsigte van skolesport in Suid-Afrika en stel in Mei 2010 'n bestuursplan vir skolesport in die vooruitsig. 'n Gedeelte van die plan behels om die verantwoordelikheid vir sport meer op die skouers van onderwysers te plaas en word daar verwag dat elke skool minstens twee sportsoorte per kwartaal vir seuns en meisies moet aanbied (Smith, 2010:2). Die onderstaande tabel 1.1 verskaf 'n opsomming van 'n studie wat in 2008 deur die Universiteit van Johannesburg onderneem is, om die besteding per kind per jaar tussen arm en ryk skole t.o.v. sport in Suid-Afrika weer te gee (South Africa, 2010c:5).

**Tabel 1.1: Sosio-ekonomiese profiel van skole: (South Africa 2010c:5)**

Sosio-ekonomiese profiel van skole (2008 SSMPP "Baseline Study" Universiteit van Johannesburg)					
Tipe skool (Rangorde volgens inkomste)	Getal leerders	Totale skoolbegroting	Dept. van Onderwys	Sportbegroting (% van skoolbegroting)	Sportbegroting R- per leerder
Hoë inkomste	620	R7.1m	R25 000	R495 000 (6,9%)	R798.38
Hoger inkomste	1141	R2.67m	R140 000	R218 000 (8,2%)	R191.06
Hoë-middel inkomste	627	R4.5m	R95 000	R111 000 (2,5%)	R177.03
Lae inkomste township-skool	1271	R556 000	R556 000	R15 000 (2,6%)	R118.00
Laer inkomste township-skool	1092	R702 000	R702 000	R18 000 (2,6%)	R16.48
Lae inkomste Landelike skool	781	R349 000	R349 000	R10 000 (2,9%)	R12.80
Lae inkomste plaasskole	843	R515 916	R142 000	R6000 (1,2%)	R7.10

Tabel 1.1 toon dat arm skole, veral dié op die plase se jaarlikse begroting vir sport per leerder maar 'n skamele R7.10 is. Die leerders in hoë-inkomsteskole, ontvang ongeveer R800 per leerder.

Hierdie studie fokus veral val op die effektiewe deelname of die gebrek aan sportdeelname van die graad 7-leerders in landelike skole en verder ook op die voordele wat sportdeelname vir hierdie leerder

Hierdie studie fokus veral val op die effektiewe deelname of die gebrek aan sportdeelname van die graad 7-leerders in landelike skole en verder ook op die voordele wat sportdeelname vir hierdie leerder in die landelike skole kan inhoud. Met effektiewe deelname word in hierdie studie bedoel die deurlopende deelname van die graad 7-leerder aan verskillende sportsoorte gedurende die jaar soos vasgestel deur sportfederasies (in hierdie geval Boland Skolesport Assosiasie) met resultate wat kan wissel van slegs die verteenwoordiging van die skool tot en met verteenwoordiging op nasionalevlak binne een of meer sportsoorte waaraan deelgeneem word. Effektiewe deelname dui ook op korrekte afrigtingsmetodes wat daar toe kan bydra dat leerders hul volle potensiaal in die sportsoort sal bereik.

Die studie vind sy oorsprong in die waarneming deur die navorser van sportdeelname van graad 7-leerders in landelike skole.

### **1.2 Probleemstelling**

In die lig van die voorafgaande bespreking kan die probleem soos volg geformuleer word:

Die afname en gebrek aan belangstelling en effektiewe deelname aan sport deur graad 7-leerders in landelike skole in Wellington, geleë in die Wynlandomgewing van die Wes-Kaapprovincie in Suid-Afrika.

### **1.3 Doel van studie**

In die lig van die geïdentifiseerde probleem is hierdie ondersoek daarop gemik om:

- Om effektiewe sportdeelname van graad 7-leerders in landelike gebiede te bepaal
- Om waarde en voordele van sportdeelname uit te lig
- Om faktore wat effektiewe deelname aan sport beïnvloed, te identifiseer
- Om aanbevelings te maak oor hoe sportdeelname van spesifieke graad 7-leerders, verbeter kan word.

### **1.4 Beperkinge van die studie**

Die navorsing is beperk tot ses landelike skole in die Wellington-Wynlandomgewing en fokus slegs op die graad 7-leerder se sportdeelname. Sou probleemareas in die aanbieding en effektiewe sportdeelname geïdentifiseer word, sal van die veronderstelling uitgegaan word dat die inligting aan die skole bekendgemaak moet word en moontlike aanbevelings gemaak word om die probleem aan te spreek. Landelike skole in ander gebiede sal egter nie direk die aanbevelings ontvang nie. Dit was ook moeilik om inligting van ouers te bekom aangesien hulle moeilik bereikbaar is en a.g.v. werksverpligte nie geradelik beskikbaar is nie.

## **1.5 Metodologie**

In hierdie studie het die literatuurstudie as verwysingsraamwerk gedien vir die empiriese ondersoek, met die oog op die ontwerp van vraelyste aan leerders, onderwysers en skoolhoofde. Die vraelyste is persoonlik deur die navorser hanteer ten einde 'n konsekwente benadering te verseker. Vraelyste is vir leerders, onderwysers en skoolhoofde opgestel. Toestemming is van die WKOD verkry (Bylae B) voordat die vraelyste ingeval is. Die empiriese studie word in hoofstuk 4 verder in detail bespreek.

### **1.5.1 Empiriese navorsing**

In die studie is van vraelyste gebruik gemaak aangesien dit die beste metode vir die navorser was en wel om die volgende redes na aanleiding van Gillham, (2000:6) se bespreking van die voordele van 'n vraelys:

- Dit bespaar tyd en geld
- Vergemaklik die insameling van data vanaf baie mense. Alle respondentie in die skool kon tegelykertyd hul vraelyste voltooi
- Analisering van antwoorde van geslote vrae is eenvoudig
- Anonimitet van respondent word makliker verseker
- Verminder die vooroordele van die navorser
- Standaardisering van vragen kan toegepas word.

Die vraelyste is opgestel in ooreenstemming met die sienswyse van Crawford *et al.*, in Coetzee *et al.*, (2004:2) ten opsigte van struikelblokke of probleme m.b.t. deelname aan sport. Die volgende drie oorsake word deur die skrywers uitgelig:

- gebrek aan belangstelling
- voorafgaande struikelblokke
- strukturele of ingrypende struikelblokke.

Volgens Crawford *et al.*, in Coetzee *et al.*, (2004:2) is hierdie oorsake interverwant en interafhanglik en beïnvloed die aktiwiteitsvlakke in verskillende stadiums van deelname. Gebrek aan belangstelling kan deelname verhinder, maar die antisipering van struikelblokke kan ook veroorsaak dat leerders nie deelneem nie of deelname staak.

Coetzee *et al.*, (2004:2) verdeel die voorafgaande struikelblokke soos volg:

- intrapersoonlike struikelblokke
- interpersoonlike struikelblokke
- strukturele struikelblokke.

Coetzee *et al.*, (2004:2) beskryf intrapersoonlike faktore as die persoon se psigologiese eienskappe en kenmerke wat die keuse van deelname beïnvloed. Die term "psigogologiese status" word gebruik wat die keuse van of geen deelname aan aktiwiteit verklaar, byvoorbeeld 'n gebrek aan selfmotivering, angs, persoonlike gesondheidsredes, familie en sosiale verwagtings. Hy is verder ook van mening dat houding teenoor aktiwiteit 'n rol speel. Houdingsbeperkings verwys, volgens hom, na wanopvattingse rakende faktore wat deelname verhinder, byvoorbeeld 'n persoon se persepsie van sy vaardigheid in die sportsoort. Sosiaal-kulturele faktore kan ook deelname beperk en dit verwys na beperkings wat verband hou met ras, sosio-ekonomiese en kulturele faktore. Gesondheidsbeperkings soos swak gesondheid en fisiese onaktiwiteit sal ook direk deelname negatief beïnvloed (Coetzee *et al.*, 2004:2).

"Interpersoonlike faktore" word beskryf as die struikelblokke wat na vore tree nadat 'n persoon oor deelname aan 'n spesifieke aktiwiteit besluit het en voordat die persoon aktief aan hierdie aktiwiteit begin deelneem. Sosiale interaksie met familie en vriende en ander persone soos onderwysers speel hier 'n belangrike rol. Die oorsprong van hierdie hindernis is gewoonlik konflik, byvoorbeeld om nie 'n gesikte maat te kan kry om mee saam deel te neem nie (Coetzee *et al.*, 2004:2).

Die strukturele of ingrypende struikelblokke – soos interpersoonlike faktore – kom ook na vore nadat die keuse van aktiwiteit gemaak is, en is die mees algemene struikelblokke wat deelname of aktiwiteitsvlakte beïnvloed. Daar word tussen interne en eksterne struikelblokke onderskei. 'n Interne struikelblok is byvoorbeeld die belangstelling in 'n aktiwiteit. Eksterne struikelblokke is gewoonlik dié wat ontstaan a.g.v. fisiese omstandighede wat fasilitet-, hulpbron- en diensgedrewe is. Voorbeeld hiervan is gesinsverpligtinge, 'n gebrek aan tyd, finansies en toegang tot fasiliteite (Coetzee *et al.*, 2004:2).

### **1.6 Navorsingsverloop**

Hierdie studie bestaan uit vyf hoofstukke. Hoofstuk 1 bevat 'n inleiding tot die studie en word die probleem ten opsigte van sportdeelname vir graad 7- leerders van landelike skole gestel

In hoofstuk 2 word 'n ondersoek van tersaaklike literatuur gedoen en word hoofsaaklik gefokus op die profiel van die graad 7-leerder en sluit die beskrywings van die fisiese, sosiale, emosionele, morele en kognitiewe ontwikkeling in.

In hoofstuk 3 word afrigtingsteorieë en -beginsels, motiveringsteorieë, motoriese komponente en die waarde van sport, bestudeer.

In hoofstuk 4 word die navorsingsmetodologie wat in hierdie studie aangewend word, bespreek. Die empiriese ondersoek word verduidelik en die navorsingsprobleem, navorsingsvraag en teikengroep bespreek. Data word in tabelvorm aangebied en ontleed.

In hoofstuk 5 word die bevindinge en aanbevelings van die ondersoek uiteengesit.

### **1.7 Begripsverklarings**

Elke vakrigting en studieveld beskik oor terminologie wat eie is daaraan. Dit is ook die geval in die sport - en motoriese veld. Die volgende terme soos van toepassing in hierdie studie word kortliks omskryf,

**Landelike skole:** Hierdie term verwys na skole wat voorheen as plaasskole bekend gestaan het en wat soos die term aandui, op plase geleë is. Die skole was voorheen ook onder die plaaseienaars se bestuurskap, maar word tans onder die SA Skolewet hanteer. Die grond waarop die skool gebou is, behoort in baie gevalle nog steeds aan die plaaseienaar. Die staat is tans besig om baie skole se grond van die eienaars te koop om die skool in geheel onder die beheer van die staat te plaas.

**Graad 7-leerder:** Hier word verwys na leerders wat gedurende die afhandeling van die studie en spesifiek tydens die afneem van vraelyste, in graad 7 op die skool was. Die leerders is ongeveer 12-13 jaar oud. Dit is nou graad 7 wat in die Algemene Onderwys en Opleiding Band (AOO) volgens die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie Owerheid (SAQA) wat onder die SA Skolewet resorteer, val.

**Wynland:** Die omgewing wat onder Wellington in die Wes-Kaapprovincie van Suid-Afrika resorteer, en wat as die Wynlandstreek bekend staan.

**Proprioceptiewe sisteem:** Dit verwys na die bewuswees van sensoriese impulse wat van die reseptore in die spiere, gewrigte, vel, tendons en die spierweefsels afkomstig is. Die voorvoegsel proprio verwys na informasie wat enige tipe van statiese posisie of dinamiese beweging van die menslike liggaam insluit. Die senuweepunte verskaf inligting rakende liggaamsposisie, spieronus en drukking aan die sentrale senustelsel (Murray-Slutsky & Paris, 2000:172).

**Vestibulêre sisteem:** Die vestibulêre sisteem of die balanssintuig is geleë in die binne-oor. Een van die belangrikste funksies van die vestibulêre sisteem is om die oogbewegings met dié van die kop te koördineer. Dit lig die senustelsel van die mens in rakende sy verhouding tot swaartekrag en dus die handhawing van ewewig wat deur spieronus bepaal word. Spieronus word gesien as deurlopende spieraktiwiteit binne die spier, wat normaal, hipotonies (laag) of hipertonus (hoog) kan wees (Cheatum & Hammond, 2000:143,149).

**Perseptueel-motoriese prosesse:** Hier word verwys na die brein se vermoë tot seleksie, organisasie en interpretasie van sintuiglike indrukke wat van gehoor, gesig, tas, reuk en die kinestetiese reseptore verkry word. Dit behels die ontwikkeling van liggaamsbewustheid en ruimtelike oriëntasie (Krüger, 2002:11)

**Grootmotoriek:** Dit verwys na die geïntegreerde beheerde funksionering van die hoof spiergroepes met visuele persepsie.

**Fynmotoriek:** Dit behels die geïntegreerde samewerking van die kleiner spiergroepes in samewerking met visuele persepsie.

### **1.8 Etiese oorwegings**

Verlof moes van die volgende instansies verkry word:

- Kaapse Skiereilandse Universiteit van Tegnologie
- Wes-Kaap Onderwysdepartement (Bylae A); en
- Skoolbeheerliggame (Bylae C) van die onderskeie skole

Deelname aan hierdie navorsing was vrywillig. Verder word geen spesifieke name nie in die verwerking van die respondent se kommentaar gebruik nie. Die opsomming van die bevindinge en aanbevelings sal slegs in die algemeen gefokus wees.

## **HOOFSTUK TWEE**

### **PROFIEL VAN DIE GRAAD 7-LEERDER**

#### **2.1 Inleiding**

Hoofstuk een skets en verskaf 'n oorsig oor die probleem m.b.t. sportdeelname van graad 7-leerders in landelike skole in die Kaapse Wynlandstreek. In hierdie hoofstuk word hoofsaaklik gefokus op die graad 7-leerder se profiel m.b.t. fisieke, sosiale, persoonlike, emosionele, morele en kognitiewe ontwikkeling en hoe dit sy deelname aan sport kan affekteer.

#### **2.2 Die profiel van die graad 7 - leerder**

Die skool toelatingsouderdom in Suid-Afrika vereis dat leerders ses jaar oud is en sewe jaar oud word in graad 1. Dit het tot gevolg dat die gemiddelde ouderdom van 'n graad 7- leerder in Suid-Afrika 13 jaar is (South Africa, 1996a:3). Afhangende van biologiese en sosio-kulturele faktore, asook individuele verskille, wissel die ouderdom waarop adolessensie as afsonderlike ontwikkelingstadium begin van 11 tot 13 jaar, terwyl die ouderdom waarop dit eindig tussen 17 en 21 jaar is (Louw & Louw, 2007:279). Hierdie fase kan egter nie so maklik afgebaken word nie (Dacey & Kenny, 1997:23; Louw & Louw, 2007:279). Die ouderdom van 13 jaar kom dus voor binne die aanvang van die adolessensie-tydperk, wat ook as puberteit bekend staan (Berger, 2006:432). Die aanvang van puberteit verskil baie van persoon tot persoon. Vir meisies is die begin van puberteit gewoonlik twee jaar vroeër as by seuns (Bukatko & Daehler, 2004:167). Die puberteitsfase is ook die fase waartydens seksuele ryph wording plaasvind en word beskou as een van die mees dramatiese gebeurtenisse in menslike ontwikkeling (Louw & Louw, 2007:283).

##### **2.2.1 Fisieke ontwikkeling**

###### **2.2.1.1 Algemene fisieke ontwikkeling**

Die adolessent is baie bewus van sy of haar fisieke voorkoms en is sensitief vir dit wat sy voorkoms en dus liggaamlike beeld, affekteer. Fisieke ontwikkeling sluit liggaamlike en seksuele ontwikkeling in. Alhoewel liggaamlike groei vanaf geboorte plaasvind, is dit eers tydens adolessensie dat daar dramatiese groei plaasvind. Louw (2007:279) beskryf adolessensie as: " 'n stadium wat in die biologie begin en in die samelewing eindig" wat daarop wys hoe kompleks die stadium is. Die fisieke ontwikkeling van die leerder verwys binne hierdie navorsingsverband veral na dievlak van bereikte groei. Groei kan beskou word as 'n kwantitatiewe vermeerdering in die grootte van die liggaam a.g.v. biologiese eenhede wat vergroot (Bukatko & Daehler, 2004:167). Namate die leerder ouer word, word die bene langer en die spiere groter (Lefrancois, 1995:508; Louw & Louw, 2007:283). Die liggaamsdele groei vinnig en die groeitempo is verskillend vir verskillende liggaamsdele.

Hierdie verskil in groeitempo tussen die verskillende liggaamsdele staan as asynchronie bekend (Cole *et al.*, 2005:583; Louw & Louw, 2007:283). Die liggaamlike groei verskil ook tussen meisies en seuns ten opsigte van hul massa. Op 11-jarige ouderdom is seuns langer en swaarder as meisies, maar op 13-jarige ouderdom is meisies langer en swaarder as seuns en op ongeveer 16 jaar is seuns weer langer en swaarder as meisies (Gouws, Kruger & Burger, 2000: 13).

Liggaamlike groei en ontwikkeling beïnvloed sportdeelname (Weisfeld in Cole *et al.*, 2005:584) en oefening het weer 'n direkte invloed op groei en ontwikkeling. Rogal, *et al.*, (2000:525-527) is van mening dat oefening en gesonde eetgewoontes die twee grootste faktore is wat groei beïnvloed. Ook Malina (in Thomas, 1984:20) het reeds so vroeg as 1984 die belangrikheid van fisiese aktiwiteit vir fisiese ontwikkeling beklemtoon. Die leerder se fisiese ontwikkeling kan bevorder of vertraag word deur fisiese aktiwiteit (Sandford *et al.*, 2006:251). Gedurende hierdie tydperk beleef veral seuns hul liggaamlike krag en vitaliteit sterker as enige ander tydperk (Louw *et al.*, 1998:394). Meisies sal beter as seuns vaar in aktiwiteite wat beheersdheid, akkuraatheid en ritme vereis, terwyl seuns weer a.g.v. hul fisiese groei, beter sal vaar in aktiwiteite wat krag vereis (Pieterse, 1991:85, Jordaan, 2008:13).

Die tweede aspek wat belangrik is in die ontwikkelingsfas is seksuele ontwikkeling. Die puberteitsfase is ook die aanvang van seksuele rypwording, wat by meisies en seuns aangedui word deur die vergroting van die geslagsorgane en die uiteindelike gereedheid vir voortplanting deur beide geslagte (Cole *et al.*, 2005:585). Die duidelikste aanduiding van seksuele rypwording by dogters is die menarg of ook genoem die eerste menstruasie. By seuns word seksuele rypwording van die geslagsorgane aangedui deur die eerste semenarg, ook bekend as die eerste saadstorting of seminale emissie (Cole *et al.*, 2005:585). Louw en Louw (2007:284) beklemtoon ook die rol wat aktiwiteite in die aanvang van puberteit speel, bv. die moontlikheid dat meisies wat aan strawwe liggaamlike aktiwiteite deelneem (bv. atletiek) eers op 'n latere gereelde basis begin menstrueer. Hulle noem ook dat ander omgewingsfaktore, soos voeding en stres, die aanvang van puberteit kan beïnvloed.

Liggaamlike ontwikkeling en verskille m.b.t. hierdie ontwikkeling, kan belangrike emosionele en sosiale implikasies vir graad 7-leerders inhou, veral m.b.t. deelname aan sport waar fisiese krag en ontwikkeling 'n groot rol in sukses en mislukking speel. Liggaamlike ontwikkeling sal ook sosiale en persoonlikheidsontwikkeling beïnvloed (Louw & Louw 2007:284).

### **2.2.1.2 Sielkundige effek van liggaamlike veranderinge**

Een van die mees algemeen aanvaarde aspekte m.b.t. die sielkundige effekte van fisiese groei by adolessente, is dat hulle 'n baie groot selfbewustheid veral t.o.v. hul liggaamlike veranderinge toon (Berger, 2006:431, Louw & Louw, 2007:285). Aanvaarding van liggaamlike veranderinge, is volgens Louw *et al.* (1998:397) nie maklik nie, en kan soms die adolessent in die verleentheid stel. Voorbeeld van sulke ongemaklike situasies is bv. die seun se stem wat skielik tydens gesprekke begin piep en

kraak en in die geval van meisies weer die skielike gewigstoename. Die asynchroniese groei van liggaamsdele is ook soms 'n rede tot kommer of verleenheid vir adolessente, want dit gaan baie keer gepaard met 'n lomp- en ongekoördineerdheid wat voorkom (Lefrancois, 1995:508; Louw & Louw 1998:394; Cole *et al.*, 2005:583).

Seksuele rypwording, wat ook 'n belangrike liggaamlike verandering is wat tydens puberteit plaasvind, word verder gekenmerk deur die vrystelling van hormone binne die liggaam wat volgens Malina in Berger (2006:433) 'n groot invloed op emosies en gemoedstoestande het. Volgens Harwood, Miller en Vasta (2008:204) word die aanvang van puberteit onder andere ook deur fisiese gesondheid beïnvloed. Sportdeelname kan 'n belangrike rol speel om die adolessent te help om die veranderinge te verwerk (Brady, 1998:2).

Vroeë en laat rypwording by seuns en dogters kom ook voor en hou sekere voordele en nadele vir seuns en dogters respektiewelik in. Seuns wat vroeër ryp word, toon oor die algemeen 'n groter selfbeheersheid, blyk meer effektief, selfversekerd en nugter te wees en beskik oor 'n beter liggaamsbeeld en groter selfagting (Harwood *et al.*, 2008:205). Hulle word dan ook bepaald meer tot leierskaprolle verkies en vaar ook oor die algemeen beter in sport (Louw & Louw, 2007:285). Seuns wat egter laat ryp word, word in 'n meer negatiewe lig ervaar en het dikwels 'n groter behoefte aan aanmoediging en simpatie. Hulle ervaar ook meer skuldgevoelens, minderwaardigheid, depressie en verwerping (Harwood *et al.*, 2008:205). Dit kan dus afgelei word dat die stadium van rypwording ook 'n invloed op die sportdeelname van seuns sal hê.

Vir meisies is vroeë rypwording egter 'n groter probleem omdat hulle dikwels nie veel in gemeen met hul portuurgroep het nie. Dit kan tot sosiale isolasie lei, wat sportdeelname dus negatief kan raak (Harwood *et al.*, 2008:205). Meisies wat laat ryp word, word egter gesien as aantreklik en gewilder en het dan ook 'n meer positiewe liggaamsbeeld wat ook positief vir sportdeelname kan wees.

Vroeë adolessensie of puberteit, gaan ook saam met die opneem van die adolessent (veral die seuns en dogters wat vroeg ryp word) in 'n breër sfeer van die sosiale samelewning. Dit gaan gepaard met verhoogde verantwoordelikhede en hoër verwagtinge t.o.v. prestasie, gekoppel aan nuwe moontlikhede vir onafhanklike besluitneming en andersoortige druk (Bukatko & Daehler, 2004:182-183). 'n Afleiding wat hieruit gemaak kan word is dat sommige adolessente liefs hulself ontrek aan sosiale interaksie omdat hulle dalk onwillig kan wees om die risiko te loop om weerloos te wees, wat met die deurmekaar gevoelens van die verandering in fisiese-, sosiale- en persoonlike groei gepaardgaan. Die afleiding kan ook gemaak word dat hulle ook nie aan sport a.g.v. voorgenoemde sal wil deelneem nie.

### **2.2.1.3 Motoriese ontwikkeling**

Die term "motories" in die konteks van menslike beweging, verwys na aspekte wat spierbeweging insluit of daaraan verwant is (William *et al.*, in Jordaan, 2006:7). Motoriese ontwikkeling is volgens William *et al.*, (in Jordaan, 2006:8) die verkenning van die veranderinge wat gepaardgaan met menslike bewegings wat voorkom tydens 'n persoon se lewensfases. Motoriek is die proses wat beweging in die brein beplan voordat dit uitgevoer word. Volgens Nel (1999a:8), is dit 'n komplekse reeks aksies wat lei tot die uitvoering van 'n aktiwiteit. Die brein kry opdrag om 'n beweging uit te voer en 'n afskrif van die opdrag word in die brein gestoor, terwyl die oorspronklike opdrag om 'n beweging uit te voer, aan die spierstelsel via die sensoriese sisteem gestuur word om te bepaal watter spiere by 'n spesifieke aksie betrokke is. Die leerder kry ook via die sintuie (ouditief, visueel en takties) inligting en 'n sein word na die brein gestuur. Die beweging word uitgevoer en deur 'n proses word daar ook geëvalueer hoe suksesvol die beweging uitgevoer is (Viljoen, 2009:23). Indien 'n leerder nie 'n beweging kan doen nie, kan dit deur geskikte motoriese aktiwiteite reggestel word. Motoriese leer en motoriese gedrag verwys volgens Nel (1999a:8) dan ook na die beoordeling van bewegings. Motoriese vaardighede ontwikkel nie vanself nie, maar dit ontwikkel en verbeter deur aktief te wees. Daar word beweer dat die effektiewe beheer oor motoriek tot effektiewe leer deur beweging lei, wat 'n veranderlike in alle leerprosesse is (Viljoen, 2009:23). Daarom moet alle leerders beweeg om effektief te kan leer (Nel, 1999a:3). Motoriese ontwikkeling is dus ook belangrik vir die graad 7-leerder, veral ten opsigte van sy effektiewe deelname aan sport. Indien die leerder nie aktief is nie, kan motoriese ontwikkeling skade ly.

Nel (1999a:8) verduidelik verder dat:

- Motoriek wys in die eerste plek op die uitvoering en beheer van 'n beweging, die aanleer van bewegings, die vermoë en vaardigheid tot uitvoering en bewegingsontwikkeling en verbetering.
- Motoriek word gesien as 'n mechanisme in die brein wat 'n beweging beplan voordat dit uitgevoer word. Daar is derhalwe direk sprake van motoriese leer wat wys op inligting, oefening en herhaling vanaf die perceptuele, naamlik die visuele, ouditieve (gehoor), taktiele en kinetiese en proprioceptiewe.
- Dit verwys derhalwe na die totale liggaam en bewegingsbeheer, wat die volgende breinprosesse omsluit, nl.:
  - betekenisgewing van wat om te doen (perceptueel);
  - beplanningsfase in die brein om die beweging uit te voer en die uitvoering van die vaardigheid (sensorsies).

Die volgende faktore (Nel, 2001c:2) speel 'n rol in die praktiese uitvoering van die leerder se motoriese vaardighede:

- Fisieke gesiktheid van die leerder
- Motoriese vaardigheidsvermoë van die leerder
- Ouderdom en leervermoë van die leerder
- Motivering
- Inoefeningsmetodes en aanleerstappe
- Toepassingsmoontlikhede van die betrokke vaardigheid
- Emosionele ingesteldheid van die leerder.

Volgens Nel (2001c:5) is die motoriese vermoë van die kind onontwikkeld en moet sy motoriese vermoë vanaf 'n jeugdige ouerdom deur motoriese inoefeningsleer tot volle ontplooiing gebring word. Indien die leerder se motoriese vermoë nie aan sy verwagtinge voldoen nie, word dit ervaar as ontoereikend en as 'n struikelblok wat tussen die leerder en suksesvolle deelname aan sport en rekreasievaardighede staan. Daarom is 'n effektiewe en doeltreffende motoriese ontwikkelingsprogram in die primêre skool belangrik en noodsaaklik om veral die basiese fundamentele motoriese vaardighede (Pangrazi, 2004:317) in die junior primêre skoolfase vas te lê.

'n Motoriese inoefeningsleerprogram wat progressief per graad moeiliker word, moet mee help om die kind aan die einde van die primêre skoolfase motories goed onderleg te maak vir genotvolle deelname aan een of ander vorm van sport en rekreasievaardigheid. In die afwesigheid of gebrek aan sodanige programme word die leerder se deelname aan sport erg gestrem of belemmer en kan dit die leerder heeltemal ontmoedig of laat besluit om geensins verder aan sport deel te neem nie (Pangrazi, 2004:317).

Twee faktore of sisteme wat belangrik is vir die effektiewe uitvoering van aktiwiteite en dus ook sportvaardighede, is die rol van die vestibulêre en die proprioceptiewe sisteme. Balans is 'n belangrike motoriese komponent in die uitvoering van 'n beweging en dus ook in groot motoriese spiergebruik. Balans verwys na die verhouding tussen swaartekrag en ruimtelike bewussyn en stabiliteit en maak die vestibulêre sisteem belangrik in die afrigting van sport. Die vestibulêre sisteem speel 'n belangrike rol aangesien dit die sensoriese sisteem is wat die grootste invloed het op ander sensoriese sisteme. Dit word gesien as die integrerende sisteem in die brein wat alle inligting vanaf die ouditiewe, okulêre en taktiele sisteme koördineer (Cheatum & Hammond 2000:143-149; Viljoen, 2009:30). Dit het ook 'n direkte invloed op spieronus aangesien die verhouding tot swaartekrag en die handhawing van ewewig deur spieronus bepaal word. Vestibulêre probleme word hanteer deur blootstelling aan motoriese aktiwiteite en dus sportaktiwiteite (Cheatum & Hammond 2000:171-173).

Die vestibulêre sisteem werk egter nie in isolasie nie, maar is geïntegreerd met die proprioceptiewe- en okulêre sisteme. Sou een van die genoemde sisteme nie na behore funksioneer nie, kan een van die twee oorblywende sisteme die noodsaaklike funksies oorneem. Floet (2006:4) is van mening dat die gebrekkige funksionering van een stelsel tot gebrekkige beweging lei. Sportdeelname het dus 'n invloed op die proprioceptieve sisteem en andersom.

### **2.2.2 Sosiale ontwikkeling**

Sosialisering en sosiale ontwikkeling is nie sinoniem aan mekaar nie, maar kan ook nie geskei word nie en is daarom interafhanglik van mekaar. Sosiale ontwikkeling behels die ontwikkeling van die individu se interaksie en verhoudings met ander mense. Die samelewing speel dus 'n baie belangrike rol in sosialisering, want dit is in die samelewing waar die adolescent die geleentheid kry om verskillende rolle deur middel van interaksie aan te leer. Deur die interaksie met ander leer die adolescent sekere sosiaal-aanvaarbare gedrag (Louw & Louw, 2007:8). Sosiale ontwikkeling en sosialisering speel 'n belangrike rol in die vorming van persoonlikheid. Erik Erikson beklemtoon in sy teorie die rol van sosiale invloede op die ontwikkeling van 'n mens se persoonlikheid (Gouws *et al.*, 2000:65). Die samelewing stel dan ook eise aan die adolescent ten opsigte van sy sosiale optrede op hierdie ouderdom.

Volgens Gouws *et al.*, (2000:67) is van die belangrikste ontwikkelingstake van die adolescent dan ook onder andere sosialisering, om sy plek in die samelewing te vind, interpersoonlike vaardighede en die ontwikkeling van selfvertroue.

Daar word algemeen aanvaar dat sport 'n belangrike bydrae tot die sosialisering en dus in die sosiale ontwikkeling van die adolescent speel. Soos reeds genoem, staan interpersoonlike verhoudings sentraal in sosialisering en sosiale ontwikkeling. Sport is 'n sosiale situasie waar interpersoonlike vaardighede en gesindhede bekom word en die adolescent kry dus die geleentheid om 'n rol in die spesifieke sportomgewing effekief te kan vervul. In 'n sportsituasie leer die leerder dus hoe om sosiaal met mekaar te verkeer – watter gedrag aanvaarbaar is en watter onaanvaarbaar is (Gouws *et al.*, 2000:67).

Ander persone soos die adolescent se ouers, vriende en onderwysers speel ook 'n belangrike rol in sy sosiale ontwikkeling deur middel van hul interpersoonlike verhoudings (Louw & Louw 2007:8). Vervolgens sal daar op die invloed van die ouers, vriende en onderwysers op die adolescent se sosiale ontwikkeling, gefokus word.

#### **2.2.2.1 Die graad 7-leerder se verhouding met sy ouers**

Hierdie fase staan ook as die storm- en drangtydperk bekend. Hedendaagse navorsers onder andere Kosslyn en Rosenburg (2005:359), kom tot die gevolgtrekking dat hormone se aktiwiteit binne die

ontwikkelende liggaam deels verantwoordelik kan wees vir die storm- en drangneigings. Dit is egter nie bo alle twyfel bewys dat dit daarvan toe te skryf is nie. Alhoewel die verhoudings met hulle ouers oor die algemeen goed is, bots hulle dikwels omdat hul op pad is na onafhanklikheid. Hulle begin nou hul ouers se waardes, belangstellings, houdings en sienings of opinies bevraagteken (Gouws *et al.*, 2000:65). Die adolescent het egter sy ouers nodig om morele en emosionele ondersteuning te bied. Die verhoogde konflik tussen ouers en die graad 7-leerder word deels ook veroorsaak a.g.v. die leerder se nuut-verworwe vermoë tot logiese abstrakte denke wat die leerder se siening oor homself heeltemal verander en die leerder anders na homself laat kyk. Een belangrike aspek wat Kosslyn en Rosenburg (2005:358) uitlig, is dat die graad van intensiteit waarmee die konflik gepaardgaan afhang van die persoonlike en kulturele omstandighede van die leerder. Siende dat leerders se omstandighede in landelike gebiede dikwels nie bevorderlik vir sportdeelname is nie, kan dit negatiewe implikasies vir leerders se sportdeelname inhoud. Indien hul verhouding met hul ouers ook verder onder druk geplaas word weens verhoogde konflik, werk dit baie negatief in op hoe leerders hulself ervaar en oopstel om aan sport deel te neem.

Die kommunikasie tussen ouers en adolescent is baie belangrik. Trouens, Gouws *et al.* (2000:69) beskou dit as die belangrikste faktor in 'n suksesvolle ouer-kind verhouding. Die styl wat die ouer gebruik in die toepassing van dissipline sal dus baie belangrik wees om kommunikasie te versterk al dan nie. Volgens Thom in Gouws *et al.* (2000:71), sal ouers wat nie te outoritêr is nie en demokraties in hul styl is, bv. die adolescent die geleentheid bied om onafhanklik te wees, maar nogtans kommunikasie en voldoende beheer behou. Dit sal ook maklik vir die adolescent wees om sy ouers as rolmodelle te sien indien daar 'n verhouding van respekte en liefde is. Die ouer moet dus vir die adolescent die geleentheid gee om onafhanklik op te tree, maar binne sekere grense (Gouws *et al.*, 2000:71).

Die adolescent is in die ontwikkelingsfase waar hy self besluite wil neem oor sy gedrag en besluite. Hy wil bv. self sy vriende kies, sy kleredrag, hoe laat hy mag uitby, ens. Hy wil dus dat sy eie waardesisteem sy gedrag bepaal. Dit is egter belangrik dat die ouer se waardesisteem as riglyn sal dien en om dit te laat realiseer, is kommunikasie baie belangrik. Hy sal later die waardesisteem van sy ouers vergelyk met die waardesisteem van sy portuurgroep en dit is dus belangrik dat sy ouers se waardesisteem goed vasgelê en gekommunikeer is, veral ten opsigte van morele en aanvaarbare sosiale norme en waardes (Gouws *et al.*, 2000:71).

### **2.2.2.2 Die graad 7-leerder se verhouding met sy portuurgroep**

Portuurgroep invloed is veral sterk gedurende die periode van adolescensie (Donald, , 2002:244). Dit word verder versterk wanneer daar veral ontwigting in familie-betrekkings (verhoogde konflik tussen ouers en kind) voorkom. Die portuurgroep word dan gesien as 'n ondersteuningsmeganisme wanneer hulle nie sekuriteit, betekenis en identiteit in die familie kan vind nie. In die meeste sosiale en

interpersoonlike probleme is dit kinders wat hul veilige hawe in die portuurgroep vind, a.g.v. korttermyn oorlewingsbehoeftes (Donald *et al.*, 2002:244). Die adolescent wil deel van 'n groep wees. Indien die portuurgroep die adolescent aanvaar, word daar van hom verwag om die waardes en doelwitte van die groep te aanvaar en uit te leef. Hy is bereid om te konformeer om aanvaar te word. Die portuurgroep speel veral 'n belangrike rol in die sosialiseringsproses en bied 'n geleentheid om verhoudings te vorm en hul interpersoonlike vaardighede te ontwikkel. Hulle kry ook die geleentheid om hul sosiale vaardighede te oefen en hoe om bv. met die teenoorgestelde geslag om te gaan. Die portuurgroep speel 'n belangrike rol ook wat die vorming van waardes betref. Soos reeds genoem, moet die ouers die belangrikste rol ten opsigte van morele waardes speel, terwyl die portuurgroep weer bv. aspekte soos die kleredrag en verhoudings met die teenoorgestelde geslag sal beïnvloed (Gouws *et al.*, 2000:78).

Die portuurgroep speel ook 'n belangrike rol in die vorming van die adolescent se selfkonsep. Hy voel dikwels onseker wat sy selfwaarde betref en vind ondersteuning by sy maats. Dit is te begrys dat die portuurgroep 'n belangrike rol speel in die adolescent se sosiale ontwikkeling, want hul bring baie tyd saam deur – hulle gaan saam skool, neem saam aan sport deel, en bespreek dikwels sake wat hulle nie met hulle ouers kan bespreek nie, met hul maats. As gevolg van die tyd wat hy met die groep deurbring, help dit hom om geleidelik onafhanklik van sy ouers te word. In die proses help die groep dat hy sy eie identiteit vasstel en versterk (Gouws *et al.*, 2000:75-77).

Die portuurgroep bied ook geleenthede om teen ander te kompeteer en hulself te vergelyk. Hy vind dus uit wat sy eie vermoë is en waartoe hy in staat is. Indien 'n portuurgroep baie waarde aan sport en prestasie in sport en fisiese voorkoms heg, kan dit aanvaarding of uitsluiting in 'n groep betekenisvolle sportdeelname sal dus maklik wees. Die teendeel is ook waar, indien die portuurgroep nie sportdeelname as 'n prioriteit sien nie, kan dit sportdeelname by die lid ontmoedig (Gouws *et al.*, 2000:75-77).

### **2.2.2.3 Morele ontwikkeling**

Die woord "moreel" kan as sedelike beginsels of die vasstelling van wat goed of sleg is, gedefinieer word (HAT, 2005:733,734). Volgens van Schalkwyk (2005:5) is morele ontwikkeling 'n persoonlike opvoeding van gevoelens en sluit morele gevoel en optrede, morele karakter en persoonlikheid en morele beredenering in. Morele ontwikkeling is gebaseer op die gewoontes, optredes en gedrag wat vir 'n groep aanvaarbaar is en 'n wyse waarop mense kan onderskei tussen wat reg en wat verkeerd is. Kinders word groot in 'n huisgesin en gemeenskap waarin hierdie aanvaarbare optrede van kleins af teenwoordig is, bv. oneerlikheid is verkeerd, respekteer ander, ens. Hierdie norme word deur opvoeding oorgedra. Die adolescent verkry gaandeweg morele onafhanklikheid, maar ook gepaardgaande morele verantwoordelikheid (Gouws *et al.*, 2000:101).

Soos die adolescent ouer word, sal hy gemaklik word met die morele keuses wat hy maak, veral soos hy die norme van sy maats en ouers kan vergelyk. Dit hou natuurlik ook gevaar in indien sy maats bv. die gebruik van dwelms goedkeur. Indien hy verantwoordelikheid aanvaar vir die gebruik van dwelms, kan dit wees dat hy later skuldig voel daaroor en dit wat hy verkeerd gedoen het, regstel. Aan die ander kant aanvaar hulle hul ouers en onderwysers se norme, maar dit is belangrik dat die volwassene se gedrag sal ooreenstem met sy waardes. N ouer sal nie 'n adolescent kan berispe indien hysel f mense sonder respek behandel, rook, vloek, drink, ens. nie. Indien ouers die adolescent verwaarloos ten opsigte van sy morele ontwikkeling, sal hy na sy portuurgroep draai vir hulp.

Aangesien die adolescent se denke nou op 'n meer abstrakte en buigbare vlak is, kan hy keuses oor morele sake hanteer. Morele beoordeling raak ook meer kognitief en minder egosentries en gevvolglik sal hy sosiale sake begin analyseer. Dit is ook so dat, ten spyte van sy kognitiewe ontwikkeling, morele waardes en keuses nie altyd rasionele besluite is nie. Hulle is ook meer dikwels bekommert oor wat reg is en minder oor wat verkeerd is en regverdigheid is vir hulle baie belangrik. Navorsing oor morele ontwikkeling het aangedui dat interne kontrole die mees effektiewe wyse is om jou eie gedrag te reguleer (Gouws *et al.*, 2000:103).

Van Schalkwyk (2005:7), noem ook dat die morele atmosfeer die onmiddellike kontekstuele morele atmosfeer is waarbinne 'n leerder hom bevind. Wat hierdie bevindinge veral relevant maak, is dat die navorsing aanvoer dat die leerder se karakter ook 'n sterk invloed uitoefen op die leerder se siening van die morele atmosfeer in die skool. Hierdie siening word deur die leerder gebruik om sy eie morele optrede of gebrek aan morele optrede te regverdig. Die verdere belangrike strewe van die adolescent om aan 'n groep te behoort en aanvaar te word, is ook 'n belangrike faktor in hoe die morele atmosfeer van die skool beoordeel word, want die groep se siening kan die adolescent sterk beïnvloed.

Van Schalkwyk (2005:7) voer ook verder aan dat 'n individu met 'n hoë morele vaardigheid wat homself bevind in 'n lae morele atmosfeer mag weier om aan aktiwiteite van die skool deel te neem, waaronder sportaktiwiteite. Hiervolgens kan dus afgelei word, ook vanuit eie ervaring by landelike skole, dat die morele atmosfeer van die skool wel 'n uitwerking kan hê op die deelnamevlakke van leerders, veral in landelike gebiede waar sosio-kulturele en sosio-ekonomiese verskille soms groot is en waar die opvoederskorps van 'n skool dikwels van buite die geslote gemeenskap afkomstig is en nie outomatisies dieselfde sieninge en morele optrede openbaar nie.

Nog 'n verdere afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat hoe groter die afwyking tussen die leerder se siening en ervaring van die morele atmosfeer van die skool en sy eie morele vaardigheid en morele optrede, hoe groter kan die effek op die deelnamevlakke van leerders dus wees.

### **2.2.3 Persoonlikheidsontwikkeling**

Die algemeen-aanvaarde opvatting oor persoonlike ontwikkeling gedurende die adolessente stadium, is dat dit grootliks handel rondom die ontwikkeling van 'n eie identiteit van die persoon (Herbert 2002:7; Cole *et al.*, 2005:588, Louw & Louw, 2007:308;). Vir die doel van hierdie studie is dit belangrik dat hierdie aspek bespreek word, aangesien dit huis die veranderings is wat deur die puberteitsfase ingelui is wat hierdie ontwikkelings t.o.v. die self rugsteun (Herbert, 2002:7).

#### **2.2.3.1 Erikson se teorie oor persoonlikheidsontwikkeling**

Vir die doel van hierdie studie word die teorie van die persoon wat die mees omvattende beskrywing van identiteitsontwikkeling tydens adolessensie verskaf het, bestudeer. Erikson (1963, 1968) se teorie oor die ontwikkeling van 'n eie identiteit impliseer dat die adolessent moet definieer wie hy is, wat belangrik vir hom is en watter rigtings hy in die lewe wil inslaan (Louw & Louw, 2007:309). Om dit te kan bereik moet die adolessent die volgende take kan bemeester:

- Die adolessent moet 'n kontinue, geïntegreerde, geheelbeeld van die self vorm (**Egosintese**).
- Die adolessent moet 'n **sosio-kulturele identiteit vorm**, wat beteken dat die adolessent se identiteit die waarde-oriëntasies van sy kultuur moet insluit.
- 'n **Geslagsrolidentiteit** bewerkstellig wat in wese beteken dat die adolessent sy identiteit as manlik of vroulik aanvaar.
- 'n **Beroepsidentiteit** ontwikkel wat impliseer dat die adolessent realisties moet wees oor sy eie vermoëns en prestasies ten einde 'n realistiese beroepskeuse te maak.
- 'n **Eie waardesisteem** ontwikkel wat impliseer dat adolessente sekere waardes tot só 'n mate moet oordink dat hy 'n eie basiese filosofie kan vorm wat as anker in sy lewe kan dien.

Louw & Louw (2007:313) voer aan dat die volgende ook dalk faktore is wat tot die ontwikkeling van 'n eie identiteit kan bydra:

- Kognitiewe ontwikkeling: adolessente wat oor meer gevorderde abstrakte redenerings- en inligtingsverwerkingsvaardighede beskik blyk 'n groter kans te staan om identiteitsbereiking te ervaar.
- Ouerskap: 'n Hegte ouer-kind verhouding verskaf nie net ondersteuning aan adolessente nie, maar verleen ook 'n geborge basis en die vryheid om te verken.
- Portuurinteraksies: verskaf ook ondersteuning en rolmodelle om te verken.
- Skole en gemeenskappe: bied 'n ryke verskeidenheid ondervindinge soos verrykende klasbesprekings en buite-kurrikulêre aktiwiteite.

- Persoonlikheid: 'n Buigsame ontvanklike benadering tot probleemoplossing bevorder volwasse identiteit.

Volgens Louw en Louw (2007:313) kan hieruit aangelei word dat, alhoewel dit nog nie bewys is nie, dit wil voorkom asof daar wel 'n verbintenis of verband tussen die buitemuurse aktiwiteite (wat hierdie studie betref, sport) en die ontwikkeling van die graad 7-leerder se identiteit bestaan.

#### **2.2.3.2 Die selfkonsep**

Die mees toepaslike definisie t.o.v. hierdie studie m.b.t. die selfkonsep kom van Lawrence in Bentham (2004:137), wat beweer dat die selfkonsep van 'n persoon handel oor die persoon as 'n geheel, maar kan in self-beskouing, 'n ideale self en 'n self-esteem opgedeel word.

- Die self-beskouing handel oor hoe die adolescent homself sien/beskou en beskryf in terme van hul fisiese en geestelike eienskappe.
- Die ideale self handel oor wat die adolescent graag sou wou wees/hê in terme van sy fisiese en geestelike eienskappe
- Die self-esteem word gesien as die verskil tussen die self-beskouing en die ideale self. Of 'n persoon 'n hoë of lae self-beskouing het hang af van die evaluasie van die self en hoe groter die verskil daartussen, hoe laer is die selfwaarde.

Die vlak van self-esteem kan dus 'n groot rol speel by die deelnamevlakke van graad 7-leerders, want 'n leerder wat nie goed voel oor homself nie, sal geneig wees om nie deel te neem aan aktiwiteite wat verdere blootstelling tot gevolg kan hê nie. Die leerder sal eerder verkies om hierdie tipe handelinge (deelname) te vermij ten einde enige negatiewe ervarings vry te spring. Hierdie siening word bevestig wanneer Herbert (2002:7) noem dat jongmense, adolescentte in hierdie geval, die houding en gesindheid van ander t.o.v. hul liggaam inneem en dan na aanleiding hiervan hul liggaam met tevredenheid bejegen of na hul liggaam kyk as ontoereikend en onbevredigend. Dit gee aanleiding tot 'n intense introspeksie en beschouwing van die eie liggaam asook 'n sterk self-gesentreerdheid a.g.v. die effek van puberteit op die liggaam.

#### **2.2.3.3 Emosionele ontwikkeling van die graad 7-leerder**

Fisiese, sosiale en kognitiewe veranderinge het 'n invloed op die adolescent se emosionele ontwikkeling. Die adolescent moet 'n identiteit ontwikkel wat die gaping sal oorbrug tussen dit wat hy as kind was en wat hy as volwassene moet wees. Die samelewing stel nou eise aan hom en hyervaar dikwels 'n gevoel van mislukking wat aanleiding tot emosionele spanning kan gee (Gouws *et al.*, 2000:96). Groepdruk en verhoudings met die teenoorgestelde geslag kan ook emosionele onstabilitéit veroorsaak en druk by die skool kan ook lei tot stres. Soos die adolescent ouer word en sy persoonlikheid ontwikkel, verminder sy emosionele spanning. Hy leer gaandeweg om sy emosies te beheer en sy buie neem ook af. Hy leer ook tydens hierdie fase om sy emosies te kommunikeer en

openbaar 'n sin vir humor. Fisieke aktiwiteit en sport kan emosionele spanning by 'n adolescent verminder (Gouws *et al.*, 2000:97). Die adolescent leer om sy uitbarstings te beheer en 'n situasie te evalueer voordat hy reageer. Dit is ook 'n fase waarin hy leer om ander se emosies te verstaan en begrip te toon en gevoelens te deel met ander, veral vriende. Die adolescent ontwikkel 'n realistiese perspektief op sake wat gewoonlik vroeër intense emosionele reaksies ontlok het (Gouws *et al.*, 2000:97).

Stres is ook 'n faktor wat emosionele spanning by die adolescent veroorsaak. Vandag se adolescent word in 'n al groter mate blootgestel aan fisieke gevvaar. Hierdie blootstelling aan gevvaar laat die adolescent dikwels bedreig voel en veroorsaak stres en emosionele spanning. Miller (1998) voer aan dat adolesensie beskou kan word as 'n fase waar algemene stressors in die lewe die adolescent emosioneel beïnvloed. Die ontwikkeling en veranderinge tydens puberteit, die soek na 'n eie identiteit, groepdruk en die eise van onafhanklikheid, bring noodwendig stres en emosionele spanning by die adolescent mee.

Adolescente word egter dikwels as meer emosioneel onstabiel as jonger kinders beskryf (Louw & Louw, 2007:319). Hierdie siening t.o.v. die emosionele status van die adolescent kan dus verrekende gevolge hê m.b.t. die sportdeelname van die leerder, aangesien sport 'n sterk gedissiplineerde leerder en omgewing vereis. Indien die leerder dus emosionele onstabilitet toon, kan sy deelname negatief beïnvloed word. Dit word egter ook algemeen aanvaar dat adolesente, vanweë hul groter kennis van hulself, asook die ervarings wat gepaardgaan met die veranderings in hul liggame en denke, geneig is om 'n meer negatiewe houding teenoor hulself in te neem en is ook meer geneig tot emosionele uitbarstings (Berger, 2005:520; Louw & Louw, 2007:319). Die feit dat adolesente geneig is om op hulself te fokus, kan ook daartoe bydra dat hulle meer as jonger kinders, gevoelens van angstigheid, skuld, skaamte en verleenheid ervaar.

Berger (2006:521) voer aan dat veral leerders afkomstig vanuit families met 'n lae sosio-ekonomiese status, toestande wat gereeld in landelike plaasgebiede ervaar word, veral geneigd is tot gevoelens van hopeloosheid, mislukking en opgee a.g.v. hul swak woonbuurt, woonomstandighede en ook omdat hul ouers gedurig onder finansiële stres gebuk gaan. Hedendaagse sport vereis ouers wat ook finansieel kan bydra, anders kan dit die leerder se deelname negatief raak, of dit kan die leerder selfs uitsluit. 'n Leerder in hierdie stadium van sy ontwikkeling wil nie ge-etiketteer word as dat hy nie kan betaal nie. Hierdie toestande word deur Berger (2006:521) beskryf as dat dit kan lei tot 'n leerder wat sy totale selfwaarde verloor, asook oorweldigende gevoelens van ongelukkigheid en hopeloosheid kan ervaar wat alle normale aktiwiteite van ontwikkeling belemmer, insluitend deelname aan sport.

'n Verdere aspek wat die emosionele ontwikkeling van die graad 7-leerder betref, is die emosionele beleving van die leerder se deelname aan skoolsport.

Die volgende aspekte m.b.t. kompeterende skoolsport kan as negatief ervaar word (Stover, 1988:55; Anon., 2005:1):

- 'n obsessiewe drang om te wen,
- 'n toenemende fokus en aandag op een sportsoort,
- deelnemers van gemiddelde gehalte word stelselmatig uit die kompetisie gedruk,
- afrigters wie se spanne verloor, word geforseer om te bedank.

Volgens Stover (1988:58) is skoolleiers nie pessimisties oor die toekoms van skoalsport-programme nie, maar voel dat daar te alle tye seker gemaak moet word dat die opvoedkundige doel en waarde van skoalsport vooropgestel word, sodat die negatiewe emosionele belewing van kompeterende skoalsport teenwerk kan word. Die druk om te wen vanaf ouers, skoolleiers en gemeenskappe moet vir die emosionele beskerming van leerders/deelnemers teegestaan word. Die doel, volgens Stover (1988:58; Anon., 2005:1) moet te alle tye wees om die deelnemers goed oor hulself te laat voel wat dan weer verder positief op leerders se algemene ontwikkeling kan inwerk.

Een persoon wat ten spyte van algemene aanvaarding, die waarde van kompetisie in sport betwiss, is Kohn in Shields & Bredemeier (2010:62). Volgens hulle glo Kohn die volgende m.b.t. kompetisie:

- meng in met kreatiwiteit
- beperk denke
- bevorder eenvormigheid
- verminder selfwaarde en sekere oorsake van sielkundige gesondheid.

Die sosiale nagevolge van kompetisie tussen individue en of groepe is volgens Kohn in Shields & Bredemeier (2010:62) die volgende:

- bevorder vooroordeel
- vyandigheid tussen mededingende groepe
- kullery en leuens
- agressie tussen groepe en individue
- geweld tussen groepe en individue.

Shields en Bredemeier (2010:62 – 68) verskil egter van Kohn in dié opsig dat hulle aanvoer dat kompetisie eintlik een munstuk is met twee teenkante. Dit wat die kompeteerders, of alle rolspelers

betrokke, na die kompetisie bring, bepaal wat dit eintlik sal wees. Dit kan baie negatief wees wanneer opponente mekaar wil domineer en oorheers en in 'n mate wil verkleineer.

Wanneer opponente kan saamwerk om uiteindelik daardie veel ontwykende doel van uitnemendheid te bereik, wanneer opponente mekaar aanspoor om elke keer beter te doen sonder om afbrekende en ondermynende taktiek of retoriek te gebruik, is dit dan wanneer die positiewe effek van kompetisie werklik tot sy reg kom en werklik 'n plek in die skool verdien (Shields & Bredemeier, 2010: 62 – 68). Indien dit die geval is, dat daar werklike positiewe kompetisie/wedywering tussen leerders en groepe plaasvind, kan die deelnamevlakke van leerders ook opgestoot word, want die leerder ervaar dan die “goeie” wat deur kompetisie gebied kan word.

#### **2.2.4 Kognitiewe ontwikkeling**

Die kognitiewe ontwikkeling van die graad 7-leerders het te doen met die wyse waarop adolessente dink en hoe hulle denke met tyd verander. Louw en Louw (2007:298) voer aan dat die veranderinge wat in kognitiewe ontwikkeling plaasvind, nie net die leerders se skoolprestasies beïnvloed nie, maar alle aspekte van hul lewens, waaronder sport. Dit is dus noodsaaklik dat die invloed van hierdie ontwikkelingsaspek op die graad 7-leerder dus goed begryp moet word, want die kind se denkprosesse en denkwyses lê ten grondslag van die besluit wat hy uiteindelik neem om aan sport deel te neem of nie. Die feit dat leerders nou meer abstrak begin dink en ook begin om op hul eie besluite te neem, speel 'n belangrike rol by sportdeelname. Die gevoelens van trots en hoë-selfwaarde, maar ook gevoelens van mislukking en lae-selfwaarde, kan uiteindelik die besluit aangaande sportdeelname totaal oorheers.

##### **2.2.4.1 Piaget se teorie/perspektief**

Piaget se teorie verskaf 'n meer duidelike beeld van waar die graad 7-leerder hom bevind in terme van kognitiewe ontwikkeling. Piaget staan vier duidelike fases van kognitiewe ontwikkeling voor (Berk, 1994:21):

- **Sensories-motoriese fase:** vanaf geboorte tot en met ongeveer 2 jaar
- **Voor-operasionele fase:** vanaf ongeveer 2 jaar tot en met ongeveer 7 jaar
- **Konkreet-operasionele fase:** vanaf ongeveer 7 jaar tot en met ongeveer 11 jaar
- **Formeel-operasionele fase:** vanaf ongeveer 12 jaar tot en met volwassenheid. Die kapasiteit vir abstrakte denke is aanwesig en ontwikkel. Groter selfbesinning is moontlik, waaronder die besluit om aan sport deel te neem al dan nie. Hulle kan ook tydens hierdie fase dink aan alle moontlike uitkomste en dus ook oor deelname aan sport.

Piaget het vier eienskappe van formeel operasionele denke uitgewys wat vir hierdie studie van belang is (Louw & Louw, 2007:300):

- **Hipoteties-deduktiewe redenasie:** dit verwys na Piaget se konsep dat adolessente die kognitiewe vermoë het om alternatiewe maniere of hipoteses te ontwikkel om 'n probleem op te los. In hipoteties-deduktiewe redenasie is formeel-operasionele denkers in staat om van die algemene na die spesifieke te redeneer.
- **Proposisionele denke:** dit beteken dat formeel-operasionele denkers die logika van verbale stellings (proposisies) kan evalueer sonder om na werklike omstandighede te verwys.
- **Kombinatoriese analyse:** verwys na die vermoë om verskillende moontlike kombinasies inherent aan 'n probleem te organiseer.
- **Relatiivistiese denke:** dit beteken dat die formeel-operasionele denker herken die subjektiewe konstruksie van kennis en die moontlikheid dat dieselfde feite verskillend geïnterpreteer kan word. Dus is gedagtes relatief.

Volgens bogenoemde vier eienskappe sal die leerder dus sy besluit oor sportdeelname kan verdedig of motiveer.

#### 2.2.4.2 Die effek van kognitiewe ontwikkeling

Die meer ontwikkelde kognitiewe vermoëns wat die adolescent verwerf, plaas hom soms in direkte konflik met veral sy ouers en ouer persone wat direk met hierdie leerders saamleef of saamwerk (Louw *et al.*, 1998:427- 429). Die leerder besit nou die vermoë om meer feite en idees te versamel wat hom in staat stel om besluit oor sy deelname te kan maak. Tesame met die toenemende behoefté aan onafhanklikheid by die leerder kan dit tot konflik met volwassenes, en spesifiek die ouers, lei en sportdeelname is dus nie meer vanselfsprekend soos vroeër in die kind se lewe nie. In hierdie fase is die leerder meer geneig om dinge te bevraagteken en vereis ook dat ouers of volwassenes verduidelikings verskaf vir wat van die leerder verwag word. Die feit dat hulle nou ook in staat is om verby die werklike na die moontlike te redeneer, skep 'n wêreld van idealisme en volmaaktheid waarteen die leerder homself, asook sy prestasies of moontlike prestasies stel (Louw & Louw, 2007:304). Dít opsigself kan dus lei tot 'n groot effek op die deelnamevlakke van graad 7-leerders, want die leerder gaan nie nou net alles meer aanvaar soos vroeër in sy lewe nie. Die leerder ontwikkel nou ook 'n groter mate tot perspektiefneming (die vermoë om 'n situasie vanuit 'n ander se perspektief te sien). Die leerder word dus bewus van die feit dat dit wat hulle sê of doen, vir ander aanvaarbaar of onaanvaarbaar kan wees en dat sy prestasies of gebrek daaraan 'n direkte invloed op sy gewildheid kan hê. Om ongewild te wees sal sekerlik nie 'n doelbewuste strewe wees nie daarom kan aangeneem word dat die leerder nikks sal wil doen, insluitend sport, wat sy gewildheid kan benadeel nie. Dit kan die leerder dus sku maak vir deelname as hy onder die indruk verkeer dat die moontlike prestasies wat behaal kan word, beperk is (Louw & Louw, 2007:304).

’n Verdere verskynsel wat saamgaan met die kognitiewe ontwikkeling van die leerder is die denkbeeldige gehoor en die persoonlike fabel (Berger, 2006:466; Louw & Louw, 2007:306). Dit beteken dat adolessente aanneem dat hulle die fokuspunt van almal se aandag is en dat hulle ’n opgeblase opinie van hul eie belangrikheid het (die leerder se gevoel dat hy spesiaal en uniek is). Dit kan dus baie negatief inwerk op die besluit aangaande deelname al dan nie, indien die leerder nie ’n goeie siening van sy eie vermoë of prestasies het nie. Hierdie verskynsel vind baie maal neerslag in die hoë-risikogedrag van graad 7-leerders, asook hul sensitiwiteit vir openbare kritiek (Louw & Louw, 2007:306).

Dit is dus baie duidelik dat die leerder ’n baie groter mate van kognitiewe selfvermoë en ook ’n groter mate van onafhanklike besluitneming openbaar wat tydens hierdie fase ’n geweldige invloed op deelnamevlakke sal uitoefen. Die leerder word in hierdie fase van sy ontwikkeling gekonfronteer met meer besinning oor sy prestasies of moontlike gebrek aan prestasies met sportdeelname.

#### **2.2.4.3 Taalontwikkeling**

Indien ’n leerder se taalvermoë goed ontwikkel is, kan hy homself goed verantwoord of verdedig rondom sy sportdeelname. Berk (1993:386) voer aan dat leerders vanaf ongeveer 11 tot en met volwassenheid die vermoë besit om subtiele, nie-letterlike betekenis, soos ironie en sarkasme, te verstaan en dat hul woordeskatalogus normaalweg uitgebrei is tot meer as 40 000 woorde. Hierdie vermoë kan dus duidelik die leerder baie sensitief maak oor opmerkings rakende sy prestasie of deelname in sport. ’n Leerder wie se taalvermoë nie goed ontwikkel is nie, sal meer geneig wees tot teruggetrokkenheid vanweë ’n gebrekkige leksikon en a.g.v. sy groter selfbewustheid as adolessent, wat dus negatief op deelname kan inwerk. Belangrik ook hier is die verhouding tussen taalontwikkeling en denke. Die taal gee dus die leerder die geleenthed om met homself in verbinding te tree wanneer daar oor sy prestasies of geleenthede besin word, asook hoe ander dit sien of sal sien. Die taal, en veral eie gesprekke, speel dus ’n groot rol by die vooraf-voorbereiding tot deelname, wat dus verder aansluit by voorafgaande struikelblokke soos uiteengesit deur Coetze *et al.* (2004:2).

#### **2.2.5 Slotopmerking**

Hierdie gedeelte van die literatuurstudie toon die graad 7-leerder as ’n ontwikkelende persoon wat by die aanvang van groot veranderings t.o.v. sy fisiese, sosiale, persoonlike en kognitiewe ontwikkeling te staan kom. Veral sy fisiese ontwikkeling, met die aanvang van puberteit en die groeiversneling wat hiermee saamgaan, het ’n blywende effek op sy fisiese vermoë en dus ook sy deelname aan sport. Die leerder is in hierdie fase van sy ontwikkeling besig om ’n eie identiteit te ontwikkel en, afhangend van hoe hierdie proses ontvou en uitloop, kan die leerder se sportdeelname daardeur bevorder of benadeel word.

'n Verdere literatuuroorsig sal in Hoofstuk 3 gedoen word om vas te stel watter invloed afrigting en motivering op die leerder se sportdeelname het. Beide hierdie hoofstukke kan egter net lig werp op die moontlike faktore wat 'n rol speel by sportdeelname, maar verdere ondersoek is nodig om te bepaal wat die probleme t.o.v. sportdeelname is wat graad 7-leerders ervaar.

## **HOOFSTUK DRIE**

### **AFRIGTING, MOTIVERING EN WAARDE VAN SPORT**

#### **3.1 Inleiding**

'n Sekere mate van teoretiese kennis t.o.v. sportdeelname is noodsaaklik vir suksesvolle sportafrigting en ook prestasie in sport. Vervolgens sal in hierdie hoofstuk aandag gegee word aan sekere afrigtingsbeginsels en motiveringsteorieë. Die waarde van sport sal ook bespreek word.

#### **3.2 Afrigting**

Afrigting is 'n stadige proses en kan nie afgejaag word nie (Lyle, 2002:79). Afrigting bestaan uit voorbereiding en uitvoering. Die afrigter moet dus op effektiewe wyse gebruik maak van voorbereiding. Om dit te laat realiseer, moet die afrigter oor kennis beskik van die sportsoort wat hy afrig. Een van die belangrikste take van die afrigter is om sinvolle oefensessies vir die spelers te organiseer en beplan (Lee, 1999:49).

##### **3.2.1 Afrigtingsbeginsels**

Om suksesvol te kan afrig, is daar sekere riglyne wat die afrigter moet volg. Die volgende is enkele daarvan:

Die afrigter moet spesifiek wees. Dit is nodig dat die afrigter sal weet dat verskillende sportsoorte verskillende oefemetodes vereis, bv. ten opsigte van energievlake. Dit impliseer dus ook dat hy 'n kennis van voedselsoorte wat energie verskaf, sal hê. Sportsoorte wat aërobiese fiksheid vereis, moet 'n aërobiese program in die oefenprogram insluit. Sportdeelnemers wat kortafstande in atletiek doen se oefenprogram verskil van sportdeelnemers wat langafstande doen (Pickles, 2010:1). Selfs verskillende posisies in 'n spansport sal ook verskillende eise stel, bv. oefening vir 'n vleuel in hokkie teenoor 'n doelwagter.

Die afrigter moet dus ook kennis dra van watter spiergroepes geoefen moet word vir effektiewe uitvoering van die vaardigheid wat die sportsoort vereis. Maksimum resultate sal verkry word indien die regte spiere geoefen word. Oorlading is ook 'n noodsaaklikheid en vereis aanpassing in die beplanning van oefenprogramme (Pickles, 2010:1).

'n Verdere beginsel is die werk- en afkoel-beginsel. Die opwarmingssessie maak die liggaam gereed vir intense oefening en voorkom beserings. Die afkoelperiode is net so belangrik. Gedurende hierdie periode raak die liggaam ontslae van afvalprodukte wat tydens oefening opgebou is (Wesson, Wiggins-James, Thompson & Hartigan, 2005:116).

### **3.2.2 Afrigtingsteorie**

Fiksheid verwys gewoonlik na uithouvermoë en kardiovaskulêre fiksheid van 'n sportdeelnemer, maar 'n afrigter behoort kennis te dra dat dit maar net een aspek van fiksheid is. Fiksheid is die vermoë om die vereistes wat 'n fisiese taak verg, suksesvol te kan verrig. Die vier komponente ter sprake is krag, spoed, soepelheid en uithouvermoë of stamina. Navorsing het getoon dat daar egter ses faktore ter sprake is, naamlik: krag, balans, beweeglikheid, buigbaarheid, spieruithouvermoë en koördinasie (Nel, 1999:22)

Fiksheid bestaan uit energiefiksheid, maar ook spierfiksheid. Hierdie twee komponente werk aanvullend en kan nie geskei word nie, maar wel onderskei word. As die afrigter die vereistes van die sportsoort ken, sal hy weet hoeveel (intensiteit) en hoe dikwels (frekwensie) en vir hoe lank (duur) die oefening moet wees. 'n Oefenprogram is nie net daarop gerig om uithouvermoë te ontwikkel nie, maar ook spierfiksheid. Spierfiksheid bestaan uit krag, spieruithouvermoë (herhaling van beweging), spoed (vinnige reaksie), soepelheid en balans. Verskillende sportsoorte en verskillende posisies vereis verskillende komponente van spierfiksheid. Dit stel dus eise aan die afrigter ten opsigte van sy beplanning (Jordaan, 2007a:5,6).

Die navorsing is van mening dat aangesien meisies en seuns in die adolesente fase verskil, sal die afrigter dit in aanmerking moet neem tydens beplanning. Daar is sekere vaardighede wat eenders afgerig kan word, maar wanneer byvoorbeeld aandag aan die motoriese komponente soos krag en balans gegee word, sal verskillend beplan moet word. Gedurende hierdie fase moet veral gefokus word op 'n verskeidenheid vaardighede en korrekte tegnieke. Afrigting behoort dus deeglik beplan te word en moet meer wees as net die speel van die sportsoort twee keer 'n week (Jordaan, 2007a:5,6).

### **3.3 Motiveringsteorieë**

Prestasie en motivering in sport is die afgelope dekades 'n gebied wat baie aandag in sportsielkunde gekry het. Gedurende die laaste paar dekades is verskeie modelle en teoretiese raamwerke ontwerp om prestasie, attribusie, bereiking van doelwitte, persepsie van bekwaamhede en vermoë, te verklaar (Lavallee, Williams & Jones, 2008:59). Motivering is belangrik in sportdeelname. Die volgende teorieë (selfeffektiwiteit, doeloriëntasie, attribusieteorie en prestasiebehoefteorie) is van belang in hierdie studie.

#### **3.3.1 Selfeffektiwiteitsteorie**

Daar kan aanvaar word dat mededingendheid en die strewe na sukses (prestasiemotivering) verband hou met selfvertroue (Potgieter 1997:23). Sukses verskil van persoon tot persoon afhangende van die doel wat hy vir homself stel (Lavallee *et al.*, 2008:59,92). Ormrod (2006:7) beklemtoon ook die rol van selfeffektiwiteit in die optrede van 'n sportdeelnemer om 'n spesifieke doel te bereik. Mense wat vol selfvertroue is en glo dat hulle suksesvol sal wees, behaal gewoonlik meer sukses as diegene wat

glo dat hulle nie suksesvol sal wees nie. Selfeffektiwiteit verwys na 'n mens se oortuiging dat hy 'n taak suksesvol kan uitvoer. Die konsep van selfeffektiwiteit is die kern van Bandura se sosiaalkognitiewe teorie (Bandura 1997:605). Leerders met 'n sterk gevoel van selfeffektiwiteit ten opsigte van 'n spesifieke taak, sal neig om sukses te behaal in die uitvoering van die spesifieke taak. Die individu se vlak van selfeffektiwiteit het 'n effek op sy aangetrokkenheid tot of vermyding van spesifieke aktiwiteite. Selfeffektiwiteit word verhoog deur suksesvolle ervarings. Iemand met 'n geskiedenis van suksesvolle ervarings mag toekomstige soortgelyke gebeurtenisse met selfvertroue aanpak, aangesien die basis van konstruktiewe "streshantering" reeds neergelê is (Potgieter in Jordaan, 2007b: 4).

Effektiwiteit kan ook na 'n groep oorgedra word. Die afleiding kan gemaak word dat 'n groep met hoë kollektiewe effektiwiteit beter sal vaar as groepe met 'n lae kollektiewe effektiwiteit.

### 3.3.2 Doeloriëntasieteorie

Doelperspektiewe bepaal hoe mense dink, voel en optree in situasies soos sport. Doeloriëntasie verwys na individuele benadering tot prestasie (Lavallee *et al.*, 2008:59). Volgens Lavallee *et al.* (2008:59) is daar drie moontlike benaderings, naamlik 'n ego-oriëntasie, 'n taakoriëntasie en 'n sosiaal-aanvaarbare oriëntasie. Die skrywers wys daarop dat in beide die opvoedkunde en sportnavorsing minder klem op die sosiaal-aanvaarbare oriëntasie geplaas word. 'n Ego-oriëntasie beskou sportdeelname as 'n middel tot 'n doel en plaas 'n hoë premie op ekstrinsieke belonings (Van den Auweele, Bakker, Biddle, Durand & Seiler, 1999: 30-31). Die persoon wil homself teen ander meet en beter doen as ander en so sukses behaal. Die doel van die spelers is dus om beter as ander te doen en nie soseer om 'n vaardigheid te bemeester nie. As 'n sportdeelnemer ego-oriëntasie aangeneem het, is hy begaan daaroor om sy vermoëns aan ander te demonstreer. Hy gebruik sportdeelname as 'n middel om belonings, soos status, te bekom. Duda in Lavallee *et al.* (2008:60) is van mening dat kinders met 'n ego-oriëntasie en sterk persepsie van fisiese bevoegdheid met 'n hoë intensiteit sal meeding in sport. Kinders met 'n sterk egobetrokke oriëntasie, maar met 'n swak persepsie van hul fisiese bevoegdheid, sal mededingende fisiese aktiwiteite vermy. Die ego-georiënteerde persoon is gemotiveerd om sy voortreflikhede te demonstreer, maar vermy situasies waar sy swak vermoëns ten toon gestel word.

Takkoriëntasie beklemtoon persoonlike ontwikkeling en selfverbetering (Lavallee *et al.*, 2008:59). Die speler sal voel dat hy sukses behaal het indien die taak bemeester is. Wanneer sportdeelnemers 'n sterk taakbenadering openbaar, fokus hulle op die bemeesterung van spesifieke take. Hierdie strewe na bemeesterung dien as motivering. Hulle is nie primêr daaroor begaan om hul prestasie met ander te vergelyk nie, maar verkry bevrediging uit die aanleer en ontwikkeling van hul eie vaardighede en vermoëns. Hulle probeer ook harder en volhard langer as hulle probleme begin ervaar (Lavallee *et al.*, 2008:59).

Doelwitstelling is 'n aspek wat in die Sielkunde reeds baie aandag geniet het. In Sportsielkunde het onlangse navorsing getoon dat doelwitstelling nie net prestasie by topsportdeelnemers bevorder nie, maar ook 'n invloed op angs, selfvertroue en motivering het (Youth Sport Trust, 2001:83; Lavallee *et al.*, 2008:229). Locke en Latham in Jordaan (2007a:8) dui aan dat doelwitstelling 'n groter uitwerking op diegene het wat oor potensiaal beskik. 'n Sportdeelnemer sal ook nie doelwitte bereik sonder die nodige toewyding en verbintenis nie.

Doelwitstelling word deur faktore soos vermoë, terugvoering en moeilikhedsgraad beïnvloed. Mento, Steel en Karren in Jordaan (2007a:8) en Bandura en Simon in Lavallee *et al.* (2008:229, 231) het gevind dat, wanneer doelwitstelling gekombineer word met terugvoering dit produktiwiteit verhoog.

Indien terugvoering op 'n klein gaping tussen huidige prestasievlek en die gestelde doel duif, voel die sportdeelnemer gewoonlik tevrede en handhaaf hy sy werkstempo. Indien daar 'n groot verskil tussen 'n doelwit en verlangde prestasie is, kan dit tot ontevredenheid met vordering lei. Die reaksie tot so 'n situasie hang af van persepsies van selfeffektiwiteit (Jordaan, 2007a:8). As 'n sportdeelnemer 'n sterk sin van selfeffektiwiteit het, sal negatiewe terugvoering hom motiveer om harder te werk om sy prestasie te verbeter. In die geval van 'n sportdeelnemer met min selfvertroue mag negatiewe terugvoering tot swakker motivering en prestasie lei (Jordaan, 2007a:8).

Sportdeelnemers moet 'n aandeel hê in die opstel van doelwitte. Dit is ook goed dat die sportdeelnemer die doelwitte neerskryf (Youth Sport Trust, 2001:85), want dan sluit hy as't ware 'n kontrak met homself. Dit verskaf 'n kontrolelys en hy kan van tyd tot tyd sy vordering monitor. Dit is ook belangrik dat hy kort- en langtermyn doelwitte sal opstel. Die sportdeelnemer moet ook die doelwitte positief formuleer sodat hy op wat hy graag wil hê moet gebeur kan fokus. Die doelwitte moet spesifiek, verkieslik meetbaar, bereikbaar en volgens 'n tydskaal opgestel word (Youth Sport Trust, 2001:84). Dit bied vir die sportdeelnemer objektiewe kriteria waarteen hy sy vordering kan monitor.

Die Youth Sport Trust (2001:84-85) onderskei drie tipe doelstellings, naamlik doelstellings gerig op uitkomste (uitslagdoelstellings), prestasiedoelstellings en prosesdoelstellings. Doelstellings wat op uitkomste gerig is, kan nie deur die sportdeelnemer gekontroleer word nie, aangesien dit deur die deelname van ander beïnvloed word. Al is die uitkoms nie onder die sportdeelnemer se beheer nie, is dit nogtans belangrik en kan dit 'n langtermynndoelstelling wees. So 'n doelstelling sal bydra tot die motivering van 'n sportdeelnemer. Die sportdeelnemer het beheer oor prestasiedoelstellings aangesien dit nie deur ander sportdeelnemers beïnvloed word nie. Hierdie doelstellings is gewoonlik persoonlik en sluitby. die volgende tipe doelstelling in: verbeter tyd met 3sekondes. Hierdie doelstellings kan gesien word as voorbereiding of stappe na eersgenoemde doelstellings. Prosesdoelstellings is belangrik in die bereiking van die vorige twee doelstellings. Die proses word ten volle deur die

sportdeelnemer beheer en die sportdeelnemer moet vir hierdie doelstellings verantwoordelikheid aanvaar. Dit is belangrik dat al drie tipe doelstellings gestel word (Youth Sport Trust, 2001:84, 85).

Die sportdeelnemer fokus op uitkomste en resultate. Indien 'n sportdeelnemer slegs op wen fokus en wat daarmee saamgaan, bv. ekstrinsieke belonings soos medaljes, kan dit 'n probleem word as alles om wen sentreer. Daar is slegs 'n beperkte aantal wenners in sport en gevvolglik beperk uitslagdoelwitte sukses tot 'n klein groepie. Om hierdie rede is dit beter om te fokus op prosesdoelwitte.

Gemeenskaplike doelwitte is noodsaaklik in spansituasies. Spanprestasies word egter verbeter wanneer spandoelwitte ondersteun word deur individuele doelwitte. Spanlede moet oortuig word dat die bereiking van individuele doelwitte belangrik is vir die sukses van die hele span (Potgieter 1997: 21).

### **3.3.3 Attribusieteorie**

Mense skryf hul sukses en mislukkings aan 'n verskeidenheid faktore toe. Daar is 'n neiging by baie om suksesse aan hul eie vermoë toe te skryf en mislukkings aan eksterne faktore. Volgens die attribusieteorie (Potgieter, 1997:19) kan hierdie faktore in ses kategorieë geklassifiseer word. Hulle is stabiele faktore (bv. vermoë), tydelike faktore (bv. noodlot of geluk), intern tot die individu (bv. inspanning), ekstern (bv. swak opponente), faktore onder beheer van die individu (bv. hoeveelheid oefening) of faktore buite sy beheer (bv. werksomstandighede).

Attribusie, dit wil sê verklarings vir sukses en mislukkings, het 'n effek op toekomstige verwagtinge en motivering. Sterk mededingers neig om sukses aan stabiele, interne faktore soos eie vermoëns toe te skryf. Hulle voel gewoonlik dat hulle in beheer van die situasie is en skryf mislukkings aan eksterne, onstabiele faktore toe. Hulle mag van mening wee dat hulle ongelukkig was om te verloor, dat hulle nie hard genoeg probeer het nie, ensovoorts. Hulle is gewoonlik optimisties dat hulle in die toekoms beter sal presteer (Potgieter, 1997: 19).

Swak presteerders skryf gewoonlik sukses aan onstabiele eksterne faktore toe. Hulle glo dat hulle nie so talentvol is as wat ander dink hulle is nie en dat hulle prestasie bloot a.g.v. geluk was of dat hulle opponente baie swak was. Hulle aanvaar nie persoonlike erkenning vir hul sukses nie. Dit is om hierdie rede dat sportdeelnemers dikwels na een of twee mislukkings onafwendbaar is (Potgieter, 1997:19-20). Verandering in mense se attribusie kan hulle vlakke van prestasie verander. Dweck in Roberts (1979: 1-11) het sukses met attribusie-oefeninge by kinders met lae prestasie behaal. Sy het hulle geleer om onsuksesvolle pogings toe te skryf aan eksterne faktore eerder as persoonlike tekortkominge (Potgieter, 1997:19-20).

### **3.3.4 Prestasiebehoefteorie**

Prestasiemotivering word deur die aard van 'n taak bepaal en kan van taak tot taak verskil. 'n Sportdeelnemer met baie selfvertroue sal byvoorbeeld baie goed vaar m.b.t. die uitdagings wat sport bied, maar mag min selfvertroue hê, en gevolglik ook min motivering openbaar om take op ander terreine aan te durf, soos om 'n seminaar aan te bied (Reiss, 2004:180).

Die behoefte aan prestasie kan beskou word as 'n persoonlikheidstrek wat waarskynlik 'n aangeleerde eienskap is. Om tot 'n prestasiesituasie aangetrokke te voel of dit te vermy, word bepaal deur die motief om sukses na te streef of mislukkings te vermy. Reiss (2004:180) beweer dat die drang na erkenning een van 16 faktore (drange) is wat 'n mens se optrede rig. Hierdie motiewe is in 'n mindere of meerdere mate in alle mense se persoonlikheidstruktuur teenwoordig. 'n Vrees vir mislukking impliseer nie noodwendig 'n swak motivering om te presteer nie. Sterk mededingers het 'n sterk motief om sukses na te streef en 'n swak motief om mislukkings te vermy. Swak mededingers het 'n sterk motief om mislukkings te vermy en 'n swak motief om prestasie na te streef. Swak mededingers is geneig om prestasiesituasies in sport te vermy.

Prestasie-georiënteerde sportlui het 'n begeerte om te presteer en geniet dit om mee te ding. Hulle hou daarvan om hulself te toets en is nie uitermate bekommert dat hulle moontlik mag misluk nie. Hulle kry groot bevrediging uit sukses. Persone met 'n sterk motief om mislukkings te vermy, ly gewoonlik aan hoe vlakke van angs. Hulle probeer prestasiesituasies en dus mededingende sport, vermy.

Baie kinders glo, reg of verkeerd, dat hul eiewaarde bepaal word deur prestasies. Wen word dikwels met sukses en verloor met mislukkings geassosieer. Vir sommige kinders bied sport 'n geleentheid om te presteer, vir ander is mislukkings in sport 'n bedreiging vir hul eie waarde (Reiss, 2004:180).

Volgens Potgieter (1997:24) speel ouers en ook afrigters 'n belangrike rol in die ontwikkeling van selfvertroue by kinders. Hy noem enkele riglyne wat onder andere die afrigter kan ondersteun in die ontwikkeling van selfvertroue by leerders wat hy afrig. Die afrigter moet:

- leerders ondersteun wanneer hulle teleurstellings ervaar
- na leerders se problem luister
- die leerders inspireer om bevoeg, bekwaam en verantwoordelik op te tree
- wys dat hy vertroue in die leerders se bekwaamhede het
- op hoogte wees van die leerders se pogings en op hul suksesse fokus
- onafhanklikheid by leerders aanmoedig

### **3.4 Waarde van sport**

Sport skep 'n ideale geleentheid om, benewens die aanleer van die sportsoort, ook as 'n opvoedingsituasie te dien. Die voordele van sport of fisiese aktiwiteit word verder ook algemeen erken en aanvaar (Bailey, 2006:397). Dit is algemeen bekend dat sport 'n belangrike rol speel in die sosialisering van die leerder en dat die gemeenskap se waardes aan leerders deur deelname aan sport oorgedra word. Die rede hiervoor is dat leerders in aanraking kom met reëls, sosiale waardes en ander leerders en gevvolglik die vaardighede moet ontwikkel om deelname vol te hou en die sport te geniet. Hulle leer dus waardevolle lesse wat hul later in hul lewe kan toepas en baat by kan vind (Lee, 1999:3).

Ondersteuners van kompeterende sport onderskryf die feit dat sport 'n positiewe uitwerking op die persoonlikheidontwikkeling van die leerder het (Lee, 1999:3). Dit is 'n algemene feit dat sport en fisiese aktiwiteit stres verminder. Indien te veel van 'n leerder verwag word ten opsigte van prestasie, kan dit stres veroorsaak en deelname negatief beïnvloed. Dit is dus noodsaaklik dat die ouers, onderwysers en afrigters deelname belangriker as prestasie en die wenfaktor stel. Volgens Lee (1999:3) is die skool vir al meer leerders die enigste geleentheid tot fisiese aktiwiteit en sport a.g.v. veiligheidsprobleme en ook ekonomiese druk. Bailey (2006:397) lig vyf lewensterreine uit waarop sport en fisiese aktiwiteit 'n positiewe uitwerking het, nl. lewenstyl, fisiese, affektiewe, sosiale en kognitiewe ontwikkeling. Sportdeelname verbeter gesondheid en in 'n wêreld waar baie mense oorgewig is, speel sport 'n rol om gewig te beheer. Ander voordele wat 'n uitvloeisel van sportdeelname en fisiese aktiwiteit kan wees, is 'n verlaging in diabetes, verbeterde bloeddruk, beenstruktuurversterking en 'n afname in vetsug (Bailey, 2006:397). Hy noem ook dat fisiese onaktiwiteit een van die hoofoorsake van koronêre hartsiektes is en dat 'n aktiewe lewenstyl dit teenwerk.

Volgens (Bailey, 2006:398) is die voordele t.o.v. die leerders se selfbeeld ook duidelik en kan die leerders se houding teenoor die skool daarmee verbeter word. Volgens Bailey (2006:399) is daar nie bewyse dat deelname aan fisiese aktiwiteite goeie sosiale optrede waarborg nie, maar dat goed gestruktureerde fisiese aktwiteite 'n groot rol in aanvaarbare sosiale gedrag kan speel. Deelname aan fisiese aktiwiteit en sport kan ook lei tot die insluiting van individue en groepe en ook sosiale netwerke en gemeenskapsverhoudings versterk. Die verband tussen fisiese aktiwiteit en kognitiewe ontwikkeling en akademiese prestasie is ook reeds deur 'n studie in die 1950's bewys (Bailey, 2006:399). Daar is gevind dat akademiese prestasie positief deur deelname aan fisiese aktiwiteit of sport beïnvloed word.

Le Menestrel & Perkins (2007:14 – 17) stem in groot mate met Bailey (2006: 397 – 401) saam wanneer hulle die volgende voordele van sport uitwys:

- ontwikkeling van gesonde beenstruktuur en spiere

- vermindering van risiko's m.b.t. kroniese siektes soos hartsiektes
- verminder die kans op vetsug
- verminder gevoelens van angs, depressie, en hopeloosheid
- bevorder algemene sielkundige gesondheid.

Verdere voordele volgens Le Menestrel en Perkins (2007: 14 – 17) behels dat leerders wat by sport betrokke is:

- minder geneig is om te rook of dagga te gebruik
- gesonder eetgewoontes het
- meer selfkennis en beheer oor hul emosies het
- oor beter fisiese vaardighede beskik
- hulle teen sosiale isolasie beskerm (Bailey 2006:399)
- vorm 'n beter band met hul alma mater
- lewer beter akademiese prestasie
- is langer by onderwys/opvoeding betrokke
- het beter konsentrasievlekke, asook 'n beter werkgeheue.

### **Slotopmerking**

Soos deur die literatuurstudie uitgelig, speel die korrekte toepassing van die gepaste afrigtingsbeginsels 'n groot rol by sportdeelname. Gekombineer met die tersaaklike motivering-strategieë kan dit 'n groot effek hê op deelnamevlakke. Die literatuur wys ook die talle voordele uit wat sportdeelname vir die leerder inhoud en wat deur die implementering van die korrekte strategieë t.o.v. afrigting en motivering die leerder in staat kan stel om die tendens van dalende aktiwiteitsvlakke te breek en om sy eie potensiaal tot die maksimum te ontgin en tot vervulling te bring. Dit kan dus aanleiding gee tot 'n volwassene wat 'n positiewe en aktiewe leefstyl handhaaf en 'n konstruktiewe bydrae tot die samelewing maak.

## **HOOFSTUK VIER**

### **NAVORSINGSONTWERP, DATA-AANBIEDING EN ONTLEDING**

#### **4.1 Inleiding**

Hierdie studie fokus veral op twee aspekte van belang, naamlik sportdeelname en die probleme wat ervaar word in landelike skole ten opsigte van deelname deur die graad 7-leerder. In hierdie hoofstuk val die klem op die navorsingsmetodologie, waarna die navorsingsresultate weergegee, ontleed en bespreek sal word.

#### **4.2 Navorsingsprobleem**

Daar is in Hoofstuk 3 verwys na die voordele wat sportdeelname vir die graad 7-leerder kan inhou. Dit is ook in die literatuur uitgelig dat leerders oor die algemeen minder aktief is a.g.v. onder andere die tegnologiese vordering wat gemaak is en die rol wat die rekenaar en televisie speel (Hill & Turner, 2007:3). Die probleem wat gestel word, is: Die afname en gebrek aan belangstelling en effektiewe deelname aan sport deur graad 7-leerders in landelike skole in Wellington, geleë in die Wynlandomgewing van die Wes-Kaapprovincie in Suid-Afrika..

#### **4.3 Navorsingsvraag**

Die primêre doel van hierdie studie is om vas te stel watter probleme graad 7- leerders van landelike skole ten opsigte van sportdeelname ervaar, hoe sportdeelname verbeter kan word en die waarde van sport uit te lig:

- Neem die leerders aan sport deel?
- Wat is die waarde van sportdeelname?
- Wat is die faktore by skole wat bydra tot die gebrek aan effektiewe deelname?
- Hoe kan sportdeelname, asook die kwaliteit van sportdeelname, by landelike skole verbeter word?

#### **4.4 Navorsingsontwerp**

In 'n poging om vas te stel wat die probleme ten opsigte van sportdeelname in landelike skole is, is besluit om van 'n vraelys gebruik te maak om inligting te bekom. Die vraelys is in 'n loodsstudie getoets. Die vraelys is as tegniek gebruik, aangesien dit 'n maklike en doeltreffende metode is om inligting van leerders, opvoeders en skoolhoofde te verkry.

**Die vraelys het sekere voordele vir die navorser ingehou:**

- Groot hoeveelhede inligting kon in 'n kort tydsbestek verkry word.
- Die navorser kon self die vraelys laat voltooi en administreer.

- 'n Honderd persent terugvoer id bekom omdat die navorser self die vraelyste laat voltooi het.
- Anonimititeit van respondent is verseker.

## 4.5 Metodologie

### 4.5.1 Die loodsondersoek

Die loodsondersoek is gedoen om die vraelys se toepaslikheid te toets en veranderinge aan te bring indien nodig. Die skool waarbinne die vraelys getoets is, is toevallig gekies en in die Wellington-Wynlandomgewing geleë.

### 4.5.2 Navorsingsgroep

Vir hierdie studie is ses skole wat binne die Wynlandstreek van Wellington in die Wes-Kaap van Suid-Afrika geleë is, ewekansig gekies.

Tabel 4.1 dui die skole se totale t.o.v. leerders en opvoeders aan (gr.R-leerders is nie by die skole se leerertal ingesluit nie).

**Tabel 4.1 Skoolprofiële**

Skole	Rol	Gr. 7's	Opvoeders
Skool 1	75	12	4
Skool 2	87	15	5
Skool 3	43	3	2
Skool 4	162	22	6
Skool 5	213	26	7
Skool 6	319	36	8
<b>Totaal</b>	<b>899</b>	<b>114</b>	<b>32</b>

Kolom een dui die onderskeie skole aan. Kolom twee dui die aantal leerders by die skool volgens SOBIS (graad R uitgesluit) ingeskryf is aan. Kolom drie dui die aantal ingeskreve graad 7-leerders by elke skool aan. Kolom vier dui die getal opvoeders in diens by elke skool tydens die afhandeling van die vraelys en volgens elke skool se diensstaat op daardie stadium aan, en sluit die ses skoolhoofde in.

### 4.5.3 Samestelling van die vraelyste

Om te verseker dat die vrae in die vraelyste die kern van die problematiek aanspreek, het die navorser die vernaamste aspekte soos in die literatuur uitgewys, ingesluit. Die volgende temas is in die vraelyste aan skoolhoofde ingesluit:

- biografiese inligting,
- sportbetrokkenheid,

- probleme t.o.v. sportafrigting en -betrokkenheid.

#### **4.5.3.1 Biografiese inligting**

Onder hierdie tema is vrae geformuleer met die doel om belangrike inligting in verband met die respondent te verkry. Hierdie inligting is noodsaaklik, aangesien dit 'n invloed op die sportbetrokkenheid en -probleme kan hê.

#### **4.5.3.2 Sportbetrokkenheid**

Hierdie is die kernaspèk van die studie. Gevolglik is daar aandag in die vraelyste aan skoolhoofde, onderwysers en leerders aan die aspek gegee. Die vrae het veral gekonsentreer op die kwaliteit van afrigting deur afrigters en deelname van leerders. Daar is ook op die betrokkenheid van onderwysers en skoolhoofde by sport gefokus. Sekere vrae oor faktore wat sportafrigting en effektiewe deelname in skole belemmer, is ook ingesluit.

#### **4.5.3.3 Probleme t.o.v. sportafrigting en -betrokkenheid**

Die doel van hierdie inligting was om probleemareas wat waardevolle inligting sal verskaf wanneer terugvoer verskaf en aanbevelings gedoen word te identifiseer.

#### **4.5.4 Keuse van skole**

Die keuse van skole was toevallig. Die skole word almal beskou as landelike skole wat hoofsaaklik die plaaswerker-ouer se kinders bedien. Geen spesifieke leerertal is gekies nie en die skole wissel vanaf ongeveer 300 tot minder as 100 in leerertal.

#### **4.5.5 Toestemming**

Die nodige toestemming is van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement verkry om die vraelyste binne die betrokke skole te laat beantwoord. Die navorser het self na die skole gegaan en die vraelyste afgeneem. Dit het die voordeel gehad dat 100% terugvoer verkry is. Dit is ook onder die respondent se aandag gebring dat die vraelyste vertroulik gehanteer sal word en dat die respondent en skole nie geïdentifiseer sal word nie. Verder is beklemtoon dat die respondent die vraelys anoniem en vrywillig voltooi en die inligting slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik sal word.

#### **4.5.6 Data-aanbieding en ontleding**

Die data is ingesamel, op die rekenaar ingevoer en frekwensietabelle is opgestel. By elke tabel of groep tabelle word die bevindings onderaan die tabel aangetoon:

#### 4.5.6.1 Vraelys aan leerders

**Tabel 4.2: Frekwensieverspreiding t.o.v. ouderdom**

Ouderdom	Frekwensie	%
11	0	0
12	17	14.91
13	48	42.10
14	20	17.54
15+	21	18.42
Nie vraag beantwoord	8	7.02

Tabel 4.2 toon dat die grootste persentasie leerders (42.10%) 13 jaar oud was. Dit stem ooreen met wat die Suid-Afrikaanse Skolewet (South Africa, 1996a:3) voorskryf.

**Tabel 4.3: Frekwensieverspreiding t.o.v. geslag**

Geslag	Frekwensie	%
Seun	56	49.12
Dogter	50	43.86
Nie vraag beantwoord	8	7.02

Tabel 4.3 toon aan dat daar meer seuns as dogters in die groep was, maar die verskil (5.26%) is nie so beduidend nie.

**Tabel 4.4: Frekwensieverspreiding t.o.v. televisiekyktyd per dag**

Televisiekyktyd per dag	Frekwensie	%
Minder as 1 uur	29	25.44
1 uur	24	21.05
2 uur	24	21.05
Meer as 2 uur	28	24.56
Nie vraag beantwoord	9	7.89

Tabel 4.4 toon dat die meeste leerders (25.44%) minder as 1 uur per dag televisie kyk, wat genoeg tyd behoort te laat vir ander aktiwiteite soos sport. Daar kan dus afgelei word dat die televisie nie so 'n groot faktor is t.o.v. hierdie leerders se sportdeelname nie.

**Tabel 4.5: Frekwensieverspreiding t.o.v. TV-programvoorkoure**

Programvoorkoure	Frekwensie	%
Drama	50	43.86
Sport	46	40.35
Dokumentêre	2	1.75
Realiteits	7	6.14
Nie vraag beantwoord	9	7.89

Tabel 4.5 toon dat die meeste leerders drama (43.86%) verkies met sport (40.35%) wat in die tweede plek volg. Hierdie tabel toon dus dat die leerders wel belangstel om na sport op televisie te kyk. Hulle kry dus blootstelling aan sportdeelname op hoë vlak.

**Tabel 4.6: Frekwensiever spreiding t.o.v. sportdeelname**

Sportdeelname	Frekwensie	%
Ja	74	64.91
Nee	30	26.31
Nie vraag beantwoord	10	8.77

Tabel 4.6 toon dat die meeste leerders (64.91%) wel aan sport deelneem. Die redes waarom ongeveer 26.31% van die leerders nie aan sport deelneem nie, is vir hierdie studie van belang.

**Tabel 4.7: Frekwensiever spreiding t.o.v. sportsoortdeelname (Respondente kon meer as een sportsoort aandui.)**

Sportsoorte	Frekwensie	%
Rugby	30	26.32
Netbal	30	26.32
Hokkie	2	1.75
Sokker	16	14.04
Krieket	17	14.91
Vlugbal	0	0.00
Tafeltennis	0	0.00
Landlope	10	8.77
Basketbal	2	1.75
Atletiek	46	40.35
Skaak	0	0.00
Ander	1	0.88

Tabel 4.7 toon dat die meeste leerders aan atletiek (40.35%) deelneem, met deelname aan wintersport (netbal en rugby) die naasgrootste (26.32%). Dit kan gesien word as 'n aanduiding dat die klein skole ook op spansporte soos rugby en netbal konsentreer ten spyte van hul klein leerdergetalle. Dit kan weer 'n beduidende invloed op die gereelde en volgehoue deelname van leerders uitoefen omdat die volmaak van spanne a.g.v. getalle, moontlik 'n probleem kan wees.

**Tabel 4.8: Frekwensiever spreiding t.o.v. vorige sportdeelname**

Vorige Sportdeelname	Frekwensie	%
Ja	87	76.32
Nee	15	13.16
Nie vraag beantwoord	12	10.53

Tabel 4.8 toon dat 76.32% van die leerders tydens vorige jare wel aan sport deelgeneem het en dat die geleentheid vir deelname wel aan die leerder gebied is. Hierdie tabel (in vegelyking met tabel 4.6) toon dat daar wel 'n afname (11.41%) in deelname is. Hierdie afname in sportdeelname is vir hierdie studie van belang.

**Tabel 4.9: Redes waarom leerders sportdeelname gestaak het**

[Onderstaande is die presiese response (woorde, sinne) soos deur die leerders verskaf]

<b>Belangstelling</b>	<b>Voorafgaande Struikelblokke</b>	<b>Strukturele Struikelblokke</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ek is nie lus nie</li> <li>• Ek het nie geoefen nie</li> <li>• Nog nooit deelgeneem nie</li> <li>• Voel nie meer om deel te neem nie</li> <li>• Ek kan weer speel maar ek kom nie</li> <li>• Sport is nie my ding nie</li> <li>• Hulle kan nie vir my sê nie</li> <li>• Was nie lekker nie, het self opgehou</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ons speel nie nou nie</li> <li>• Ek raak baie gou moeg en val om van dorsheid;val flou</li> <li>• Ek is te oud</li> <li>• Is ook nie baie sterk in bene nie</li> <li>• Raak lam in die een kant van my been</li> <li>• Been het gebreek</li> <li>• Been het gesny</li> <li>• bene was te seer van al die oef</li> <li>• Ek het 'n bors</li> <li>• My hak is seer</li> <li>• Knie haak uit knieë pyn</li> <li>• Rug probleem</li> <li>• Voete brand en word seer</li> <li>• Ek is nie so goed nie want die leier wat vir ons leer kyk die wat goed speel</li> <li>• Atletiek het deelgeneem ek het nie ingekom nie</li> <li>• My Ma het gesê ek moet ophou</li> <li>• Ek het slegs atletiek deelgeneem</li> <li>• Die kinders lag my uit as ek iets verkeerds doen en ek hou nie daarvan nie</li> <li>• Ek het seergekry en is bang ek kry weer seer</li> <li>• Het sleg gevoel omdat ek nie meer kan gehardloop het nie</li> <li>• Been was styf toe hou ek op netnou raak dit erger</li> <li>• Ek het opgehou omdat ek aanhou laaste gekom het !</li> <li>• Ek het 'n jongmeisie geraak nou neem ek nie meer deel nie</li> <li>• Was te klein</li> <li>• Kinders was onbeskof</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Nog nie diejaar aangekondig sal later speel</li> <li>• Het nog nie game gekry nie</li> <li>• Ons het nie 'n afrigter nie</li> <li>• Ons het nie meer n baan nie ons oefen in die tennis baan en die meisies speel in die baan</li> <li>• Ek kom laat by die huis</li> <li>• Want ons skool hou nie nou atletiek nie</li> <li>• Ons skool het min sport dele</li> <li>• Dis nie nou die tyd om aan sport deel te neem nie</li> <li>• ons skool doen nie nou sport nie</li> <li>• Het net interkleure atletiek</li> <li>• Ons doen nie elke jaar sport nie</li> <li>• Doen pouses sport</li> <li>• Ons kinders was te min maar ons wil graag deelneem</li> <li>• Daar was nie plek nie</li> <li>• Ons het nie vervoer nie</li> </ul>

Tabel 4.9 toon duidelik dat die afname in sportdeelname van die leerders duidelike ooreenkomste toon met dit wat die literatuur aandui, soos duidelik geïllustreer word deur die volgende antwoorde: "Ek het 'n jongmeisie geraak nou neem ek nie meer deel nie; Was te klein; Is ook nie baie sterk in bene nie," ens. Die gebrek aan belangstelling wat sportdeelname beperk of verhinder, word baie duidelik uitgewys deur die volgende opmerkings van leerders: "Sport is nie my ding nie; Was nie lekker nie, het self opgehou; Ek kan weer speel maar ek kom nie." 'n Gebrek aan motivering is ook duidelik wanneer die leerders aanvoer dat: "Ek het opgehou omdat ek aanhou laaste gekom het !; Ek is nie so goed nie want die leier wat vir ons leer kyk die wat goed speel; Atletiek het deelgeneem ek het nie ingekom nie; Die kinders lag my uit as ek iets verkeerds doen en ek hou nie daarvan nie." Die literatuur wys ook uit dat die beskikbaarheid en kennis (Lee, 1999 :49) van die afrigter ook 'n rol speel en dit word bevestig deur die volgende opmerking van 'n leerder, "Ons het nie 'n afrigter nie". Die strukturele struikelblokke wat sportdeelname beperk of verhinder, is duidelik in die volgende opmerkings: "Ons het nie vervoer nie; Ek kom laat by die huis; Ons het nie meer 'n baan nie ons oefen in die tennis baan en die meisies speel in die baan."

**Tabel 4.10: Frekwensiever spreiding t.o.v. sportdeelname per graad (Respondente kon meer as een graad aandui.)**

Sportdeelname per Graad	Frekwensie	%
Graad 1	53	46.49
Graad 2	61	53.51
Graad 3	69	60.53
Graad 4	61	53.51
Graad 5	67	58.77
Graad 6	67	58.77
Graad 7	46	40.35

Tabel 4.10 toon dat sportdeelname in graad 7 met ongeveer 20% gedaal het. Die tabel toon dus dat alhoewel daar deelname is, dit baie afgeneem het en dat minder as die helfte van die leerders tydens hul graad 7-jaar aan sport deelneem. Hierdie inligting staaf weer die aanvanklike vertrekpunt dat nie baie graad 7-leerders aan sport deelneem nie. Dit stem ook min of meer ooreen met die lae deelnamesyfer aan rugby en netbal.

**Tabel 4.11: Frekwensiever spreiding t.o.v. sportsoorte wat die meeste geniet word (Respondente kon meer as een sportsoort aandui.)**

Sportsoorte	Frekwensie	%
Rugby	62	54.39
Netbal	36	31.58
Hokkie	6	5.26
Sokker	47	41.23
Krieket	55	48.25
Vlugbal,	1	0.88
Tafeltennis	3	2.63
Landlope	21	18.42
Basketbal	5	4.39
Atletiek	52	45.61
Skaak	2	1.75
Ander	2	1.75

Tabel 4.11 toon dat rugby (54.39%) die sportsoort is wat die meeste geniet word met atletiek (45.61%) tweede, sokker (41.23%) derde en netbal (31.58%) vierde. Daar kan ook afgelei word dat netbal se belangstelling hier minder is omdat minder meisie aan die navorsing deelgeneem het. Die groter belangstelling in rugby kan ook toegeskryf word aan die groter dekking wat rugby vanuit die media, spesifiek die televisie, geniet, alhoewel die leerders nie so baie sport op televisie kyk nie.

**Tabel 4.12: Frekwensiever spreiding t.o.v. oefendae (Respondente kon meer as een oefendag aandui.)**

Oefendae	Frekwensie	%
Maandae	69	60.53
Dinsdae	39	34.21
Woensdae	42	36.84
Donderdae	46	40.35
Vrydae	29	25.44
Saterdae	5	4.39
Sondae	3	2.63

Tabel 4.12 toon dat sport regdeur die week beoefen word met Maandae (60.53%) en Donderdae (40.35%) die dae waarop die meeste geoefen word. Die redes waarom Maandae en Donderdae die oefendae met die meeste deelnemers is, is nie bekend nie.

**Tabel 4.13: Frekwensiever spreiding t.o.v. watter tyd van die dag oefeninge plaasvind (Respondente kon meer as een oefentyd aandui.)**

Oefentye	Frekwensie	%
Skoolure	59	51.75
Vanaf 14:00	34	29.82
Vanaf 15:00	1	0.88
Vanaf 16:00	94	82.46

Tabel 4.13 toon dat sport meestal gedurende die skoolure (51.75%) beoefen word. Die rede hiervoor kan wees die afstand wat die leerders van die skool af woon wat veroorsaak dat hulle 'n bus moet haal om weer huis te kom. Dit kan weer ernstige gevolge vir die kurrikulum by die skool inhou, want oefeninge vind dan gedurende skooltyd plaas. Hierdie situasie is onaanvaarbaar aangesien sport nie tydens skoolure moet plaasvind nie, want onderrigtyd word ingeboet. 'n Groot persentasie 82.46% oefen egter vanaf 16:00 in die middag,

**Tabel 4.14: Frekwensiever spreiding t.o.v. tydsduur van 'n oefening**

Tydsduur van oefening	Frekwensie	%
Minder as 1 uur	26	22.81
1 uur	42	36.84
2 uur	25	21.93
Meer as 2 uur	13	11.40
Nie vraag beantwoord	8	7.02

Tabel 4.14 toon dat die meeste oefeninge (36.84%) 'n uur lank is, maar dat 'n groot persentasie leerders twee uur en langer oefen. Die vraag kan ook gevra word of die afrigting wat tydens hierdie tye plaasvind van 'n hoë gehalte en effektiel is.

**Tabel 4.15: Frekwensiever spreiding t.o.v. hoe die leerder by oefeninge kom**

Hoe kom leerders by oefeninge	Frekwensie	%
Loop	61	53.51
Ry	18	15.79
Nie vraag beantwoord	35	30.70

Tabel 4.15 toon dat die meeste leerders (53.51%) na die oefeninge toe loop. Dit kan veroorsaak dat oefeninge in die wintermaande swakker bygewoon word. Dit kan ook 'n invloed op deelnamevlakke hê aangesien die afstand wat afgelê moet word, leerders kan ontmoedig om deel te neem.

**Tabel 4.16: Frekwensiever spreiding t.o.v. wie die leerder tot by die oefening neem**

Wie neem leerders tot by oefeninge	Frekwensie	%
Jyself	27	23.68
Jou ouers	19	16.67
Opvoeder	35	30.70
Ander	18	15.79
Nie vraag beantwoord	15	13.16

Tabel 4.16 toon dat dit meestal die opvoeders (30.70%) is wat die leerders by die oefeninge besorg en dat die tweede grootste groep (23.68%) self by die oefeninge opdaag. Hierdie toedrag van sake kan beteken dat die onderwyser dalk minder tyd vir afrigting beskikbaar het, want die vervoer van leerders ván én na hul tuistes kan baie tyd in beslag neem. Dit is ook onaanvaarbaar, want dit is nie die taak van onderwysers om leerders te vervoer nie. Ander opsies moet gevind word om die situasie te verbeter.

**Tabel 4.17: Frekwensiever spreiding t.o.v. watter dae wedstryde plaasvind**

Wedstryddae	Frekwensie	%
Maandae	4	3.51
Dinsdae	51	44.74
Woensdae	29	25.44
Donderdae	20	17.54
Vrydae	4	3.51
Saterdae	5	4.39
Nie vraag beantwoord	1	0.88

Tabel 4.17 toon dat wedstryde meestal op 'n Dinsdag (44.74%) plaasvind. Geen rede is duidelik waarom Dinsdae meestal vir wedstryde gekies word nie.

**Tabel 4.18: Frekwensieverspreiding t.o.v. hoeveel sportsoorte 'n leerder aan deelneem**

Hoeveelheid sportsoorte	Frekwensie	%
1 sportsoort	70	61.40
2 sportsoorte	14	12.28
3 sportsoorte	5	4.39
4+ sportsoorte	4	3.51
Nie vraag beantwoord	21	18.42

Tabel 4.18 toon dat die meeste leerders (61.40%) net aan een sportsoort deelneem. Die ideaal is dat leerders aan 'n wintersport en 'n somersport moet deelneem (Smith, 2010:2).

**Tabel 4.19: Frekwensieverspreiding t.o.v. ouers se bywoning van wedstryde**

Ouerbywoning	Frekwensie	%
Ja	41	35.96
Nee	36	31.58
Soms	25	21.93
Nie vraag beantwoord	12	10.53

Tabel 4.19 toon dat slegs 35.96% van ouers die leerders se wedstryde bywoon. Tabel 4.9 toon aan dat ouerondersteuning en aanmoediging 'n probleem is wat die leerder se sportdeelname beperk of verhinder. Daar moet gepoog word om ouers meer betrokke te kry by die leerders se sport.

**Tabel 4.20: Frekwensieverspreiding t.o.v. moeilikhede m.b.t. sportdeelname**

Moeilikhede ervaar	Frekwensie	%
Geld	10	8.77
Vervoer na oefeninge	26	22.81
Vervoer na wedstryde	16	14.04
Ouers weier dat jy deelneem	6	5.26
Skool neem nie deel nie	11	9.65
Toerusting	4	3.51
Fasilitete	4	3.51
Afstand	15	13.16
Ander	8	7.02
Nie vraag beantwoord	14	12.28

Tabel 4.20 toon dat vervoer (22.81%) die grootste probleem is wat ervaar word. Hierdie tabel stem ook baie duidelik ooreen met tabel 4.9 waar hierdie struikelblokke deur leerders uitgewys is. Dit stem ook ooreen met die literatuur wat strukturele struikelblokke as die mees algemene struikelblokke identifiseer (Coetzee *et al.*, 2004:2).

**Tabel 4.21: Frekwensieverspreiding t.o.v. óf die leerder 'n sportheld het of nie**

Sportheld/in	Frekwensie	%
Ja	89	78.07
Nee	16	14.04
Nie vraag beantwoord	9	7.89

Tabel 4.21 toon dat 78.07% van die leerders wel 'n sportheld het wat 'n baie positiewe aspek t.o.v. sportdeelname is. Die literatuur toon dat helde 'n positiewe aspek in die ontwikkeling van die leerder is.

#### 4.5.6.2 Vraelys aan onderwysers

**Tabel 4.22: Frekwensiever spreiding t.o.v. die jare diens**

Diensjare	Frekwensie	%
0jr – 5jr	8	25.00
6jr – 10jr	2	6.25
11jr -15jr	4	12.50
16jr – 20jr	4	12.50
21jr – 25jr	2	6.25
26jr – 30 jr	3	9.38
35+ jr	2	6.25
Nie vraag beantwoord	7	21.88

Tabel 4.22 toon dat die meeste onderwysers (25%) nog nie baie lank in die onderwys is nie en betreklik onervare is. Dit kan dalk toegeskryf word aan die feit dat dit 'n landelike gebied is en onderwysers neig om liefs in die stede skool te hou as op die platteland waar afstand en vervoeronkoste 'n groot rol speel.

**Tabel 4.23: Frekwensiever spreiding t.o.v. die geslag**

Geslag	Frekwensie	%
Manlik	5	15.63
Vroulik	20	62.50
Nie vraag beantwoord	7	21.88

Tabel 4.23 toon dat die meeste onderwysers vroue is (62.50%), wat kan beteken dat dames ook by die afrigting van seuns betrokke kan/moet raak aangesien meer seuns as dogters (Tabel 4.3) aan sport deelneem.

**Tabel 4.24: Frekwensiever spreiding t.o.v. die tipe betrokkenheid (Respondente kon meer as een tipe sportbetrokkenheid aandui.)**

Tipe sportbetrokkenheid	Frekwensie	%
Geen	0	0
Afrigting	18	56.25
Skeidsrechter	8	25.00
Toesighouding	13	40.63
Tellinghouer	8	25.00
Vervoer van leerders	6	18.75
Finansies	7	21.88
Ondersteuning	13	40.63

Tabel 4.24 toon dat die meeste onderwysers (56.25%) by afrigting betrokke is, terwyl net minder as die helfte (40.63%) ook by toesighouding en ondersteuning van sport betrek word. Dit is dus belangrik dat die kennis wat die betrokke onderwysers van 'n sportsoort het genoegsaam is ten einde die leerders aan effektiewe afrigting bloot te stel. Die feit dat so baie onderwysers ook by die ondersteuning van

sport betrek word, kan ook beteken dat hulle kennis van afrigting en skeidsregting sal moet hê aangesien hulle ook as plaasvervangers in dié hoedanighede moet kan optree.

**Tabel 4.25: Frekwensieverspreiding t.o.v. jare van skolesport betrokkenheid**

Sportbetrokkenheid ervaring	Frekwensie	%
0jr – 5jr	7	21.88
6jr – 10jr	6	18.75
11jr – 15jr	3	9.38
16jr - 20jr	5	15.63
21jr – 25jr	1	3.13
26jr+	3	9.38
Nie vraag beantwoord	7	21.88

Tabel 4.25 toon dat die meeste onderwysers nog nie lank by sport betrokke is nie, wat ooreenstem met Tabel 4.22 wat die jare diens van die onderwysers aandui.

**Tabel 4.26: Frekwensieverspreiding t.o.v. jare van skolesport-afrigting betrokkenheid:**

Sportafrigting betrokkenheid	Frekwensie	%
0jr – 5jr	9	28.13
6jr – 10jr	4	12.50
11jr – 15jr	4	12.50
16jr - 20jr	4	12.50
21jr – 25jr	1	3.13
26jr+	3	9.38
Nie vraag beantwoord	7	21.88

Tabel 4.26 stem ook ooreen met tabelle 4.22 en 4.25 wat toon dat die meeste onderwysers (28.13%) nie lank by sport betrokke is nie vanweë hul min jare diens.

**Tabel 4.27: Frekwensieverspreiding van kennis van sportafrigting**

Afrigtingskennis	Frekwensie	%
Ja	8	25.00
Nee	15	46.88
Nie vraag beantwoord	9	28.13

Tabel 4.27 toon dat die meeste onderwysers (46.88%) voel dat hulle nie oor genoegsame kennis beskik om 'n sportsoort af te rig nie. Die afleiding kan gemaak word dat die gebrek aan kennis 'n direkte invloed op die kwaliteit van afrigting en die effektiwiteit van afrigting sal hê.

**Tabel 4.28 Frekwensieverspreiding t.o.v. formele opleiding in sportafrigting**

Afrigtingsopleiding	Frekwensie	%
Ja	9	28.13
Nee	15	46.88
Nie vraag beantwoord	8	25.00

Tabel 4.28 toon dat die meeste onderwysers nie formele opleiding ontvang het om te kan afrig nie (in ooreenstemming met tabelle 4.22, 4.26, 4.27 & 4.28 ) en vanweë die feit dat die WKOD nie

afrigtingskursusse vir onderwysers aanbied nie. Metodes moet gevind word om die onderwysers se kennis van afrigting te verbeter.

**Tabel 4.29: Frekwensieverspreiding t.o.v. geslag van sportdeelnemers (Respondente kon beide geslagte aandui.)**

Geslag van leerders	Frekwensie	%
Seuns	15	46.88
Dogters	20	62.50

Tabel 4.29 toon dat die meeste onderwysers (62.50%) by dogters se sport betrokke is. Dit kan ook wees vanweë die feit dat die meeste onderwysers dames is. Dit beteken ook verder dat seuns se sport deur 'n minderheid van mansonderwysers afgerig moet word wat weer deur 'n tekort aan mannekrag geaffekteer kan word. Sommige onderwysers is by die afrigting van seuns en dogters betrokke.

**Tabel 4.30: Frekwensieverspreiding t.o.v. watter geslag die meeste by sport betrokke is**

Geslag van Leerders	Frekwensie	%
Seuns	19	59.38
Dogters	6	18.75
Nie vraag beantwoord	7	21.88

Tabel 4.30 dui dat seuns (59.38%) die meeste by sport betrokke is. Uit die feit dat meer dames (tabel 4.23) in die skole teenwoordig is en die meeste damesonderwysers by dogtersport (tabel 4.29) betrokke is, is dit weer eens duidelik dat die seuns deur 'n minderheid mansonderwysers afgerig word. Dit beteken groter getalle per onderwyser vir afrigting wat 'n probleem kan wees, veral as die onderwyser nie formele opleiding (tabel 4.28) gekry het om af te rig nie.

**Tabel 4.31: Frekwensieverspreiding t.o.v. leerders se finansiële verpligtinge**

Finansiële bydrae	Frekwensie	%
Ja	3	9.38
Nee	21	65.63
Soms	2	6.25
Nie vraag beantwoord	6	18.75

Tabel 4.31 toon aan dat volgens die onderwysers die leerders nie hoef te betaal om aan sport deel te neem nie.

**Tabel 4.32: Frekwensieverspreiding t.o.v. die skool se bydrae tot sportdeelname**

Skoolvoorsiening	Frekwensie	%
Ja	17	53.13
Nee	7	21.88
Soms	1	3.13
Nie vraag beantwoord	7	21.88

Tabel 4.32 toon dat die meeste onderwysers van mening is dat dit die skool se verantwoordelikheid is om alles aan leerders ten opsigte van sportdeelname te verskaf. In die praktyk is dit egter nie die geval nie.

**Tabel 4.33: Frekwensieverspreiding t.o.v. ekstra finansiële verpligtinge vir vervoer na wedstryde**

<b>Ekstra betaling</b>	<b>Frekwensie</b>	<b>%</b>
Ja	5	15.63
Nee	18	56.25
Soms	2	6.25
Nie vraag beantwoord	7	21.88

Tabel 4.33 toon dat die meeste onderwysers van mening is dat leerders nie ekstra vir vervoer na wedstryde behoort te betaal nie.

**Tabel 4.34: Frekwensieverspreiding t.o.v. gesikte fasiliteite**

<b>Oefengeriewe</b>	<b>Frekwensie</b>	<b>%</b>
Ja	4	12.50
Nee	21	65.63
Nie vraag beantwoord	7	21.88

Tabel 4.34 'n Baie groot persentasie onderwysers (65.63%) toon aan dat die meeste skole nie oor gesikte oefengeriewe beskik nie. Fasiliteite kan dus gesien word as een van die grootste probleem (Coetzee *et al.*, 2004:2).

**Tabel 4.35: Frekwensieverspreiding t.o.v. genoegsame toerusting**

<b>Genoegsame toerusting</b>	<b>Frekwensie</b>	<b>%</b>
Ja	4	12.50
Nee	21	65.63
Nie vraag beantwoord	7	21.88

'n Baie groot persentasie onderwysers (65.63%) toon dat die meeste skole nie oor genoegsame toerusting beskik om sport te beoefen nie. Saam met fasiliteite is dit van die grootste probleem.

**Tabel 4.36: Frekwensieverspreiding t.o.v. deelname aan winter- en somersport**

<b>Tipe sportsoort</b>	<b>Frekwensie</b>	<b>%</b>
Wintersportsoorte	4	12.50
Somersportsoorte	21	65.63
Nie vraag beantwoord	7	21.88

Tabel 4.36 Onderwysers is van mening dat leerders meer aan somersport (65.63%) as aan wintersport (12.25%) deelnaam. Die meeste leerders neem aan atletiek deel en dit verklaar die groot verskil in deelname.

**Tabel 4.37: Frekwensieverspreiding t.o.v. oefendae (Respondente kon meer as een keuse uitoefen.)**

Oefendae	Frekwensie	%
Maandae	17	53.13
Dinsdae	9	28.13
Woensdae	8	25.00
Donderdae	10	31.25
Vrydae	0	0
Saterdae	0	0

Tabel 4.37 toon dat 'n Maandag (53.13%) die gewildste oefendag is. Donderdae (31.25%) is die dag met die tweede grootste aanhang vir oefening. Dit dui daarop dat die meeste skole op dieselfde dae oefen.

**Tabel 4.38: Frekwensieverspreiding t.o.v. die finansiële toekenning**

Finansiële toekenning	Frekwensie	%
Ja	5	15.63
Nee	18	56.25
Nie vraag beantwoord	9	28.13

Tabel 4.38 toon dat die meeste onderwysers (56.25%) voel dat die finansiële toekenning vir sport onvoldoende is.

**Tabel 4.39: Frekwensieverspreiding t.o.v. die tyd wat aan sport afgestaan word**

Tyd afgestaan aan sport	Frekwensie	%
Ja	5	15.63
Nee	20	62.50
Nie vraag beantwoord	7	21.88

Tabel 4.39 toon dat die meeste onderwysers (62.50%) voel dat die tyd wat aan sport afgestaan word onvoldoende is.

**Tabel 4.40: Frekwensieverspreiding t.o.v. die geskiktheid van oefentye**

Sporttyd geskik	Frekwensie	%
Ja	11	34.38
Nee	13	40.63
Nie vraag beantwoord	8	25.00

Tabel 4.40 toon aan dat 'n klein meerderheid onderwysers (40.63% teenoor 34.38%) voel dat die sport nie op geskikte tye plaasvind nie.

**Tabel 4.41: Frekwensieverspreiding t.o.v. ouerbetrokkenheid by sport**

Ouerbetrokkenheid	Frekwensie	%
Goed	1	3.13
Gemiddeld	11	34.38
Swak	13	40.63
Nie vraag beantwoord	7	21.88

Tabel 4.41 toon dat die meeste onderwysers (40.63%) voel dat ouers se betrokkenheid by die leerders se sport swak is.

**Tabel 4.42: Frekwensieverspreiding t.o.v. die Skoolbestuurspan se betrokkenheid by sportbedrywighede:**

SBS betrokkenheid	Frekwensie	%
Ja	3	9.38
Nee	12	37.50
Soms	8	25.00
Nie vraag beantwoord	9	28.13

Tabel 4.42 toon dat die meeste onderwysers (37.50%) voel dat die SBS se betrokkenheid by sport swak is. 'n Kleiner hoeveelheid onderwysers (28.13%) voel dat die SBS net soms betrokke is.

**Tabel 4.43: Frekwensieverspreiding t.o.v. Boland USSASA se rol in sportbevordering:**

Boland USSASA se rol	Frekwensie	%
Goed	3	9.38
Gemiddeld	14	43.75
Swak	6	18.75
Nie vraag beantwoord	9	28.13

Tabel 4.43 toon dat die meeste onderwysers (43.75%) voel dat Boland USSASA se rol maar gemiddeld is in die bevordering van sport.

**Tabel 4.44: Frekwensieverspreiding t.o.v. die WKOD se rol in die bevordering van sportdeelname:**

WKOD se rol	Frekwensie	%
Belangrik	16	50.00
Onbelangrik	9	28.13
Nie vraag beantwoord	7	21.88

Tabel 4.44 toon dat die meeste onderwysers (50%) voel die WKOD speel 'n belangrike rol in die bevordering van die leerders se sportdeelname.

**Tabel 4.45: Frekwensieverspreiding t.o.v. die WKOD se rol in bevordering van sportdeelname by eie skool**

WKOD sportbevordering	Frekwensie	%
Ja	7	21.88
Nee	17	53.13
Nie vraag beantwoord	8	25.00

Tabel 4.45 toon aan dat die meeste onderwysers (53.13%) voel dat die WKOD nie sportdeelname by eie skool bevorder nie.

#### 4.5.6.3 Vraelys aan skoolhoofde

**Tabel 4.46: Frekwensieverspreiding t.o.v. die jare diens in die onderwys**

Onderwys ervaring	Frekwensie	%
0jr – 5jr	0	0.00
6jr – 10jr	0	0.00
11jr -15jr	1	16.67
16jr – 20jr	1	16.67
21jr – 25jr	1	16.67
26jr +	3	50.00

Tabel 4.46 toon dat die meeste skoolhoofde (50%) oor genoegsame ervaring (minimum van 11jaar) in die onderwys beskik.

**Tabel 4.47: Frekwensieverspreiding t.o.v. die jare diens as skoolhoof**

Ervaring as Skoolhoof	Frekwensie	%
0jr – 5jr	3	50.00
6jr – 10jr	0	0.00
11jr -15jr	2	33.33
16jr – 20jr	1	16.67
21jr – 25jr	0	0.00
26jr +	0	0.00

Tabel 4.47 toon dat die helfte (50%) van die skoolhoofde nie baie lank skoolhoofde is nie, terwyl die ander 50% meer as tien jaar diens as skoolhoofde het.

**Tabel 4.48: Frekwensieverspreiding t.o.v. die geslag**

Geslag	Frekwensie	%
Manlik	2	33.33
Vroulik	4	66.67

Tabel 4.48 toon aan dat die meeste skoolhoofde dames was.

**Tabel 4.49: Frekwensieverspreiding t.o.v. sportafrigting**

Sportafrigting	Frekwensie	%
Ja	4	66.67
Nee	2	33.33

Tabel 4.49 toon dat die meeste skoolhoofde (66.67%) wel sport afrig.

**Tabel 4.50: Frekwensieverspreiding t.o.v. die gebruik van onderwysers as afrigters**

Afrigting deur Onderwysers	Frekwensie	%
Ja	6	100.00
Nee	0	0.00

Tabel 4.50 toon aan dat skoolhoofde ten volle van onderwysers gebruik maak om sport af te rig.

**Tabel 4.51: Frekwensieverspreiding t.o.v. die tipe betrokkenheid by sport (respondente kon meer as een keuse aandui.)**

Tipe betrokkenheid	Frekwensie	%
Geen	0	0.00
Afrigting	4	66.67
Skeidsregter	0	0.00
Toesighouding	4	66.67
Tellinghouer	0	0.00
Vervoer	5	83.33
Finansies	2	33.33
Ondersteuning	3	50.00
Administratief	4	66.67
Ander	0	0.00

Tabel 4.51 toon aan dat die skoolhoofde hoofsaaklik by vervoer, afrigting, toesighouding en die administrasie van sport betrokke is (in volgorde van belangrikheid). 'n Groot persentasie (66.67%) doen afrigting sonder formele opleiding (tabel 4.55) en maak dus staat op hul ervaring wat betref die sportsoort wat afgerig word.

**Tabel 4.52: Frekwensieverspreiding t.o.v. jare van betrokkenheid by skolesport**

Tydperk betrokke by sport	Frekwensie	%
0jr – 5jr	1	16.67
6jr – 10jr	0	0.00
11jr – 15jr	1	16.67
16jr – 20jr	2	33.33
21jr – 25jr	1	16.67
26jr+	1	16.67

Tabel 4.52 toon aan dat die meeste skoolhoofde (33.33%) vir meer as 16 jaar by skolesport betrokke is. Dit kan 'n aanduiding wees dat skoolhoofde baie ervaring t.o.v. die afrigting van sekere sportsoorte kon opgebou het.

**Tabel 4.53: Frekwensieverspreiding t.o.v. jare van betrokkenheid by skolesportafrigting:**

Betrokkenheid by sportafrigting	Frekwensie	%
0jr – 5jr	0	0.00
6jr – 10jr	0	0.00
11jr – 15jr	0	0.00
16jr – 20jr	2	33.33
21jr – 25jr	1	16.67
26jr+	1	16.67
Nie vraag beantwoord	2	33.33

Tabel 4.53 toon dat die meeste skoolhoofde (33.33%) betreklik lank (16 jaar en meer) by afrigting spesifiek in die skool betrokke is. Dit bevestig die vermoede (Tabel 4.52) dat skoolhoofde baie ervaring t.o.v. afrigting opgebou het. Wat die kwaliteit van die afrigtingservaring is, kan egter nie hieruit vasgestel word nie.

**Tabel 4.54: Frekwensieverspreiding t.o.v. genoegsame van kennis in sportafrigting**

Genoegsame kennis vir afrigting	Frekwensie	%
Ja	2	33.33
Nee	4	66.67

Tabel 4.54 toon dat die meeste skoolhoofde (66.67%) voel hulle beskik nie oor genoegsame kennis om 'n sportsoort af te rig nie. Hierdie bevindinge stem ooreen met onderwysers (tabel 4.27).

**Tabel 4.55: Frekwensieverspreiding t.o.v. formele opleiding in afrigting**

Opleiding vir afrigting	Frekwensie	%
Ja	2	33.33
Nee	4	66.67

Tabel 4.55 toon aan dat die meeste skoolhoofde (66, 67%) nie formele opleiding gekry het om afrigting te kan doen nie. Stem ooreen met onderwysers (tabel 4.28).

**Tabel 4.56: Frekwensieverspreiding t.o.v. of die skool jaarlikse sportbrgrotting**

Begrotingsvoorsiening	Frekwensie	%
Ja	6	100.00
Nee	0	0.00

Tabel 4.56 toon dat al die skole wel jaarliks in hul begroting vir sport voorsiening maak, maar dit blyk vanuit 'n onderwysers-oogpunt onvoldoende te wees (Tabel 4.38).

**Tabel 4.57: Frekwensieverspreiding t.o.v. die finansiële bronne van skoolsport (Respondente kon meer as een bron aandui.)**

Bonne	Frekwensie	%
WKOD	5	83.33
Owers	2	33.33
Donateurs	2	33.33
Ander	1	16.67

Tabel 4.57 toon dat die WKOD (83.33%) die grootste finansiële bron vir sport in die skool is.

**Tabel 4.58: Frekwensieverspreiding t.o.v. persentasie van totale begroting aan sport**

Begroting aan sport	Frekwensie	%
0 – 10 %	4	66.67
11 – 20 %	1	16.67
21 – 30 %	0	0.00
31 – 40 %	0	0.00
41 – 50 %	0	0.00
51 % +	0	0.00
Nie vraag beantwoord	1	16.67

Tabel 4.58 toon dat die meeste skole minder as 10% van hul totale begroting aan sport toeken. Dit stem in 'n groot mate ooreen met wat in Tabel 1.1 aangedui word, naamlik dat daar baie minder geld aan landelike leerders wat sport beoefen bestee word (South Africa, 2010b:5). Dit moet egter vermeld

word dat die persentasie besteding t.o.v. sport min of meer tussen ryk en arm skole ooreenstem (Sien ook Tabel 1.1).

**Tabel 4.59: Frekwensieverspreiding t.o.v. watter uitgawes wat deur die sportbegroting gedek word**

Uitgawes van sport	Frekwensie	%
Vervoer	4	66.67
Kleredrag	1	16.67
Affiliasie	0	0.00
Onderhoud van fasiliteite	0	0.00
Toerusting	0	0.00
Ander	0	0.00
Nie vraag beantwoord	1	16.67

Tabel 4.59 toon dat die grootste uitgawe (66.67%) t.o.v. skoolsport die vervoer is. Dit kan wees vanweë die afstand van en na die skool vir die leerders, asook die afstand tussen skole in die landelike gebiede. Tabel 4.58 se bevinding stem ooreen met die gevoel van die onderwysers (Sien Tabelle 4.31, 4.32 & 4.33).

**Tabel 4.60: Frekwensieverspreiding t.o.v. óf leerders betaal om aan sport deel te neem**

Betaal leerders	Frekwensie	%
Ja	1	16.67
Nee	4	66.67
Soms	1	16.67

Tabel 4.60 toon dat die meeste leerders (66.67%) nie hoof te betaal om aan sport deel te neem nie wat ook ooreenstem met Tabelle 4.31, 4.32 en 4.33.

**Tabel 4.61: Frekwensieverspreiding t.o.v. waarvoor finansiële bydrae benodig word**

Uitgawes van sport	Frekwensie	%
Vervoer	1	16.67
Kleredrag	0	0.00
Affiliasie	0	0.00
Onderhoud van fasiliteite	0	0.00
Toerusting	0	0.00
Ander	3	50.00
Nie vraag beantwoord	2	33.33

Tabel 4.61 toon dat die meeste uitgawes (50%) t.o.v. sport, ander, ongespesifiseerde uitgawes is, gevvolg deur 'n klein hoeveelheid (16.67%) wat wel uitgawes t.o.v. vervoer het.

**Tabel 4.62: Frekwensieverspreiding t.o.v. of die skool alles bydra tot die sport**

Toerusting verskaffing	Frekwensie	%
Ja	3	50.00
Nee	0	0.00
Soms	3	50.00

Tabel 4.62 toon dat die skole soms alles verskaf om sport te beoefen. Dit stem in 'n mate ooreen met die onderwysers se gevoel in Tabel 4.32.

**Tabel 4.63: Frekwensieverspreiding t.o.v. of ekstra finansiële verpligtinge vir vervoer na wedstryde nodig is**

<b>Ekstra betaling benodig</b>	<b>Frekwensie</b>	<b>%</b>
Ja	0	0.00
Nee	5	83.33
Soms	1	16.67

Tabel 4.63 toon dat die meeste leerders (83.33%) nie ekstra hoef te betaal vir vervoer na wedstryde nie. Die skoolhoofde en onderwysers is op hierdie punt dit eens.

**Tabel 4.64: Frekwensieverspreiding t.o.v. gesikte oefengeriewe**

<b>Gesikte oefengeriewe</b>	<b>Frekwensie</b>	<b>%</b>
Ja	1	16.67
Nee	5	83.33

Tabel 4.64 toon dat die meeste skole (83.33%) nie oor gesikte oefengeriewe vir sport beskik nie. Dit stem ooreen met die onderwysers se mening in Tabel 4.34.

**Tabel 4.65: Frekwensieverspreiding t.o.v. genoegsaamheid van toerusting**

<b>Genoegsame toerusting</b>	<b>Frekwensie</b>	<b>%</b>
Ja	1	16.67
Nee	5	83.33

Tabel 4.65 toon dat al die skole nie oor genoegsame toerusting beskik om sport te beoefen nie. Dit stem ooreen met die mening van die onderwysers in Tabel 4.34.

**Tabel 4.66: Frekwensieverspreiding t.o.v. siening van finansiële verantwoordelikheid (Respondente kon meer as een keuse aandui.)**

<b>Befondsing van Sport</b>	<b>Frekwensie</b>	<b>%</b>
WKOD	6	100.00
Ouers	2	33.33
Donateurs	3	50.00
Ander	2	33.33

Tabel 4.66 toon dat die skoolhoofde almal van mening is dat die WKOD die verantwoordelikheid vir skoolsport moet dra. Saam met die WKOD moet donateurs ook help om skoolsport te befonds.

**Tabel 4.67: Frekwensieverspreiding t.o.v. watter sportsoorte wat die meeste deelnemers trek**

<b>Tipe sportsoort</b>	<b>Frekwensie</b>	<b>%</b>
Wintersportsoorte	1	16.67
Somersportsoorte	5	83.33

Tabel 4.67 toon dat somersportsoorte die meeste deelnemers trek.

**Tabel 4.68: Frekwensieverspreiding t.o.v. of die finansiële toekenning vir sport (Respondente kon meer as een keuse aandui.)**

Sportsoort	Ja	%	NEE	%
Rugby	1	16.67	2	33.33
Netbal	1	16.67	2	33.33
Hokkie	0	0.00	0	0.00
Sokker	0	0.00	0	0.00
Krieket	1	16.67	3	50.00
Vlugbal	0	0.00	0	0.00
Tafeltennis	0	0.00	0	0.00
Landlope	0	0.00	3	50.00
Basketbal	0	0.00	0	0.00
Atletiek	1	16.67	5	83.33
Skaak	0	0.00	0	0.00
Ander				

Tabel 4.68 toon dat skoolhoofde van mening is dat die befondsing vir alle sportsoorte nie genoegsaam is nie.

**Tabel 4.69: Frekwensieverspreiding t.o.v. of die tyd afgestaan aan sport genoegsaam is**

Voldoende sporttyd	Frekwensie	%
Ja	0	0.00
Nee	5	83.33
Nie vraag beantwoord	1	16.67

Tabel 4.69 toon dat die meeste skoolhoofde (83.33%) voel dat die tyd wat aan sport afgestaan word, nie genoegsaam is nie.

**Tabel 4.70: Frekwensieverspreiding t.o.v. of die sport op gesikte tye plaasvind**

Geskikte tyd	Frekwensie	%
Ja	3	50.00
Nee	1	16.67
Nie vraag beantwoord	2	33.33

Tabel 4.70 toon aan dat die helfte van die skoolhoofde voel dat die tyd waarop sport plaasvind gesik is.

**Tabel 4.71: Frekwensieverspreiding t.o.v. ouerbetrokkenheid**

Ouerbetrokkenheid	Frekwensie	%
Ja	1	16.67
Nee	5	83.33

Tabel 4.71 toon dat die skoolhoofde (83.33%) voel dat die ouer nie genoegsaam by die kind se sport betrokke is nie.

**Tabel 4.72: Frekwensieverspreiding t.o.v. Skoolbestuurspan (SBS) se betrokkenheid**

SBS betrokkenheid	Frekwensie	%
Ja	1	16.67
Nee	5	83.33

Tabel 4.72 toon dat die meeste skoolhoofde (83.33%) voel dat die Skoolbestuurspan ook nie genoegsaam by skoolsport betrokke is nie.

**Tabel 4.73: Frekwensieverspreiding t.o.v. Boland USSASA se rol**

BOLAND USSASA se rol	Frekwensie	%
Goed	0	0.00
Gemiddeld	3	50.00
Swak	2	33.33
Nie vraag beantwoord	1	16.67

Tabel 4.73 toon dat die helfte van die skoolhoofde voel dat Boland USSASSA 'n gemiddelde rol by die bevordering van skoolsport speel.

**Tabel 4.74: Frekwensieverspreiding t.o.v. siening oor die WKOD se rol**

WKOD se rol	Frekwensie	%
Belangrik	5	83.33
Onbelangrik	1	16.67

Tabel 4.74 toon dat die meeste skoolhoofde die WKOD se rol as baie belangrik ag in die bevordering van skoolsport.

**Tabel 4.75: Frekwensieverspreiding t.o.v. siening van die WKOD se rol in eie skool**

WKOD se rol	Frekwensie	%
Ja	2	33.33
Nee	4	66.67


Tabel 4.75 toon dat die meerderheid skoolhoofde voel dat die WKOD nie die leerders se deelname in skoolsport bevorder nie.

#### 4.5.7 Sportverslag 2005

Die volgende grafieke is geneem uit die 2005 Survey: Participation Patterns in Sport and Recreation Activities in South Africa (South Africa, 2005:4, 5, 8, 9, 11, 12, 19).


Die ooreenkomsste en verskille met die studie van die navorsers word onder elke tabel uitgelig.

**Tabel 4.76** Redes vir geen deelname (South Africa, 2005:5)



Tabel 4.76 toon aan dat die grootste faktore ouderdom en belangstelling is wat veroorsaak dat mense nie deelneem nie. Dit stem grootliks ooreen met Tabel 4.9. Verder is dit ook duidelik dat strukturele struikelblokke ook 'n groot rol speel by deelname. Vervoer is egter een aspek wat verskil met die studie in die opsig dat dit tydens die opname (2005:5) omtrent geen rol gespeel het nie. In die huidige ondersoek is dit egter duidelik dat vervoer 'n groot faktor in die landelike gebiede was (Tabelle 4.9 & 4.20).

**Tabel 4.77:** Motivering vir sportdeelname (South Africa, 2005:9)




Uit Tabel 4.77 is dit duidelik dat die skool die grootste faktor was as dit by die deelname aan sport kom. Om aktief te wees en met vriende deel te neem, is ook beduidende faktore.

Dit bewys ook dat die strukturele faktore soos gelys in Tabel 4.9 'n beduidende invloed op die deelnamevlakte van die leerders uitoefen. Sou dit aangespreek word, kan die aantal leerders wat

deelneem, vermeerder. Van die sterkste motiverings vir leerder sportdeelname, is die betrokkenheid van die ouer en/of die ondersteuning deur die huishouding aan die leerder (South Africa, 2005:19).

**Tabel 4.78: Het jou ouers aan sport deelgeneem ? (South Africa 2005:19)**



Ouers se deelname het 'n effek op leerders se deelname. Dit is uit hierdie studie duidelik dat blanke ouers (65%) die meeste aan sport deelgeneem het. Slegs 36% kleurlingouers het aan sport deelgeneem. Hierdie tabel toon dat ouers wat aan sport deelgeneem het, 'n groter belangstelling in sport sal hê en dus hul kinders meer sal aanmoedig om deel te neem. Die skole in die huidige ondersoek is almal kleurlingskole wie se ouers nie hul kinders genoegsaam aanmoedig en ondersteun om deel te neem nie (Tabel 4.19).

#### 4.6 Slotopmerking

In hierdie hoofstuk is die navorsingsmetodologie wat gebruik is om die probleem m.b.t. sportdeelname te identifiseer, bespreek. Belangrike fokuspunte sluit besprekings rondom die navorsingsvraag, navorsingsprobleem en die voor- en nadele van die gebruik van vraelyste soos in hierdie studie ondervind is in. Die aanbieding, ontleding en interpretasie van die data het ook aandag geniet.

Oor die algemeen het die data, soos verkry uit die vraelyste, groot ooreenkoms getoon met die literatuurondersoek. Enkele verskille het egter ook voorgekom, veral as daar na die deelname oor die land heen gekyk is. In hoofstuk 5 word die bevindinge en aanbevelings aangebied.

## **HOOFSTUK VYF**

### **BEVINDINGE EN AANBEVELINGS**

#### **5.1 Inleiding**

Die hoofdoel van hierdie navorsing was om vas te stel watter, indien enige, struikelblokke graad 7-leerders van landelike skole ervaar om aan sport deel te neem. Verder wou hierdie navorsing ook vasstel in watter mate leerders wel aan skoolsport blootgestel word en hoe effektief hul deelname aan georganiseerde sport in die skoolopset is.

In vorige hoofstukke is oor die literatuur gereflekteer en sekere struikelblokke wat wel ervaar kan word, uitgelig. Die ontwikkelingsaspek van die graad 7-leerder het ook aandag verdien ten einde te kan vasstel watter invloed dit op sy deelname uitoefen. Daar is ook aandag aan motiveringsteorieë en afrigtingsbeginsels gegee wat 'n direkte invloed op die afrigting, en dus effektiewe deelname, behoort te hê. In Hoofstuk 5 word die bevindinge bespreek, gevolgtrekkings/afleidings gemaak en aanbevelings gedoen wat leerders se effektiewe deelname aan georganiseerde skoolsport kan verhoog.

#### **5.2 Bevindinge**

Uit die vraelyste wat deur die leerders, onderwysers en skoolhoofde voltooi was, is die volgende bevind:

- dat sportdeelname in graad 7 'n afname toon (Tabel 4.10)
- dat spansporte wat baie deelnemers verg (rugby, sokker, en netbal) in die meeste skole aangebied word (Tabel 4.11)
- dat sport soms gedurende onderrigtyd (skoolure) beoefen word (Tabel 4.13)
- dat onderwysers grootliks verantwoordelik is om leerders van en na die oefeninge te besorg vervoer (Tabel 4.16)
- dat die onderwysers, uitgesluit die skoolhoofde, betreklik onervare is (Tabel 4.22) ten opsigte van algemene onderwys en sportafrigting
- dat die meeste onderwysers vroue is (Tabel 4.23), terwyl meer seuns as dogters aan sport deelneem (Tabel 4.3)

- dat byna alle onderwysers by sportafrigting betrek word (Tabel 4.24)
- dat baie onderwysers geen formele opleiding in afrigting het nie (Tabel 4.27 & 4.28)
- dat die meeste leerders net aan een sportsoort deelneem (Tabel 4.18)
- dat ouerondersteuning en aanmoediging swak is (Tabel 4.19)
- dat vervoer een van die grootste struikelblokke is (Tabel 4.20 & 4.59)
- dat die meeste skole nie oor voldoende geskikte oefengeriewe/fasilitete beskik nie (Tabel 4.34)
- dat die meeste skole ook nie oor genoegsame toerusting beskik om sport te kan beoefen nie (Tabel 4.35)
- dat die WKOD die grootste enkele finansiële bron vir skolesport in die skole is wat finansies betref
- dat die skole oor die algemeen ook minder as 10% van die totale skoolbegroting aan sport toeken (Tabelle 1.1 & 4.58).

### **5.3 Aanbevelings**

Die volgende aanbevelings kan deur skole geïmplementeer word om die afname in sportdeelname van graad 7-leerders teen te werk:

- Die keuse van watter sport by die skool aangebied word moet deeglik oor besin word. Leerdergetalle behoort in ag geneem te word wanneer oor spesifieke sportsoorte besluit word. Waar skole nie oor baie leerders beskik nie, kan sportsoorte wat minder deelnemers verg soos landloop en tafeltennis, wat meer op die individu fokus, beoefen word. Ook kan spansporte wat minder deelnemers verg, soos basketbal, ingestel word wat beide geslagte insluit. Aangesien die skole van die studie met dieselfde probleme gekonfronteer word, sal samewerking tussen die skole om die probleme aan te spreek meer suksesvol wees as wat skole op hul eie die probleme probeer aanspreek. Kleiner skole in 'n spesifieke geografiese gebied, soos die Wynlandomgewing van Wellington, kan bymekaar kom en saam op kodes besluit wat hul skole sal kan hanteer, sodat hulle hulself in sportligas vir die verskillende sportsoorte kan organiseer.
- Dat onderwysers (skoolhoofde ingesluit), formele opleiding wat deur die WKOD verskaf word, ontvang om afrigting te kan doen. Die feit dat die meeste onderwysers nie formele opleiding het om af te rig nie, speel 'n groot rol by die effektiewe hantering van die sportsoort by die skool en kan leerders se belangstelling vir die spesifieke sportsoort demp en later tot die

staking van deelname lei. Indien die afrigting op standaard is, sal dit tot beter prestasies lei en die motivering tot deelname verhoog. Die afrigter se kennis speel ook 'n groot rol by die voorkoming van beserings en kan veroorsaak dat belowende sportdeelnemers vroeg reeds deelname moet staak indien beserings opgedoen word. Korrekte afrigting speel hier dus 'n baie groot rol.

- Metodes moet gevind word om leerders se belangstelling in sport te bevorder. Dit is noodsaaklik dat die afrigter kennis sal dra oor hoe om leerders op hierdie vlak te motiveer. Deelname aan sport moet vir leerders aangenaam wees en die filosofie van sportafrigting by hierdie skole moet deelname en nie die wenmotief wees nie, want dit is nodig dat leerders sukses moet kan ervaar. Dit kan byvoorbeeld bereik word deur realistiese individuele- en spandoelstellings te stel. Hiervoor is 'n plan van aksie noodsaaklik sodat gedurig gemonitor kan word of vordering wel gemaak en die gestelde mikpunte bereik word. Hierdie aspek is in Hoofstuk 3 bespreek.
- 'n Aspek wat tot aangename en sinvolle afrigtingsessies sal lei, is 'n afrigter wat oor die nodige kennis van die sportsoort wat hy afrig, beskik. Dit het uit die studie geblyk dat die kennis van die afrigters nie voldoende is nie. 'n Kenner van sportsielkunde en afrigting kan voorligting gee en teoretiese sessies op 'n gereelde basis aanbied sodat die onderwysers se afrigtingsvaardighede kan verbeter. Nog moontlike oplossings vir die probleem, is om gereelde afrigtingskursusse te hou en 'n kundige t.o.v. die sportsoort die kursusse te laat lei. Die kursusse kan op gereelde basis plaasvind en nie net eenmalig nie. Geleenthede kan ook geskep word vir die afrigters om 'n goeie afrigter dop te hou wanneer hy afrig. Die tegnologie kan ook ingespan word deur byvoorbeeld na die regte tegnieke te kyk (videos, DVD's, foto's, ens.). 'n Verdere moontlike oplossing is om die Kaapse Skiereilandse Universiteit vir Tegnologie te kontak om studente te kry om spanne af te rig. 'n Korttermyn oplossing is om die leerders na die Universiteit te bring en die fasiliteite van die Universiteit te gebruik totdat die skole se fasiliteite opgegradeer is.
- Dat aansoek gedoen word dat die WKOD die fasiliteite wat vir die effektiewe aanbieding van sport in die skole benodig word, verskaf. Die skool kan ook probeer om vennootskappe met organisasies wat met sportvoorsiening gemoeid is, bv. plaaseienaars en ander rolspelers binne die skool se invloedsfeer, aan te gaan om sodoende fasiliteite wat geskik is vir die skool te bekom.
- Dat elke skool 'n sportbeleid opstel wat spesifieke doelwitte daarstel en uiteensit hoe hierdie doelwitte bereik kan word. Die prioriteite in terme van besteding moet ook duidelik daarin vervat word. Die begroting (die gedeelte beskikbaar vir sport) word dan dienooreenkomsdig opgestel en uitgevoer.

- Dit is ook belangrik dat ouers betrokke sal raak by hul kinders se sportdeelname. 'n Baie belangrike feit wat hier in gedagte gehou moet word, is dat die meeste ouers in hierdie studie plaaswerkers is en nie maklik tyd kan afkry nie. Die lang ure wat die ouers werk, moet verder ook deur die skool in gedagte gehou word. Metodes moet egter gevind word om ouerdeelname te verhoog, soos om die tyd van oefeninge en wedstryde sodanig aan te pas dat die meeste ouers dit wel sal kan bywoon. Wedstryde kan verkieslik oor naweke plaasvind om ouers die geleentheid te bied om dit by te woon. Hier moet wel gelet word op die onderwysers se tyd wat ook in beslag geneem word. Indien moontlik moet die verskillende kodes wat gespeel word, afgewissel word om seker te maak dat individuele onderwysers nie te veel betrek word nie. Prestasies van individue en/of spanne moet ook op 'n meer gereelde en duidelike manier met die ouers gekommunikeer word om die motivering en belangstelling van die ouers te verhoog. Skole in die Wynland kan byvoorbeeld toernooie reël en ouers uitnooi en hulle by die dag se organisasie betrek.

#### **5.4 Gebiede vir verdere navorsing:**

1. Die verband tussen kompeterende skoolsport en persoonlike ontwikkeling (karakterbou spesifiek).
2. Die verband tussen kompeterende skoolsport en akademiese prestasie.
3. Verbetering van fasiliteite by landelike skole.

#### **5.5 Slot**

Hierdie studie het op die afname in sportdeelname aan van graad 7-leerders in die Wellington-Wynlandomgewing gefokus. Dit is egter nie duidelik uit die studie of die afname net tot hierdie omgewing beperk is nie, maar die navorsing is van mening dat dit waarskynlik landswyd in landelike gebiede manifesteer. Die aantal leerders wat hierdeur geraak word en wie se sportpotensiaal vir die land verlore gaan, is dus soveel meer en die impak hiervan op die spesifieke gemeenskappe in terme van verlore rolmodelle, is ook soveel groter. Indien hierdie toedrag van sake met erns aangepak word, behoort die voordele van opheffings-potensiaal die land te baat. Gemeenskappe waar armoede en hopeloosheid gedy, kan dus gehelp word en in 'n meer positiewe rigting gestuur word. Wanneer hierdie tendens van afname dus aangespreek word, kan dit 'n onskatbare bydrae lewer om die lewens van hierdie kinders te verryk en tot hulle volle potensiaal te ontplooи.

## BIBLIOGRAFIE

- Abernethy, B., Hanrahan, S.J., Kippers, V., Mackinnon, L.T. & Pandy, M.G. 2005. *The Biophysical foundations of human movement* 2<sup>nd</sup> ed. Champaign, IL: Human Kinetics.
- Adolescents' Emotional Well-Being. *Adolescence*, 41(162): 369-387, Summer.
- Alderman, R.B. 1974. *Psychological behaviour in sport*. Philadelphia: W.B.Saunders.
- American Sport Education Program. 2001. *Coaching youth football*. Champaign, IL: Human Kinetics.
- Anon. 2001. Facts for families: children & watching TV. *American academy of child & adolescent psychiatry*, 54.(3), March. [http://www.aacap.org/cs/root/facts\\_for\\_families/children\\_and\\_watching\\_tv](http://www.aacap.org/cs/root/facts_for_families/children_and_watching_tv) [1 September 2010].
- Anon. 2005. Facts for families: children & sports. *American academy of child & adolescent psychiatry*, 61 (1), May [http://www.aacap.org/galleries/FactsForFamilies/61\\_children\\_and\\_sports.pdf](http://www.aacap.org/galleries/FactsForFamilies/61_children_and_sports.pdf) [20 September 2010].
- Anon. 2010. Nemours foundation. How TV affects your child. [http://kidshealth.org/parent/positive/family/tv\\_affects\\_child.html](http://kidshealth.org/parent/positive/family/tv_affects_child.html) [1 September 2010].
- Ansell, N. 2005. *Children, youth and development: Perspectives on development*. New York: Routledge.
- Anshel, M.H. 1994. *Sport psychology: From theory to practice*. 2<sup>nd</sup> ed. Arizona: Gorsuch Scarisbrick.
- Atkinson, J. W. 1974. The mainstream of achievement-orientated activity. In J. W. Atkinson & J. O. Raynor (Eds.), *Motivation and achievement* (pp. 13-41). New York: Halstead.
- Babbie, E. 2001. *The Practice of social research*. 9<sup>th</sup> ed. Belmont, CA: Wadsworth/Thomson.
- Bailey, R. 2006. Physical education and sport in schools: A Review of benefits and outcomes. *The Journal of school health*, 76(8):397-401, October.
- Bandura, A. 1997. *Self-efficacy: The exercise of control*. New York: NY Freeman.
- Baum, K. & Trubo, R. 1999. *The mental edge: Maximize your sports potential with the mind-body connection*. New York: Berkley.
- Bell, J. 2005. *Doing your research project: A guide for first-time researchers in education, health and social science*. 4<sup>th</sup> ed. New York: Open University Press.
- Bell, J. 2006. *Doing your Research Project: A Guide for first-time Researchers in Education, Health and Social Science*. 4<sup>th</sup> ed. Glasgow: Bell & Bain.
- Bentham, S. 2004. *A teaching assisstant's guide to child development and psychology in the classroom*. New York, NY: Routledge Falmer.
- Berger, K.S. 2006. *The developing person: Through childhood and adolescence*. New York, NY: Worth.
- Berk, L. 1993. *Infants, children and adolescents*. Needham Heights, MA: Allyn & Bacon.
- Berk, L. 1994. *Child development*. (3<sup>rd</sup> ed.) Needham heights MA: Allyn and Bacon.
- Best, S. 2010. *Leisure studies: Themes & perspectives*. London: SAGE.

- Bouchard, C., Blair, S.N. & Haskell, W.L. 2007. *Physical activity and health*. Champaign, IL: Human Kinetics.
- Brace, I. 2004. *Questionnaire design: How to plan, structure and write survey material for effective market research* (2<sup>nd</sup> ed.) London: Kogan Page.
- Brady, F. 1998. The role of physical activities throughout the lifespan: Implications for counselors and teachers. *Journal of humanistic education & development*, 36(4): 234-247, June.
- Bukatko, D. & Daehler, M.W. 2004. *Child development: A thematic approach* (5<sup>th</sup> ed.) Boston, MA: Houghton Mifflin.
- Burrell, E. 1982. Anthropometric and psychological characteristics of top class competitive swimmers. Ongepubliseerde M.Ed. - tesis, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.
- Burton, D. & Raedeke, T.D. 2008. *Sport psychology for coaches*. Champaign, IL: Human Kinetics.
- Cheatum, B.A. & Hammond, A.A. 2000. *Physical activities for improving children's learning and behavior. A guide to sensory motor development*. Champaign IL: Human Kinetics.
- Coatsworth, F.D. & Conroy, D.E. 2007. Youth sport as a component of organized afterschool programs. *New directions for youth development*, 115: 57-70, Fall.
- Coetzee, Z., Coetzee, M. & Botha, K. 2004. Struikelblokke met betrekking tot jeugsportdeelname. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir navorsing in sport, liggaamlike opvoedkunde en ontpansing*, 26(2): 1-15.
- Cole, M., Cole, S. & Lightfoot, C. 2005. *The development of children* (5<sup>th</sup> ed.) New York, NY: Worth.
- Dacey, J. & Kenny, M. 1997. *Adolescent development* 2<sup>nd</sup> ed. Dubuque, Iowa: Brown & Benchmark.
- Deci, E. 1972. "Intrinsic motivation, extrinsic reinforcement, and inequity", *Journal of personality and social psychology*, 22(1): 113-120.
- Donald, D., Lazarus, S. & Lolwana, P. 2002. *Educational psychology in social context*. ( 2<sup>nd</sup> ed.). Cape Town: Oxford University Press.
- Erikson, E.H. 1963. *Childhood and society* (2<sup>nd</sup> ed.) New York , NY: Norton.
- Erikson, E.H. 1968. *Identity: Youth and crisis*. New York , NY: Norton.
- Erikson, E.H. 1977. *Childhood and society*. New York, NY: Norton.
- Fleming, T.M. & Bunting, L. 2007. *PE connections: Helping kids succeed through physical activity*. Champaign, IL: Human Kinetics.
- Floet, A.M.W. 2006. *Motor skills disorder*. <http://www.emedicine.com/ped/topic2640.htm>. [12 Desember 2006].
- Fonagy, P., Gegely, G., Jurist, E. & Target, M. 2002. *Affect regulation,mentalization and the development of the self*. New York, New York: Other Press.
- Fountain, S & Gee, L. 1997. *PE to 16*. Qxford university Press: Oxford.
- Ganong, W.F. 1995. *Review of medical physiology*. 17<sup>th</sup> revised ed. London: Prentice-Hall.
- Gill, D.L. & Williams, L. 2008. *Psychological dynamics of sport and exercise*. 3<sup>rd</sup> ed. Champaign, IL: Human Kinetics.

- Gillham, B. 2000. *Developing a questionnaire*. London: CPI Bath.
- Gouws, E., Kruger, N & Burger, S. 2000. *The adolescent*. Sandown, South Africa: Heinemann.
- Harwood, R., Miller, S. & Vasta, R. 2008. *Child psychology. Development in a changing society*. (5<sup>th</sup> ed.) New Jersey: John Wiley.
- Herbert, M. 2002. *Social and antisocial development*. London: Blackwell.
- Hill, G.M. & Turner, B. 2007. A Checklist to promote physical activity and fitness in K-12 physical education programs. *Journal of physical education, recreation & Dance*, 78(9):14-18, 36-37, Nov/Dec.
- Jordaan, E. 2006. Motoriese Ontwikkeling en die proprioseptiewe sisteem. (Ongepubliseerde MBK-kursusmateriaal). Wellington: Kaapse Skiereilandse Universiteit vir Tegnologie, Wellington-kampus.
- Jordaan, E. 2007a. Afrigting in die laerskool. (Ongepubliseerde MBK-kursusmateriaal). Wellington: Kaapse Skiereilandse Universiteit vir Tegnologie, Wellington-kampus.
- Jordaan, E. 2007b. Motivering. (Ongepubliseerde MBK-kursusmateriaal). Wellington: Kaapse Skiereilandse Universiteit vir Tegnologie, Wellington-kampus.
- Jordaan E, 2008. Sportafrigting. (Ongepubliseerde MBK-kursusmateriaal). Wellington: Kaapse Skiereilandse Universiteit vir Tegnologie, Wellington-kampus.
- Kosslyn, S.M. & Rosenberg, R.S. 2005. *Fundamentals of psychology: The brain, the person, the world*. (2<sup>nd</sup> ed.). Boston, MA: Pearson Education.
- Krüger, E. 2002. Die invloed van motoriese fundamentele vaardighedsprogram op die fisieke en kognitiewe ontwikkeling van die Graad 1 kind. D.Phil-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- Lavallee, D., Williams, J.M. & Jones, M.V. 2008. *Key studies in sport and exercise psychology*. Maidenhead: McGraw-Hill.
- Le Menestrel, S. & Perkins, D.F. 2007. Blending traditional youth sports programs into a positive youth development framework is an increasingly popular and needed approach: An Overview of how sports, out-of-school time, and youth well-being can and do intersect. *New Directions for Youth Development*, 115: 13-24, Fall.
- Lee, M.J. 1999. *Coaching children in sport: Principles and practice*. London: Spon Press.
- Lefrançois, G.R. 1995. *Of children: An introduction to child development*. (8<sup>th</sup> ed.). Belmont, CA: Wadsworth.
- Louw, D. & Louw, A. 2007. *Die ontwikkeling van die kind en adolescent*. Bloemfontein: Psychology Publications.
- Louw, D.A. 1998. *Menslike ontwikkeling*. Pretoria: Kagiso.
- Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1998. *Menslike ontwikkeling* (3<sup>de</sup> uitg.) Kaapstad: Kagiso.
- Lyle, J. 2002. *Sports coaching concepts: A Framework for coaches' behaviour*. London: Routledge.
- Mackensie, B. 2010. The 9 key elements of fitness. Canada: Sportscoach Brainmac.  
<http://www.pponline.co.uk/books/the-9-key-elements-of-fitness> [ 22 September 2010].

- Matthews, D.K., Fox, E.L. & Close, N.A. 1976. *The physiological basis of physical education and athletica*. Philadelphia: Saunders.
- Miller, T.W. (Ed.). 1998. *Children of trauma: Stressful life events and their effects on children and adolescents*. Madison, Conn: International University Press.
- Minett, P. 1989. *Child care & development*. 2<sup>nd</sup> ed. Great Britain, London: Murray.
- Murray-Slutsky, C. & Paris, B.A. 2000. *Exploring the spectrum of autism and pervasive development disorder Tucson, Arizona (sine loco)*: Therapy Skill Builders.
- Nel, J.A.P. 1997. Motoriese Ontwikkeling. [Ongepubliseerde Kursusmateriaal]. Bellville: Tygerberg Kollege.
- Nel, J.A.P. 1999a. Kinderkinetika: Bewegingsontwikkeling, -leer, -beheer en rehabilitasie. (Ongepubliseerde kursusmateriaal). Bellville: Tygerberg Kollege.
- Nel, J. 2001b. Kinderkinetika II. Motoriek is die liggaamlike meganiese funksionering om 'n beweging uit te voer. Die Ontwikkeling en verfyning van die leerder se fisieke, motoriese, bewegings en perseptuele vermoëns tot suksesvolle deelname aan sport, rekreasie en spelevaardighede. Motoriek is die basis van beweging, want dit omsluit die hoe en die wat van beweging. [Ongepubliseerde kursusmateriaal]. Wellington: Kaapse Skiereilandse Universiteit vir Tegnologie, Wellington-kampus.
- Nel, J.A.P., 2001c. Sportwetenskap. Motoriese ontwikkelingsprogramme vir 6 tot 18jariges. (Ongepubliseerde kursusmateriaal). Wellington: Kaapse Skiereilandse Universiteit vir Tegnologie, Wellington-kampus.
- Ormrod, J.E. 2006. *Educational psychology: Developing learners*. (5<sup>th</sup> ed). Upper Saddle River , New Jersey. River: Merrill.
- Pangrazi, R.P., 2004. *Dynamic physical education for elementary children*. (14<sup>th</sup> ed.) San Francisco, CA: Pearson.
- Pickles, T. 2010. *The training philosophy of ASC*. Australian sports conditioning. Merging science & sport. <http://www.australiantsconditioning.com/articles/?article21/the-training-philosophy-of-asc> [22 September 2010].
- Pieterse, M. 1991. The effect of achievement pressure of organised sport on the primary school child. Unpublished M.Ed. - thesis, , Port Elizabeth: Universiteit van Port Elizabeth.
- Potgieter, J.R. 1997. *Sportsielkunde: Teorie en praktyk, instituut vir sport- en bewegingstudie*. Stellenbosch. Universiteit van Stellenbosch.
- Reiss, S. 2004. "Multifaceted nature of intrinsic motivation: The theory of 16 basic desires", *Review of general psychology* 8 (3): 179–193.
- Roberts C. D. (Ed.). 1979. *Psychology of motor behaviour and sport*. Champaign, IL: Human Kinetics.
- Rogal, A.D., Clark, P.A. & Roemmich, J.N. 2000. Growth and pubertal development in children and adolescents : Effects of diet and physical activity. *American journal of clinical nutrition*, 72(2): 521-528, August.
- Sandford, R.A., Armour, K.M. & Warmington, P.C. 2006. Re-engaging disaffected youth through physical activity programmes. *British educational research journal*, 32(2): 251-271, April.

- Shields, D., & Bredemeier, B. 2010. Competition: Was Kohn right ? *Phi delta Kappan*, 91(5), 62-68. 2<sup>nd</sup> ed. Baltimore, Maryland: Lippencott Williams & Wilkins.
- Smith, A. 2010. *Regering maak uiteindelik 'n plan met skolesport vir almal. Die Burger*: 2, Mei 8.
- South Africa. 1996a. *South African School's Act*, No. 84 of 1996. Pretoria: Government Printer.
- South Africa. 1996b. *South African Constitution*. Act no. 108 of 1996. Pretoria: Government Printer.
- South Africa. Department of Sport and Recreation. 2005. *Participation patterns in sport and recreation activities in South Africa. 2005 Survey*. Pretoria: Government Printer.
- South Africa. Department of Basic Education. 2007. *Report to the minister of education. Ministerial committee on schools that work*. Pretoria: Government Printer.
- South Africa. 2010b. Department of Basic Education and Sport and Recreation. 4 March 2010a. *Draft school sport policy for schools in South Africa*. Pretoria: Government Printer.
- South Africa. Department of Basic Education and Sport and Recreation. 17 March 2010b. *Draft guidelines for the establishment of the school sport structure*. Pretoria: Government Printer.
- South Africa. 2005. Department of Sport and Recreation. 17 March 2010 *Sport and recreation South Africa Mandate*. Pretoria: Government Printer.
- Stover, D. 1988. Keeping school sports in perspective: *The education digest, Proquest education journals*, 4:54–58, December.
- Thomas, J.R. (ed.). 1984. *Physical growth and maturation. Motor development during childhood and adolescence*. Minneapolis: Burgess.
- Van Den Auweele, Y., Bakker, F., Biddle, S., Durand, M. & Seiler, R. 1999. *Psychology for physical educators*, Champaign, IL: Human Kinetics.
- Van Schalkwyk, S. 2005. The importance of moral development in adolescents. Ongepubliseerde M.Ed. – tesis. Utrecht: Universiteit van Utrecht.
- Viljoen, M.M. 2009. *Die invloed van 'n motoriekprogram op die leespeil van graad 2-leerders*. Ongepubliseerde M.Ed. – tesis, Wellington: Kaapse Skiereilandse Universiteit vir Tegnologie.
- Wesson, K., Wiggins-James, N., Thompson, G. & Hartigan, S. 2005. *Sport and PE: A complete guide to advanced level study*. (3<sup>rd</sup> ed.). London: Hodder Arnold.
- Youth Sport Trust. 2001. *The young athlete's Handbook*. Champaign, IL: Human Kinetics.

## **BYLAE A: AANSOEKBRIEF AAN WKOD VIR TOESTEMMING OM NAVORSING IN SKOLE TE DOEN**

A.P. Fortuin  
Dombasstraat 68  
**PAARL**  
7646

Tel Nr. 021-8622872 (h)  
022-4857101 (w)  
082 974 292 (sel)  
[adamfortuin@absamail.co.za](mailto:adamfortuin@absamail.co.za)

05 Mei 2009

Dr. R. Cornelissen  
Direktoraat: Opvoedkunde Navorsing  
WesKaap Onderwys Departement  
Privaatsak X 9114  
**KAAPSTAD**  
8000

Geagte Heer

### **Insake: Toestemming vir navorsing**

Ek is tans 'n geregistreerde student vir die M.Ed.-graad aan die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie. My studie vereis dat ek navorsing in skole moet doen.

Die titel van my navorsing is: **Die probleme wat graad 7- leerders van landelike skole ervaar met sportdeelname.**

Die volgende groepe sal deur die navorsing ingesluit word om die vraelyste te voltooi:

- Graad 7-leerders van landelike skole
- Opvoeders van landelike skole
- Skoolhoofde van landelike skole

Die voorgestelde tydperk van navorsing is in die tweede- tot derde kwartaal 2009 (Mei tot Julie). Ek wil graag toestemming verkry om bogenoemde navorsing gedurende hierdie tydperk te doen. Die inligting wat verkry sal word, sal slegs vir my studiedoeleindes gebruik word. Die voltooide navorsingsverslag sal aan die WKOD beskikbaar gestel word.

Ek sluit die vraelyste in wat deur leerders, opvoeders en skoolhoofde voltooi sal word.

Ek vra u toestemming om die navorsing in die volgende skole te kan doen: XXXX

By voorbaat dank

**A.P.Fortuin**

**Studentenommer: 203091019**

(NB. Ek stuur die oorspronklik getekende brief asook die vraelyste per pos aan u.)

## BYLAE B: TOESTEMMINGSBRIEF ONTVANG VAN DIE WKOD

Navracs  
Enquiries  
IMibuzo  
Telefoon  
Telephone  
IFoni  
Faks  
Fax  
IFeksi

Dr RS Cornelissen  
(021) 467-2286  
(021) 425-7445

Verwysing  
Reference  
ISalathiso

20090710-0073



Wes-Kaap Onderwysdepartement  
Western Cape Education Department  
ISebe leMfundu leNtshona Koloni

Mnr A. Fortuin  
Dombasstraat 68  
PAARL  
7646

Geagte mnr A. Fortuin

**NAVORSINGSVOORSTEL: DIE PROBLEME WAT GRAAD 7-LEERDERS VAN LANDELIKE SKOLE ERVAAR MET SPORTDEELNAME.**

U aansoek om bogenoemde navorsing in skole in die Wes-Kaap te onderneem, is toegestaan onderhewig aan die volgende voorwaardes:

1. Prinsipale, opvoeders en leerders is onder geen verpligting om u in u ondersoek by te staan nie.
2. Prinsipale, opvoeders, leerders en skole mag nie op enige manier herkenbaar wees uit die uitslag van die ondersoek nie.
3. U moet al die reellings met betrekking tot u ondersoek self tref.
4. Opvoeders se programme mag nie onderbreek word nie.
5. Die ondersoek moet onderneem word vanaf **20 Julie 2009 tot 30 September 2009**.
6. Geen navorsing mag gedurende die vierde kwartaal onderneem word nie omdat skole leerders op die eksamen (Oktober tot Desember) voorberei.
7. Indien u die tydperk van u ondersoek wil verleng, moet u asb met dr R Cornelissen in verbinding tree by die nommer soos hierbo aangedui, en die verwysingsnommer aanhaal.
8. 'n Fotostaat van hierdie brief sal oorhandig word aan die prinsipaal van die inrigting waar die beoogde navorsing sal plaasvind.
9. U navorsing sal beperk wees tot die lys van skole soos wat by die Wes-Kaap Onderwysdepartement ingedien is.
10. 'n Kort opsomming van die inhoud, bevindinge en aanbevelings van u navorsing moet voorsien word aan die Direkteur: Onderwysnavorsing.
11. 'n Afskrif van die voltooide navorsingsdokument moet ingedien word by:

Die Direkteur: Navorsingsdienste  
Wes-Kaap Onderwysdepartement  
Privaatsak X9114  
KAAPSTAD  
8000

Ons wens u sukses toe met u navorsing.

Die uwe

Geteken: Ronald S Cornelissen  
vir: **HOOF: ONDERWYS**  
**DATUM: 20 Julie 2009**

MELD ASSEBLIEF VERWYSINGSNOMMERS IN ALLE KORRESPONDENSIE / PLEASE QUOTE REFERENCE NUMBERS IN ALL CORRESPONDENCE /  
NCEDA UBHALE INOMBOLO ZESALATHISO KUYO YONKE IMBALELWANO

GRAND CENTRAL TOWERS, LAER-PARLEMENTSTRAAT, PRIVAATSAK X9114, KAAPSTAD 8000  
GRAND CENTRAL TOWERS, LOWER PARLIAMENT STREET, PRIVATE BAG X9114, CAPE TOWN 8000

WEB: <http://wced.wcape.gov.za>

**INBELSENTRUM /CALL CENTRE**

INDIENSNEMING- EN SALARISNAVRAE/EMPLOYMENT AND SALARY QUERIES **0861 92 33 22**  
VEILIGE SKOLE/SAFE SCHOOLS **0800 45 46 47**

## **BYLAE C: AANSOEKBRIEF AAN DIE SKOOLBEHEERLIGGAAM**

A.P. Fortuin

Dombasstraat 68

PAARL

7646

Tel Nr. 021-8622872 (h)

022-485-7101 (w)

082 974 2992 (sel)

adamfortuin@absamail.co.za

22 Julie 2009

Die Voorsitter  
SkoolBeheerliggaam  
Skool X

Geagte Heer

### **Insake: Navorsing m.b.t. Gr.7 leerders van landelike skole se sportdeelname**

Ek, **Adam Fortuin**, is tans 'n geregistreerde student vir die M.Ed-graad aan die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie. My studente nommer is: **203091019**, my studie vereis dat ek navorsing in skole doen, daarom nader ek u vriendelik om toestemming, om navorsing in u skool te kan doen. Ek het reeds toestemming vanaf die WKOD ontvang en ek sluit 'n afskrif van die toestemmings brief vir u in. Skoolhoofde, opvoeders en leerders sal op geen manier herkenbaar wees in die uitslag van die ondersoek nie.

Die volgende groepe sal deur die navorsing ingesluit word om die vraelyste te voltooi:

- Alle Graad 7-leerders van u skool
- Alle Opvoeders van u skool
- U as Skoolhoof

Instruksies by die voltooiing van die vraelyste:

- Alle vrae word op 'n vrywillige basis beantwoord.
- By sommige vrae mag u meer as een blokkie aftik as deel van u antwoord.
- U eie diskresie by die beantwoording van 'n vraag is baie belangrik.

Ek hoop van harte dat ek op u heelhartige samewerking kan staatmaak ten einde ook 'n verskil in ons leerders se lewens te kan maak.

By voorbaat dank

**A.P. Fortuin**

## **BYLAE D: VRAELEYS LEERDERS**

### **Vraeleys**

**Graad 7-leerders**

**Baie dankie dat julle die vraeleys voltooi**

**Instruksies: Merk met n X die antwoord van jou keuse in die toepaslike blokkie.**

1. Wat is jou ouderdom? [Kies slegs EEN]

11 jaar	
12 jaar	
13 jaar	
14 jaar	
15 +jaar	

2. Watter geslag is jy? [Kies slegs EEN]

Seun	
Dogter	

3. Hoeveel tyd spandeer jy per dag aan televisie kyk? [Kies slegs EEN]

Minder as 1 uur	
1 uur	
2 uur	
Meer as 2 uur	

4. Indien jy gereeld televisie kyk van watter tipe programme hou jy die meeste om na te kyk? [Kies slegs EEN]

Drama	
Sport	
Dokumentêr	
Realiteits programme	

5. Neem jy aan sport deel? [Kies slegs EEN]

Ja	
Nee	

6. Indien ja, aan watter sport neem jy deel? [Jy mag MEER as een kies]

Rugby	
Netbal	
Hokkie	
Sokker	
Krieket	
Vlugbal	
Tafeltennis	
Landlope	
Basketbal	
Atletiek	
Skaak	
Ander: Dui Aan	

7. Indien jy nie nou aan sport deelneem nie, het jy voorheen al aan sport deelgeneem? [Kies slegs EEN]

Ja	
Nee	

8. Indien ja, hoekom het jy opgehou met sport? Motiveer asb.

---

---

9. In watter van die volgende grade het jy aan sport deelgeneem? [Jy mag MEER as een kies]

Graad 1	
Graad 2	
Graad 3	
Graad 4	
Graad 5	
Graad 6	
Graad 7	

10. Kies die drie sportsoorte wat jy die meeste geniet om aan deel te neem? [Jy mag MEER as een kies]

Rugby	
Netball	
Hokkie	
Sokker	
Krieket	
Vlugbal	
Tafeltennis	
Landlope	
Basketball	
Atletiek	
Skaak	
Ander: Dui Aan	

11.Watter dae oefen jy? [Jy mag MEER as een kies]

Maandae	
Dinsdae	
Woensdae	
Donderdae	
Vrydae	
Saterdae	
Sondae	

12.Hoe laat vind oefeninge wat deur die skool gereël word gewoonlik plaas? [Jy mag MEER as een kies]

Tydens skoolure	
Vanaf 2 uur	
Vanaf 3 uur	
Vanaf 4 uur	

13.Hoe lank is die oefeninge wat deur die skool gereël word gewoonlik? [Kies Slegs EEN]

Minder as 1uur	
1uur	
2 uur	
Meer as 2 uur	

14.Hoe kom jy by die oefeninge? [Kies slegs EEN]

Loop	
Ry	

15.Wie sorg dat jy by die oefeninge wat deur die skool gereël word kan uitkom? [Jy mag MEER as een kies]

Jy self	
Jou ouers	
Ander mense	

16.Op watter dae vind wedstryde plaas? [Jy mag MEER as een kies]

Maandae	
Dinsdae	
Woensdae	
Donderdae	
Vrydae	
Saterdae	
Sondae	

17.Aan hoeveel sportsoorte neem jy deel? [Kies slegs EEN]

1 sportsoort	
2 sportsoorte	
3 sportsoorte	
4 sportsoorte	

18.Woon jou ouers/voog jou wedstryde by? [Kies slegs EEN]

Ja	
Nee	
Soms	

19.Wat maak dit vir jou moeilik om aan sport deel te neem? [Jy mag MEER as een kies]

Geld	
Vervoer na oefeninge	
Vervoer na wedstryde	
Ouers weier dat jy deelneem	
Skool neem nie deel	
Toerusting	
Fasilitete	
Afstand	

20.Het jy 'n Sportheld?

Ja	
Nee	

**Baie dankie dat jy die vraelys voltooi het.**

## BYLAE E: VRAEYLES ONDERWYSERS

**Vraeleys  
Onderwysers  
Baie dankie dat u die vraeleys voltooi**

1. Hoe lank hou u al skool?

0 – 5 jr	6 – 10 jr	11 – 15 jr	16 – 20 jr	21 – 25 jr	26 – 30 jr	35+ jaar

2. Wat is u geslag?

Manlik	
Vroulik	

3. Wat is u betrokkenheid by sport? [U mag MEER as een kies]

Geen	
Afrigting	
Skeidsregter	
Toesighouding	
Tellinghouer	
Vervoer van leerders	
Finansies	
Ondersteuning	
Administratief	
Ander: Dui Aan	

4. Hoe lank is u al betrokke by skolesport? [U volle loopbaan het betrekking]

0 – 5 jr	6 – 10 jr	11 – 15 jr	16 – 20 jr	21 – 25 jr	26 + jr

5. Hoe lank is u al by sportafrigting in skole betrokke? [U volle loopbaan het betrekking]

0 – 5 jr	6 – 10 jr	11 – 15 jr	16 – 20 jr	21 – 25 jr	26 + jr

6. Voel u u het genoegsame kennis om 'n sportsoort af te rig?

Ja	
Nee	

7. Het u formele opleiding gekry om afrigting te kan doen?

Ja	
Nee	

8. Is u hoofsaaklik betrokke by seuns of dogters se sport? [Huidige skool het betrekking]

Seuns	
Dogters	

9. Watter geslag van leerders is volgens u die meeste by sport betrokke?

Seuns	
Dogters	

10. Moet leerders betaal om aan sport deel te neem? [Huidige skool het betrekking]

Ja	
Nee	

11. Verskaf die skool alles wat nodig is om die sport te beoefen? [Huidige skool het betrekking]

Ja	
Nee	
Soms	

12. Moet die leerders ekstra betaal vir vervoer na wedstryde? [Huidige skool het betrekking]

Ja	
Nee	
Soms	

13. Het die skool gesikte oefengeriewe? [Huidige skool het betrekking]

Ja	
Nee	

14. Is daar genoeg toerusting vir almal wat die sport beoefen? [Huidige skool het betrekking]

Ja	
Nee	

15. Watter sportsoorte trek die meeste deelnemers?

Winter sportsoorte	
Somer sportsoorte	

16. Op watter dae vind oefeninge plaas?

Maandae	
Dinsdae	
Woensdae	
Donderdae	
Vrydae	
Saterdae	
Sondae	

17. Is die finansiële toekenning aan sport voldoende? [Huidige skool het betrekking]

Ja	
Nee	

18. Dink u die tyd wat afgestaan word aan sport is genoegsaam? [Huidige skool het betrekking]

Ja	
Nee	

19. Dink u die sport vind op gesikte tye plaas? [Huidige skool het betrekking]

Ja	
Nee	

20. Hoe sou u ouerbetrokkenheid by sport beskryf? [Huidige skool het betrekking]

Goed	
Gemiddeld	
Swak	

21. Is die betrokkenheid van die SBS by sport bedrywighede voldoende? [Huidige skool het betrekking]

Ja	
Nee	
Soms	

22. Hoe sou u Boland USSASA se rol in die bevordering van leerders se sportdeelname beskryf?

Goed	
Gemiddeld	
Swak	

23. Wat dink u is die WesKaap Onderwys Departement se rol in die bevordering van leerders se deelname by sport?

Belangrik	
Onbelangrik	

24. Bevorder die WesKaap Onderwysdepartement sportdeelname by leerders in u skool?

JA	
NEE	

---

**Baie dankie dat u die vraelys voltooi het**

## BYLAE F: VRAELEYS SKOOLHOOFDE

**Vraelys  
Skoolhoofde  
Baie dankie dat u die vraelys voltooi**

1. Hoe lank hou u al skool?

0 – 5 jr	6 – 10 jr	11 – 15 jr	16 – 20 jr	21 – 25 jr	26 – 30 jr	35+ jaar

2. Hoe lank is u al skoolhoof?

0 – 5 jr	6 – 10 jr	11 – 15 jr	16 – 20 jr	21 – 25 jr	26 – 30 jr	35+ jaar

3. Wat is u geslag?

Manlik	
Vroulik	

4. Rig u sport af?

Ja	
Nee	

5. Maak u skool van onderwysers gebruik vir sportafrigting?

Ja	
Nee	

6. Wat is u betrokkenheid by sport? [U mag MEER as een kies]

Geen	
Afrigting	
Skeidsrechter	
Toesighouding	
Tellinghouer	
Vervoer van leerders	
Finansies	
Ondersteuning	
Administratief	
Ander	

7. Hoe lank is u al betrokke by skolesport? [U volle loopbaan het betrekking]

0 – 5 jr	6 – 10 jr	11 – 15 jr	16 – 20 jr	21 – 25 jr	26 + jr

8. Hoe lank is u al by skolesportafrigting betrokke? [U volle loopbaan het betrekking]

0 – 5 jr	6 – 10 jr	11 – 15 jr	16 – 20 jr	21 – 25 jr	26 + jr

9. Voel u u het genoegsame kennis om 'n sportsoort af te rig?

Ja	
Nee	

10. Het u formele opleiding gekry om afrigting te kan doen?

Ja	
Nee	

11. Maak u skool jaarliks voorsiening vir sport in u begroting?

Ja	
Nee	

12. Wie/Wat is die bron/ne van hierdie toekenning?

WKOD	
Owers	
Donateurs	
Ander	

13. Hoeveel % van u totale begroting word aan sport toegeken?

0 – 10 %	11 – 20 %	21 – 30%	31 – 40%	41 – 50%	50 + %

14. Watter uitgawes t.o.v. sport word hoofsaaklik hierdeur gedek?

Vervoer	
Kleredrag	
Affiliasie	
Onderhoud van fasiliteite	
Toerusting	
Ander	

15. Moet leerders betaal om aan sport deel te neem?

Ja	
Nee	
Soms	

16. Waarvoor moet die leerders 'n finansiële bydrae t.o.v. sport maak?

Vervoer	
Kleredrag	
Affiliasie	
Onderhoud van fasiliteite	
Toerusting	
Ander	

17. Verskaf die skool alles wat nodig is om die sport te beoefen?

Ja	
Nee	
Soms	

18. Moet die leerders ekstra betaal vir vervoer na wedstryde?

Ja	
Nee	
Soms	

19. Het die skool geskikte oefengeriewe?

Ja	
Nee	

20. Is daar genoeg toerusting vir almal wat die sport beoefen?

Ja	
Nee	

21. Wie moet volgens u die verantwoordelikheid dra vir die befondsing van skoolsport?

WKOD	
Ouers	
Donateurs	
Ander	

22. Watter sportsoorte trek die meeste deelnemers?

Wintersportsoorte	
Somersportsoorte	

23. Is die finansiële toekenning aan die volgende sportsoorte voldoende?

Sportsoort	Ja	Nee
rugby		
netbal		
hokkie		
sokker		
krieket		
vlugbal		
tafeltennis		
landlope		
basketbal		
atletiek		
skaak		
ander		

24. Dink u die tyd wat afgestaan word aan sport is genoegsaam?

Ja	
Nee	

25. Dink u die sport vind op gesikte tye plaas?

Ja	
Nee	

26. Is die ouers betrokke by sport?

Ja	
Nee	

27. Is die betrokkenheid van die SBS by sportbedrywighede voldoende?

Ja	
Nee	

28. Hoe sou u Boland USSASSA se rol in die bevordering van leerders se sportdeelname beskryf?

Goed	
Gemiddeld	
Swak	

29. Wat dink u is die WesKaap Onderwys Departement se rol in die bevordering van leerders se deelname by sport?

Belangrik	
Onbelangrik	

30. Bevorder die WesKaap Onderwysdepartement sportdeelname by leerders in u skool?

JA	
NEE	

31. Hoe dink u kan Graad 7-leerders se sportdeelname by u skool verbeter word.

---

---

**Baie dankie dat u die vraelys voltooi het**